UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ZAPR 968:153
578 970
Ja, Gæd

# DIE INVLOED VAN DIE VADER SE AFSTERWE OP DIE ONAFHANKLIKHEIDSTREWE VAN DIE SEUN IN PUBERTEIT

deur

JOHANNA ELIZABETH MARGARETHA COETZEE

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die
vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte,
Universiteit van Pretoria

Pretoria Oktober 1978

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BEDANKINGS

My opregte dank en waardering aan:

1 Dokter J.P. Pick vir sy insiggewende leiding en eindelose geduld.

2 Die seuns en hulle moeders oor wie daar in hierdie verhandeling gerapporteer is.

3 Mev. H. Stoffberg wie die tikwerk behartig het.

4 My man en my ouers vir hulle liefdevolle ondersteuning en begrip.

Vir my man en my ouers

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Whether the bereaved is young or old, rich or poor, to lose another with whom his feelings are closely linked is to suffer emotional disruption."

(P. Marris, 1958 ix)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 1 : INLEIDING 1

HOOFSTUK 2 : DIE ROL VAN DIE VADER IN DIE ONTWIKKELING VAN SY SEUN 4

1. Inleiding 4
2. Geslagsrolontwikkeling by die seun 8

2.1. Inleiding 8
2.2. Persoonlikheidseienskappy en optrede van die vader 11

2.2.1. Vaderlike dominansie 12
2.2.2. Affeksionele versorging deur die vader 15
2.2.3. Die vader se manlikheid 18
2.2.4. Besorgdheid oor toepaslike geslagsrol-gedrag 20

3. Persoonlike en sosiale aanpassing van die seun 23

4. Die seun se kognitiewe ontwikkeling 32

5. Morele ontwikkeling by die seun 37

HOOFSTUK 3 : PUBERTEIT EN DIE AFWESIGE VADER 43

1. Puberteit 43
2. Die invloed van die vader se afwesigheid 56

2.1. Reaksiewyses wat volg op die vader se afwesigheid 57
2.2. Die invloed op die seun se geslagsrolontwikkeling 61
2.3. Die invloed op die persoonlike en sosiale aanpassing van die seun 64
2.4. Die invloed op die seun se kognitiewe ontwikkeling 67
2.5. Die invloed op die morele ontwikkeling van die seun 68
2.6. Die uitwerking op die moeder se houding en funksionering 70

3. Plaasvervangende modelle 73

HOOFSTUK 4 : DIE ONDERSOEK 76

1. Die Gevallestudies 76

1.1. Inleiding 76
1.2. Gevallestudie A 78

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1.3. Gevallestudie B 97
1.4. Gevallestudie C 112
1.5. Gevallestudie D 130

2. Integrasie van die Gevallestudies 147

HOOFSTUK 5 : SAMEVATTING VAN DIE ONDERSOEK 151

BIBLIOGRAFIE

SAMEVATTING

SUMMARY

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die rolle wat vaders en moeders onderskeidelik in hul kinders se lewens speel is kwalitatief verskillend. Die fisiologiese en psigologiese samestelling van 'n vader en moeder verskil, en die kultuur ken ook onderskeie rolle aan elke ouer toe. Binne elke ontwikkelingsfase benodig die kind die eiesoortige ondersteuning van 'n vader en 'n moeder, wie hom kan bystaan om die ontwikkelingstake van die betrokke fase suksesvol te voltooi. Indien die kind een van sy ouers ontbeer, gaan hy mank aan die spesifieke invloed wat die betrokke ouer in 'n kind se opvoeding uitoefen. Dit sal dus verbasend wees indien die afwesigheid van 'n ouer geen uitwerking het op die ontwikkeling van die kind nie.

In die verlede is die moeder as die belangrikste ouer in die kind se lewe beskou en navorsing met betrekking tot die ouer-kind verhouding het veral gefokus op die invloed wat sy op haar kind uitoefen. Navorsing wat hoofsaaklik gedurende die afgelope twee dekades uitgevoer is, het egter getoon dat die vader minstens net so 'n belangrike figuur as die moeder in die kind se lewe is, en dat hy groot invloed uitoefen op sy kind se ontwikkeling.

Puberteit is die ontwikkelingsfase waartydens die seun fisiologiese volwassenheid bereik en sy geslagsidentiteit voltooiing nader. Die identifikasie met die vader word nou voltooi en die ontplooiing van 'n eie identiteit begin in aanvang neem. Hierdie veranderinge stimuleer die seun se belangstelling in die verskille tussen die geslagte, en hy soek na leiding ten opsigte van die besondere verhouding wat daar tussen die geslagte bestaan. Indien die seun se vader tydens puberteit afwesig is, moet hy hom tot die moeder of 'n ander betekenisvolle persoon in sy lewe wend, ten einde in hierdie behoeftes van hom te voorsien. Aangesien die moeder naas die vader die seun se belangrikste en mees konstante bevrediger van sy behoeftes is, kan verwag word dat die seun wie se vader afwesig is, meer op sy moeder se aanvaarding en leiding sal begin staatmaak. Daar word vermoed dat hierdie seun dit moeilik sal vind om hom teen sy enigste bron van behoeftebevrediging te verset, of van haar te distansieer. Hierdie toedrag van sake

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

plaas hom egter in 'n konfliksituasie, omdat die behoefte aan onafhanklikheid van die ouerhuis noodwendig gedurende die puberteitsfase ontwikkel.

Die moeders van die seuns wie in hierdie ondersoek gebruik is, het gekom met klagtes dat die dood van die vader 'n blokkasie in die seun se normale ontwikkeling ten gevolg gehad het. Hierdie seuns het voor hul vaders se afsterwe nooit enige besondere aanpassingsprobleme getoon nie, maar het na die gebeurtenis sekere abnormale gedragspatrone asook aanpassingsprobleme ontwikkel. Die moeders het deur die bank gevind dat hul seuns nie onenigheid tussen hulself en hul moeders kon verdra nie, en hulle nie maklik teen haar wense kon verset nie.

Die ondersoeker het die seuns intensief geanaliseer, ten einde aan die moeder effektiewe voorligting te bied met betrekking tot die behoeftes van die seun gedurende puberteit, asook die uitwerking wat sy vader se afwesigheid gedurende hierdie ontwikkelingsfase op hom het.

Daar kan verwag word dat die totale afwesigheid van die vader wat deur sy afsterwe meegebring word, vir die seun 'n traumatiese ervaring sal wees. Hoe ernstig die gebeurtenis die kind sal beïnvloed word onder andere bepaal deur die aard van die verhouding wat hy met die afgestorwene gehad het, die beskikbaarheid van plaasvervangers wie in sy behoeftes kan voorsien, asook die instelling van die moeder en ander belangrike persone teenoor sy afgestorwe vader.

Die seun kan weliswaar nie geheel en al beskerm word teen die traumatiese ervaring van die dood van 'n geliefde nie, maar indien begrip gevorm kan word van sy ervarings en behoeftes, is dit moontlik om langdurige en permanente emosionele ontwrigting te voorkom. Die moeder kan dan duideliker toegelig word met betrekking tot haar rol in die lewe van die seun wie sy vader verloor het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ten einde 'n idee te vorm van wat die seun ontbeer indien hy sy vader deur die dood verloor, is dit nodig om insig te verkry in die rol van die vader in die ontwikkeling van sy seun. Op die wyse kan die leemtes binne die ervaringswêreld van die seun wie 'n vader ontbeer, duidelik uitgelig word. Daar sal in hierdie studie aandag gegee word aan die rol van die vader in die seun se geslagsrol-, intellektuele en morele ontwikkeling, asook die invloed van die vader se afwesigheid op sy seun se persoonlike en sosiale aanpassing.

Hoewel die aandag bepaal word by die uiterste vorm van vader-afwesigheid, naamlik totale afwesigheid as gevolg van die dood, kan gespekuleer word dat die seun wie se vader as gevolg van werks- en sosiale verpligtinge, of vanweë egskeiding afwesig is, soortgelyke behoeftes ervaar as die seun wie se vader totaal afwesig is. 'n Kind is immers daartoe geneig om enige skeiding van 'n geliefde objek as 'n permanente verlies te beleef. Daar word vertrou dat hierdie studie dus ook van waarde sal wees vir die moeder wie haar seun grotendeels sonder 'n aanwesige of beskikbare vader moet opvoed en versorg.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 2

## 1. INLEIDING

Die Industriële Revolusie het tot gevolg gehad dat die vader uit die huis uit beweeg het, en hiermee sy seun se opvoeding, wat vroeër grotendeels deur die vader self behartig is, in die hande van die moeder gelaat het. Aangesien opvoeding van die seun en die dogter klaarblyklik die moeder se taak geword het, het navorsers hul hoofsaaklik toegespits op bestudering van die moeder-kind verhouding. Oorbeklemtoning van hierdie verhouding het gelei tot die veronderstelling dat die vader geen noemenswaardige rol in veral die jong kind se lewe speel nie. Selfs Persoonlikheidsteorieë verleen steun aan hierdie standpunt. Volgens klassieke Psigoanalise is slegs die moeder van belang in die eerste twee tot drie lewensjare van die kind. Stimulus-responsteorieë verleen nie veel gewig aan die vader se invloed nie, omdat die hoeveelheid interaksie wat hy met die kind het, te weinig is om werklik betekenisvol te wees.

Daar moet sorg gedra word, dat in beklemtoning van die vader-kind verhouding, daar nie net soos in die vroeëre beklemtoning van die moeder-kind verhouding, oorgegaan word tot eensydige oorbeklemtoning nie. Vader, moeder en kind vorm deel van 'n sisteem van verhoudings waarin die lede mekaar onderling beïnvloed. Lamb, M.E. (1976 32) stel dit so: "We need to understand the patterns of interaction within the family, and, then, within the framework of the family structure, understand the relationship within the father-child subsystem."

Tot en met die vyftiger jare is die vader hoofsaaklik van waarde beskou in die ekonomiese versorging van sy gesin. Hy is gesien as verskaffer van lewensmiddele en as die persoon wie in die kind se latere lewe, 'n rol vervul ten opsigte van morele ontwikkeling en toepaslike geslagsrol-ontwikkeling. Die vader is nie beskou as 'n emosioneel warm, versorgende figuur, wie fisiese versorging en psigiese ondersteuning aan veral sy jong kind kon bied nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sedert die vyftiger jare is egter veel meer klem geplaas op die kontak van die vader met sy kind, en vandag word gewys op die moontlikheid en belang van 'n warm, voedende vader-kind verhouding ten einde gesonde ontwikkeling van die kind te verseker. Lamb beklemtoon dat 'n vader wie 'n warm affeksionele verhouding met sy kind het, sy kind veel meer beïnvloed, as waar so 'n verhouding nie bestaan nie. (English en Foster, 1962; Rogers, 1969; Lamb, 1976).

Hoewel daar 'n saak voor uitgemaak kan word dat die vader nie soveel interaksie met die kind het as die moeder nie, vind ondersoekers tog dat kinders oor die algemeen ewe veel protes aanteken as die vader of die moeder onderskeidelik die kind verlaat. Vaders, moeders en vreemdelinge is gebruik ten einde te bepaal of jong kinders meer geheg is aan die moeder as aan die vader. Die moeder verlaat 'n speelkamer waarin die kind is op twee onderskeie geleenthede - een keer bly die vader by die kind agter en een keer die vreemdeling. Die vertrek van beide vaders en moeders het die kinders ontstel, terwyl vertrek van die vreemdeling positief deur die kinders begroet is (Lamb, 1976; Bee, 1978).

Ten spyte van die kind se gehegtheid aan sy vader is gevind dat vaders in werklikheid min interaksie met hul kinders het, asook min gereelde verantwoordelikhede ten opsigte van hulle versorging. (Lamb, 1976; Bee, 1978; Biller, 1974.)

Die benadering van Lewis en Weinraub werp lig op hierdie skynbare teenstrydigheid. Hulle stel die hipotese dat die vader wel sy kind direk beïnvloed, maar dat dit meestal op indirekte wyse plaasvind wanneer die seun in interaksie is met diegene wie ook in kontak met die vader was of is (Lamb, 1976).

## DIREKTE INTERAKSIE

Die jong baba ontlok by die vader, net soos by die moeder, die begeerte om die baba aan te raak, vas te hou en te versorg. Daar bestaan egter kwalitatiewe verskille - moeders hou babas

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oor die algemeen meer vas gedurende versorgende aktiwiteite, terwyl vaders dit meer doen gedurende spelaktiwiteite. (Lamb, 1975; Lamb, 1976; Bee, 1978).

Die rolle van vaders en moeders verskil ook daarin dat veral die vader die kind se model is vir interaksie met die buitewêreld, terwyl die moeder meer emosioneel ondersteunend is. Die vader is meer bekommerd as die moeder oor sy kinders se morele waardes, fisiese veiligheid en toepaslike geslagsrol gedrag, laasgenoemde veral ten opsigte van sy seun. (Tasch, 1952; Stolz, 1966.)

Soms is die vader direk op soortgelyke wyse as die moeder in interaksie met sy kind. Hierdeur leer die kind om te onderskei tussen leidrade en response van twee onderskeie persone. Aangesien die kind tussen die leidrade moet diffirensieer, kan hierdie tipe interaksie tot gevolg hê dat die kind langer neem om gladweg met elke onderskeie persoon te kommunikeer. 'n Verhouding met twee soortgelyke, maar tog verskillende persone, kan egter die kind forseer om reeds op 'n vroeë ouderdom sensitief te wees vir sosiale leidrade, en te onderskei tussen subtiele verskille tussen individue. Die aanwesigheid van twee outoriteitsfigure met soortgelyke maar tog verskillende opinies en verwagtings, dwing die ouer kind om te let op verskil van opinie en dat 'n saak meer as net een kant het. Wanneer een ouer onregverdig is in sy oordeel oor sy kind, kan die ander ouer se positiewe houding 'n gedeelte van die negatiewe invloed neutraliseer en so 'n bydrae lewer tot die vorming van 'n positiewe selfbeeld in die kind.

INDIREKTE INVLOED

'n Vader beïnvloed sy kind daagliks op talle maniere indirek. Die vader se inkomste bepaal waar die gesin woon, en derhalwe in watter omgewing die kind opgroei en uit watter milieu hy sy vriende kies. Ekonomiese en emosionele steun van die vader aan die moeder beïnvloed ook die kind. 'n Ongelukkige vrou dra haar angs en ongelukkigheid oor aan haar kinders. Die invloed van die vader op die kind se sosiale sisteem, oefen dus

© University of Pretoria

alreeds invloed uit op die kind se ontwikkeling en die belewing van die buitewêreld (Rogers, 1969; Lamb, 1976).

Die volgende maniere van indirekte invloed word onderskei:

a) Emosionele ondersteuning.

'n Gelukkige vrou staan 'n beter kans as 'n ongelukkige een, om 'n gelukkige en tevrede moeder te wees. Indien die vader sy vrou selfversekerd en veilig laat voel, kan hy daartoe bydra dat sy 'n meer ontspanne en gelukkige moeder is wie kan reageer op die behoeftes van haar kind. Parke en O'Leary vind ook dat die vader se belangstelling in die baba, geneig is om die moeder se belangstelling in die baba te stimuleer. Hulle vind dat moeders meer daartoe geneig is om vir hul babas te glimlag en hul te eksploreer as die vader aanwesig is, as wanneer hy afwesig is. (Lamb, 1976.)

Wanneer die vader afwesig is, moet die moeder dikwels broodwinner, gesagsfiguur en moeder wees. Dit plaas heelwat bykomende verantwoordelikhede op haar skouers. Hierdie moeders is gewoonlik meer besorg oor hul kinders se opvoedingsprestasies, en is ook verder geneig om ontevrede te wees met hul kinders se vlak van werk, as moeders waar die vader aanwesig is.

b) Verteenwoordigende maniere.

Daar kan kontak gemaak word met 'n afwesige objek deurdat 'n ander objek die afwesige een as't ware verteenwoordig. So word byvoorbeeld die kind se kennis van, en verhouding met sy vader, geskep deur die moeder. In ons kultuur waar die vader meer dikwels as die moeder afwesig is kom hierdie verskynsel dikwels voor. Die frekwensie van verteenwoordiging van die afwesige objek, hou verband met die frekwensie van die afwesigheid daarvan. In ons kultuur sal die kind hom dus die vader meer

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dikwels op abstrakte wyse moet voorstel, as wat met die moeder die geval is. Bach (1946) vind dat stedelike laerskoolkinders wie se vaders tussen die kinders se eerste en derde jare afwesig was, hul vaders insluit in poppespel en fantasie - bykans netso dikwels as kinders wie se vaders gedurende die betrokke leeftydsfase aanwesig was.

c) Oorganklikheid.

Wanneer die moeder 'n verhouding met 'n persoon het, vorm haar kind ook 'n verhouding met die betrokke persoon, afgesien daarvan of die kind ooit direkte interaksie met die persoon het. So kan die kind se verhouding met sy vader beïnvloed word, afgesien van die hoeveelheid direkte kontak tussen vader en kind. (Lamb, 1976).

## 2. GESLAGSROLONTWIKKELING BY DIE SEUN

### 2.1. Inleiding.

Sosiale geslagsrol verwys na gedragspatrone wat volgens die kultuur van 'n gemeenskap as toepaslik vir elke geslag beskou word. 'n Persoon se geslagsidentiteit en daarmee gepaardgaande geslagsrolgedrag is dus belangrik vir gevoelens van sekuriteit en tevredenheid binne kultuurverband. Derhalwe speel die kind se opkomende seksuele identiteit ook 'n groot rol in sy gevoelens van sekuriteit en veiligheid, en kan sy geslagsrolontwikkeling beskou word as een van die belangrikste aspekte in sy ontwikkeling tot volwassenheid. Wanneer 'n persoon tevrede en gelukkig is in sy geslagsrol, val baie ander aspekte van sy lewe relatief maklik in hul plek. (Rogers, 1969; Biller en Meredith, 1974.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar word algemeen aanvaar dat die vader veral gedurende puberteit na vore tree as rol- en identifikasiemodel vir sy seun. Lamb (1976) is van mening dat die vader-kind verhouding 'n kontinue verhouding is wat uit verskillende stadia bestaan, byvoorbeeld vader-baba, vader-kind, vader-adolessent. Hy is selfs van mening dat daar 'n kritieke tydstip is wanneer verbondenheid aan die vader vasgelê word, en dat dit reeds vroeg in die lewe plaasvind.

Dit kom voor asof die baba op 'n vroeë ouderdom reeds daartoe instaat is om 'n eiesoortige verhouding met sy vader aan te gaan. Volgens Abelin (1975) het 'n babaseun wie hy waargeneem het, reeds op vier maande en drie weke, definitiewe tekens getoon dat hy 'n afsonderlike verhouding met sy vader het. Op sewe maande het die baba soms teneergedruk geraak as sy vader afwesig is, en het ook soms verkies dat sy vader, eerder as sy moeder, hom optel. Volgens Biller (1971b) vind Pederson en Robson dat babas tussen agt en nege en 'n half maande, 'n verbondenheid aan hul vader toon en dat die mate waartoe die vader oor die algemeen emosioneel betrokke was by sy babaseun - hom versorg en met hom gespeel het - verband hou met die graad van die baba se verbondenheid aan sy vader.

Biller (1971b) onderskei drie algemene aspekte in geslagsrolontwikkeling, naamlik:
geslagsroloriëntasie, geslagsrolvoorkeur en geslagsrolaanname.

a) Geslagsroloriëntasie.

Geslagsroloriëntasie hou verband met 'n persoon se evaluasie van sy manlikheid of vroulikheid. Hierdie ingesteldheid van die persoon is 'n produk van leerervarings wat vroeg in die lewe opgedoen word. Reeds gedurende die eerste paar lewensjare word die kind georiënteer ten opsigte van die vereistes van

© University of Pretoria

die manlike en vroulike rolle. Die interaksie tussen ouer en kind is gedurende hierdie jare van groot belang. Dit is byvoorbeeld belangrik dat die seun homself sien as meer eenders aan sy vader, as aan sy moeder. Daar kan dus verwag word dat 'n jong seun met 'n ontoereikende of afwesige vader, probleme sal ondervind in die ontwikkeling van 'n manlike geslagsroloriëntasie.

Soos die kind meer volwasse word, word sy geslagsroloriëntasie meer kompleks, en bring hy dit in verband met die graad waartoe sy interne standaarde en overte gedrag, ooreenkom met die algemene kultuur- en gesinsverwagtings.

b) Geslagsrolvoorkeur.

Dit verwys na 'n persoon se relatiewe begeerte om te voldoen aan die kultuurvoorskrifte vir die manlike of vroulike rol. Geslagsrolvoorkeur hou dus verband met 'n persoon se voorkeur vir sekere rolle, aktiwiteite, belangstellings en houdings. Daar kan verwag word dat 'n gebrek aan 'n vaderlike rolmodel die ontwikkeling van 'n manlike geslagsrolvoorkeur sal vertraag.

c) Geslagsrolaanname.

'n Persoon se geslagsrolaanname hou verband met sy waarneembare gedrag binne die raamwerk van sosiale interaksie, en hoe lede van sy spesifieke samelewing sy gedrag beoordeel. Geslagsrolaanname het baie fasette - in terme van manlikheid hou dit onder andere verband met die graad van 'n persoon se selfgelding, sy onafhanklikheid, en aktiwiteite wat daarop gemik is om die omgewing te bemeester. Veral gedurende die voorskoolse jare neem 'n seun die manlike geslagsrol aan deur nabootsing van die vader, en kan hy ook van sy vader leer dat die manlike rol bevredigend kan wees.

© University of Pretoria

'n Algemene ooreenstemming tussen bogenoemde drie aspekte van geslagsrol word in meeste persone verwag, want 'n manlike geslagsroloriëntasie predisponeer die seun tot die ontwikkeling van 'n manlike geslagsrolvoorkeur en geslagsrolaanname. 'n Manlike geslagsroloriëntasie dwing egter nie die seun tot die ontwikkeling van 'n manlike geslagsrolvoorkeur of -aanname nie. Dit gebeur soms dat vroeë lewenservarings inkonsekwent of konflikterend is met latere ervarings. 'n Seun wie 'n vader ontbeer en bykans uitsluitlik blootgestel word aan vroulike kontak, kan die eise vir manlike gedrag moontlik eers duidelik waarneem as hy skool toe gaan, of selfs eers gedurende adolesensie wanneer die portuurgroep en samelewing druk begin uitoefen om manlik op te tree. Onder hierdie omstandighede kan die seun se geslagsrolvoorkeur en/of geslagsrolaanname, verskil van sy basiese geslagsroloriëntasie. Die vader wie tevrede voel met sy eie manlikheid en sedert sy seun se babadae beskikbaar is en affeksioneel versorgend is, vergemaklik dit vir sy seun om ooreenstemming tussen die drie aspekte van geslagsrol te bewerkstellig. (Biller, 1971b).

## 2.2. Persoonlikheidseienskappe en optrede van die vader.

Manlikheid en vroulikheid is aspekte van persoonlikheid wat psigo-biologies en kultureel bepaal word. Die ouers se betrokkenheid by hul kinders speel 'n groot rol in die kind se geslagsrolontwikkeling. Die aanwesigheid van die vader lewer nie noodwendig 'n positiewe bydrae tot sy seun se geslagsrolontwikkeling nie. Dit is ook nie die vader se manlike gedrag buitenshuis wat sy seun in hierdie verband help nie, maar wel die vader se aanname van geslagsrolaktiwiteite in gesinsituasies. Vaders het soms wel manlike belangstellings, en tree manlik op in hul werkskring en tussen hulle vriende, maar tuis is hulle oneffektief en passief in kontak met hul vrou en kinders. Indien die vader nie

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



konstant betrokke is by gesinsfunksionering nie, vind sy seun dit moeilik om te leer hoe om toepaslik geldend, aktief, onafhanklik en bevoeg op te tree. (Biller, 1971b; Biller en Meredith, 1974; Lamb, 1976.)

Die belang van omgewingservaring in toepaslike geslagsrolgedrag, word beklemtoon deur 'n studie wat deur Money uitgevoer is. Kinders met onduidelike genitale voorkoms (en dus prenatale afwykende hormonale ervaring) van wie die eksterne genitale voorkoms en diagnose dieselfde was, is sommige as seuns en ander as dogters, opgevoed. Diegene wie as seuns grootgemaak is, het hulself as seuns gesien en ook so opgetree, die wat as dogters opgevoed is, het hulself as dogters gesien en in ooreenstemming daarmee opgetree. 'n Individu se geslagsidentiteit en geslagsrol diffirensieer dus in respons tot en in interaksie met stimuli na geboorte. Die rol wat vader en moeder in hierdie verband speel, spreek vanself (Bee, 1978).

2.2.1. Dominansie deur die vader.

Dit is belangrik om in hierdie verband te onderskei tussen "paternalisme" en "vaderkrag" - paternalisme is die gebruik van manlike mag om 'n persoon te vorm tot iets wat die paternalis dink die persoon behoort te wees, ongeag die behoeftes van die persoon self. Vaderkrag is die gebruik van diepgaande, natuurlike invloed wat 'n persoon help om te wees wat hy graag wil wees en gee aan die kind 'n gevoel van onafhanklikheid en eie krag. Dominansie deur die vader wil in hierdie verband gesien word as 'n aspek van vaderkrag. (Biller en Meredith, 1974; Lamb, 1976.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die rol wat die vader inneem in gesinsituasies beïnvloed die seun se keuse van 'n model. Hoffman vind dat seuns oor die algemeen kies om soos die leidinggewende ouer in die gesin te wees. Indien die moeder die dominante persoon is in die huweliksverhouding, is die seun meer daartoe geneig om die ouer van dieselfde geslag te verwerp.
(Rogers, 1969.)

Wanneer die moeder dominant is in die huweliksverhouding is die vader meer daartoe geneig om die seun te domineer, en wel op 'n inperkende manier. So 'n inperkende vader, wie sy seun straf as die van hom verskil oor aangeleenthede, benadeel sy seun se manlike ontwikkeling. Selfs al is die vader oor die algemeen manlik, en al is hy dominant in die huweliksverhouding, maar hy tree inperkend teenoor sy seun op, word die seun gestrem in sy manlike ontwikkeling. Daar is bevind dat seuns wie uit gesinne kom waar die moeder die dominante persoon is, gewoonlik aggressief asook impulsief en onvriendelik optree, en meestal onsuksesvol is in hul pogings om hul portuurgroep te beïnvloed. Manlike ontwikkeling van die seun word dus bevorder as die vader dominant is ('n manlike model), en ook sy seun toelaat en aanmoedig om self dominant te wees. Volgens Biller hou dominansie van die vader teenoor die moeder, positief verband met kleuterskoolseuns se geslags-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

roloriëntasie, -voorkeur en geslagsrolaanname. 'n Hoë mate van dominansie deur die vader hou verband met sterk manlike geslagsroloriëntasie en geslagsrolvoorkeur, terwyl 'n lae mate van vaderlike dominansie geassosieer word met lae geslagsrolaanname by die seuns. (Hetherington, 1965; Rogers, 1969; Biller, 1971b.)

Die seun se manlike ontwikkeling word ook bevorder as die vader 'n belangrike rol inneem in die stel van grense - maar slegs as daar reeds 'n gevestigde affeksionele verhouding tussen vader en seun bestaan. Laerskoolseuns wie konstant manlike voorkeure getoon het, se vaders was aktief betrokke in grensstelling vir hul seuns. (Biller, 1971b; Lamb, 1976.)

'n Vader wie sy rol bekwaam vertolk, bied aan sy vrou die geleentheid om haar moederlike rol effektief te vul. Indien die vader dominant is en die leiding neem ten opsigte van grensstelling, het die moeder meer vryheid om liefdevol en toegeeflik teenoor haar kinders op te tree, en so hul affeksionele behoeftes te bevredig. 'n Toereikende en effektiewe vader verhoog dus die moeder se moontlikhede om haar moederlike rol optimaal effektief te vervul. (Foster en English, 1962; Biller, 1974.)

Die invloed en houding van die moeder mag nie uit die oog verloor word nie. Indien sy met die vader kompeteer vir die leidende rol en besluitnamefunksie, word die seun besonder ingeperk en ly sy manlike geslagsrolontwikkeling daaronder. Ook die moeder se ingesteldheid

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teenoor die vader speel 'n rol in die seun se identifikasieproses. Indien die moeder 'n positiewe gevoel teenoor haar eggenoot het en die vader goedkeur as model vir die seun, vind verhoogde identifikasie van die seun met sy vader plaas. (Helper, 1955; Biller, 1971b; Lamb, 1976.)

2.2.2. Affeksionele versorging deur die vader.

Daar word algemeen aanvaar dat die vader veral gedurende puberteit na vore tree as rol- en identifikasiemodel vir sy seun. Indien die vader hierdie rol suksesvol wil vervul, is dit egter nodig dat daar reeds 'n positiewe kontakverhouding tussen hom en sy seun bestaan; so 'n verhouding bevorder identifikasie met en nabootsing van 'n model. (Bee, 1978 .)

Dit kom voor asof die pasgebore baba van die vader net soos van die moeder, versorgende response ontlok. Manlike en vroulike kinders beskik beide oor die natuurlike vermoë om te reageer op teerheid van beide ouers. Teerheid en die vermoë tot empatie is 'n algemene menslike eienskap en nie uniek aan die vroulike geslag nie. Na analogie van bevindinge met dierenavorsing, kan verwag word dat die vader wie uitgebreide kontak met sy baba het, sterk verbonde aan en betrokke by sy kind sal voel, en meer versorgende en affeksioneel voedende gedrag tot sy kind sal toon, as die vader wie nie veel kontak met sy baba het nie. Ons samelewing moedig vandag meer kontak tussen vader en kind aan as wat vroeër die geval was, en maak dit dus vir die vader makliker om uiting te gee aan sy liefdevolle en versorgende impulse teenoor sy kinders. (Rogers, 1969; Biller en Meredith, 1974; Bee, 1978.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Burton en Whiting vind dat in samelewings waar die vader grotendeels uitgesluit word van kontak met sy jong kind, die seun gedurende preadolessensie en adolessensie, onderwerp word aan uitgebreide inisiasierituele. Tydens inisiasie word die seun gedwing om manlik op te tree en die manlike rol te aanvaar, en vroulike gedrag word dan negatief versterk. In ons samelewing waar geen inisiasieperiode bestaan nie, sal die seun wie nie van jongs af 'n bevredigende verhouding met sy vader het nie, die manlike rol op 'n probeer-en-tref manier moet aanleer. (Biller, 1971b.)

Die kind wie werklik 'n bevredigende emosionele verhouding met sy vader het, behou die vader as innerlike objek lank nadat hy sy vader se onmiddellike invloed ontgroei het. Indien die kind nie seker genoeg is van liefde in sy vroeë kinderjare nie, het hy later voortdurend emosionele voeding nodig - 'n honger persoon vind dit moeiliker om sy broodkrummel te deel as die een wie goed gevoed is. Dit is die vader se taak om saam met die moeder sy kind se affeksionele behoeftes te bevredig.

Indien 'n bevredigende affeksionele verhouding reeds voor puberteit tussen vader en seun bestaan, voel die seun gemakliker om gedurende puberteit sy vader as vertroueling te neem. Hy voel gemakliker om sekere sake, byvoorbeeld fisiese veranderinge met sy vader as met sy moeder te bespreek, omdat hy besef dat sy vader ook hierdie dinge moes beleef het. Gedurende sy seun se puberteit is dit ook die vader se taak om sensitief te wees ten opsigte van sy seun se

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

behoeftes, sodat hy hom gerus kan stel indien nodig. (Foster en English, 1962.)

Die ontwikkeling van leierskap, verantwoordelikheid en sosiale volwassenheid in manlike adolessente, word geassosieer met 'n affeksioneel voedende vader-seun verhouding. So 'n verhouding bevorder ook die geslagsrolontwikkeling van die seun en hierdie vaders het seuns wie tradisioneel manliker is as seuns van vaders wie nie affeksioneel versorgend en voedend is nie. (Lamb, 1976; Bee, 1978.) Vaders wie uitermate streng is in 'n poging om geharde en selfstandige kinders te hê, loop juis die gevaar om die teenoorgestelde eienskappe in hul kinders te laat ontstaan. (Biller en Meredith, 1974.)

Soos reeds gesien is seuns wie uit gesinne kom waar die vader die dominante persoon is, meer daartoe geneig om tradisioneel manlik te wees, as seuns waar die vader nie dominant is nie. Dominansie is deel van die tradisioneel manlike stereotipe en 'n vader wie die leidende rol in gesinsake neem, voorsien dus sy seun van 'n manlike model. 'n Versorgende en affeksioneel voedende vader is meer dikwels beskikbaar vir sy seun en het meer dikwels interaksie met hom as 'n vader wie nie emosioneel betrokke is nie. Die positiewe verhouding tussen die twee persone bevorder nabootsing van, en identifikasie met die model. (Bee, 1978.)

'n Man wie onseker is oor sy eie manlikheid is meer daartoe geneig om liefderike optrede teenoor sy kinders te vermy, uit vrees dat hy as feministies beskou sal word. Dit is noodsaaklik om te

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


besef dat liefdevolle versorging nie sinoniem is tot vroulikheid nie. Dit is 'n vader se reg en voorreg om uitdrukking te gee aan sy positiewe gevoelens teenoor sy kinders. 'n Vader moet hom kan sien as versorger, 'n persoon met tere gevoelens en iemand wie sy kinders kan vertroetel, sonder om homself te sien as 'n substituut moeder. 'n Vader wie affeksioneel warm en voedend is, dra hierdie eienskappe oor aan sy kind. Veral die seun leer so dat 'n manlike persoon ook oor hierdie gevoelens en eienskappe beskik, en dat dit nie onmanlik is om liefdevol en versorgend te voel en ook so op te tree nie. (Rogers, 1969.) Kinders is emosionele wesens - indien die vader sy emosies toon, kom die kind tot die besef dat sy liefdevolle en bekwame vader dieselfde emosies as hy ervaar. So word die seun se identifikasie met sy vader bevorder. (Biller en Meredith, 1974.)

2.2.3. Die vader se manlikheid.

Alvorens die vader suksesvol sal kan deelneem in die geslagsrolontwikkeling van sy kind, moet die vader eers vir homself duidelikheid hê omtrent die manlike geslagsrol. Moederskap word as vanselfsprekend beskou as deel van die vroulike rol, maar daar word vandag nog nie vanselfsprekend aanvaar dat vaderskap 'n integrale deel van die manlike geslagsrol is nie. Die dogter word van jongs af voorberei vir haar moederlike rol by wyse van die versorging van poppe en die neem van huishoudkundige vakke op skool. Die jong seun ontvang bykans geen voorbereiding vir sy toekomstige rol as vader nie. Voortsetting van hierdie benadering word vandag nog gevind in die druk wat op die man uitgeoefen word om sy manlikheid te definieer in terme van sy werk of ekonomiese voorsiening aan sy gesin - dat vaderskap manlik van aard is, vind klaarblyklik nog nie inslag nie. (Biller, 1971b; Biller en Meredith, 1974; Bee, 1978.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vaders wie angstig is oor seksuele aspekte, blyk te twyfel aan hul eie gevoegdheid as man. Indien die vader egter gemaklik is in sy manlike rol, bevorder 'n nabye vader-seun verhouding die geslagsrolontwikkeling van die seun. 'n Manlike vader wie affeksioneel versorgend en voedend teenoor sy seun is en dus heelwat interaksie met hom het, voorsien die seun meer dikwels van 'n manlike model as die vader wie emosioneel ver van sy seun is. Bronson vind dat preadolessente seuns wie warm affeksionele en ondersteunende vaders gehad het, geneig was om op die Tematiese Appersepsietoets, stories te vertel wat 'n sterk manlike geslagsroloriëntasie bevat het. Indien die vader manlik is, maar verwerpend en krities teenoor sy seun is, kan die vader se beskikbaarheid vir die seun eerder negatiewe as positiewe gevolge hê. In so 'n geval kan die seun uit verdediging sy vader as model verwerp en hom by sy moeder skaar. (Bronson, 1959; Biller, 1971b).

'n Belangrike faktor in die manlike ontwikkeling van die seun is die mate waartoe die vader manlike gedrag openbaar in die teenwoordigheid van sy seun. Slegs wanneer die vader manlike gedrag toon, kan die seun dit naboots. Gedurende die voorskoolse jare hou die ontwikkeling van manlike geslagsrolaanname veral verband met nabootsing van die vader. (Biller, 1971b).

Dit is nie die vader se deelname aan sekere tradisioneel vroulike aktiwiteite, byvoorbeeld help met die werk in die huis, wat die seun se geslagsrolontwikkeling bemoeilik nie, maar die vader se opgee van sy vaderlike krag, van sy leidende rol as besluitnemer en grenssteller in die gesin. Indien die vader voortdurend 'n moederlike tipe rol aanneem, kan verwag word dat sy seun relatief laag sal wees in manlikheid. (Biller, 1971b)

© University of Pretoria

Die man is tradisioneel fisies sterker as die vrou. Hierdie fisiese krag van die man is 'n belangrike faset van manlikheid. Die vader kan dit gebruik as bron van beskerming, sekuriteit en ondersteuning vir sy kind, deur sy seun bewus te maak van sy krag as hy met hom speel en hom ronddra. Dit verleen aan die kind die sekerheid dat sy vader tot sy redding kan kom in probleemsituasies en hom kan beskerm teen gevare. Op die wyse leer die seun ook dat beskerming en ondersteuning van gesinslede deel uitmaak van die manlike rol. Aangesien die vader dikwels soveel groter as sy kind is, moet die vader sorg dra dat hy nie as bedreigend ervaar word nie. Die fisiese krag van die vader verteenwoordig ook 'n groot mate van psigologiese ondersteuning vir sy kind want binne 'n veilige omgewing kan die kind sy potensialiteite rustig ontwikkel. Die seun kom gedurende interaksie met sy vader agter dat sy vader magtig, suksesvol en gelukkig is, en dit spoor hom aan om soos sy vader te wil wees. (Biller en Meredith, 1974.)

2.2.4. Besorgdheid oor toepaslike geslagsrolgedrag.

Beide vaders en moeders is meer besorg oor toepaslike geslagsrolgedrag in hul seun as in hul dogter. Vaders is egter oor die algemeen meer besorg as moeders oor toepaslike geslagsrolgedrag by hulle kinders, en hulle is veral besorg oor ontoepaslike geslagsrolgedrag by hul seun. Die vader is dan ook meer daartoe geneig om toepaslike geslagsrolkeuses in sy seun aan te moedig. (Bee, 1978.)

Dit is dikwels vir die vader moeiliker as vir die moeder om 'n gestremde kind, wie stadiger as die gemiddelde ontwikkel te aanvaar, veral as die kind 'n seun is. Die seun se fisiese voorkoms en gesteldheid kan ook die vader se houding teenoor die kind beïnvloed. 'n Forse vader wie groot en sterk van gestalte is, kan

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dit moeilik vind om sy skraal en tenger seun wie fisies onaktief is, te aanvaar. Te alle tye moet die vader egter sy besorgheid oor toepaslike geslagsrolgedrag temper met besorgdheid oor sy kind se bekwaamheid, sekuriteit en individualiteit. (Biller en Meredith, 1974).

Tog vind ondersoekers dat die kind se geslagsrolvoorkeur nie verband hou met die vader of moeder se druk vir, of besorgdheid oor toepaslike geslagsrolgedrag nie. Eienskappe van die vader wat die hoogste voorspellingswaarde het vir die seun se manlike geslagsrolaanname, is die vader se affeksioneel voedende verhouding met sy seun, en die mate waartoe die vader die leidende rol neem in gesinsaktiwiteite. Persoonlikheidseienskappe van die vader het dus meer invloed op die manlike ontwikkeling van die seun as direkte druk vir manlike gedrag. Dit is die vader wie sekere stereotipe manlike eienskappe kombineer met ekspressiewe eienskappe - laasgenoemde wat dikwels met die vroulike stereotipe geassosieer word - wie die manlike ontwikkeling van sy seun optimaal bevorder. (Biller en Meredith, 1974; Bee, 1978.)

## Samevatting

Hoewel elkeen van die eienskappe wat hierbo gespreek is 'n belangrike rol speel in die seun se geslagsrolontwikkeling, is nie een van hulle afsonderlik genoegsaam om te verseker dat die seun manlik sal ontwikkel nie. Die seun wie se manlike vader nie veel kontak met hom het nie, kan nie sy vader as manlike model benut nie, al is die vader manlik; netso is die vader wie beskikbaar is vir sy seun, maar oneffektief is in terme van manlike funksionering, nie van veel waarde vir sy seun as manlike model nie. Die seun wie 'n affeksioneel voedende verhouding met 'n manlike vader het, maar wie se ouers nie tradisioneel manlike aktiwiteite in hul seun aanmoedig nie, het nie veel motivering om manlik op te tree nie.

© University of Pretoria

Die aanwesigheid van 'n vader per se , is geen versekering dat die seun se manlike geslagsrolontwikkeling gladweg sal verloop nie. Alle seuns wie se vaders aanwesig is ontwikkel nie noodwendig sterk manlike eienskappe nie. Dit kom voor asof seuns met oneffektiewe vaders nie meer manlik is as seuns van wie die vaders afwesig is nie, en selfs minder manlik is as seuns wie se vaders afwesig is. Die uitwerking van lae identifikasie met 'n aanwesige vader, blyk min of meer dieselfde uitwerking op die seun te hê as afwesigheid van die vader.

Die seun se siening van sy vader beïnvloed sy siening met betrekking tot die vergoeding wat die manlike rol kan bied. Dit werk deur na alle aspekte van geslagsrolontwikkeling en beïnvloed die seun se motivering om manlik te ontwikkel. Een van die beste bevestigde feite omtrent geslagsrolontwikkeling by die seun is dat die manlikheid van die seun die sterkste is as sy vader self manlik is, op groot skaal deelneem aan kinderopvoeding, en 'n affeksioneel voedende en versorgende verhouding met sy seun het. 'n Kombinasie van hierdie elemente dra optimaal by tot manlike ontwikkeling by die seun.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 3. PERSOONLIKE EN SOSIALE AANPASSING VAN DIE SEUN

### DIE ROL VAN DIE SELFBEELD

Die siening wat 'n persoon van homself het (selfbeeld), oefen heelwat invloed uit op sy siening van ander mense in sy wêreld. 'n Persoon wie positiewe gevoelens oor homself het, verwag gewoonlik soortgelyke gevoelens by ander mense, en omdat hy homself en andere aanvaar, verwag hy dat hy ook deur hulle aanvaar sal word. In teenstelling hiermee kan verwag word dat 'n persoon met 'n negatiewe siening van homself en andere, negatiewe reaksie van hulle sal verwag.

Die liggaamskonsep, wat die kern van die selfbeeld vorm, word reeds baie vroeg in die lewe ontwikkel. Die liggaamskonsep omsluit die basiese gevoel oor die eie liggaam - of hy mooi, lelik, aanvaarbaar of onaanvaarbaar is.

Die vader kan 'n groot bydrae lewer om sy seun te help om 'n gevoel van liggaamstrots te ontwikkel. Wanneer die seun besef dat hy 'n man is, soos sy vader, is hy geneig om hom met sy vader te vergelyk, en skiet dan natuurlik tekort. Dit is die vader se taak om sy seun te verseker dat hy 'n voortsetting van sy vader is, en dat die seun tot 'n bekwame man sal ontwikkel. Ten einde 'n positiewe siening van homself te bevorder, kan die vader sy seun komplimenteer oor sy vermoëns en spiere. Veral die puber en adolessent is baie gevoelig daarvoor dat hy in sekere opsigte tekort skiet. Die vader wie 'n seun het wie oor ander eienskappe as hyself beskik, byvoorbeeld die gespierde vader met 'n tingerige seun, moet baie versigtig wees om nie, selfs net subtiel, sy seun minderwaardig te laat voel nie. (Biller en Meredith, 1974.)

Aanname van die eie geslagsrol vorm ook 'n integrale deel van 'n persoon se selfbeeld. Aangesien die vader 'n primêre funksie verrig in die toepaslike geslagsrolaanvaarding van sy seun, oefen die vader ook in hierdie verband invloed uit op die vorming van sy seun se selfbeeld. "The father's interest and

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

consistent participation contributes to the development of the child's self-confidence and self-esteem." (Biller, 1971b, 73.)

Biller (1971b) verwys na Coppersmith wie in 'n studie met laerskoolseuns vind dat die vader se deelname in grensstelling geassosieer word met hoë eiewaarde by die seuns. In teenstelling hiermee word seuns met lae eiewaarde bykans uitsluitlik deur die moeder gedissiplineer. Biller verwys ook na Rosenberg wie suggereer dat 'n verhouding bestaan tussen beskikbaarheid van die vader en die seun se eiewaarde. Hy vind dat adolessente van wie die vader afwesig is, laer eiewaarde het as diegene van wie die vader aanwesig is, veral as die afwesigheid van die vader reeds vroeg in die seun se kinderjare in aanvang geneem het, Dit kom voor asof die kind wie 'n bekwame vader ontbeer, dikwels insekuriteit ten opsigte van interpersoonlike verhoudings ervaar, en dit dra by tot 'n gevoel van lae eiewaarde en angs.

'n Kind leer die buitewêreld, ander mense en hul motiewe ken deur sy vader. 'n Belangrike taak van die vader is om sy gesin te help om omgewingsprobleme te kan hanteer. Die kind leer van sy vader andersoortige mensverhoudings wat nie maklik tuis saam met die moeder opduik nie, aan. Hoe mense in die handel en nywerheid funksioneer en wat hul oogmerke is as hulle argumenteer oor 'n tegniese punt, is elemente van die buitewêreld waaraan die vader sy seun moet blootstel. Die seun kom so in aanraking met baie soorte probleme waarmee hy later in sy lewe te doene sal kry, en berei hom op die wyse voor op sodanige situasies. Die kind wie 'n bekwame vader ontbeer, word maklik blootgestel aan meer as sy deel van skynbaar onoplosbare probleme en krisisse. (Biller, 1971b; Biller en Meredith, 1974).

Die seun met 'n bekwame en beskikbare vader word blootgestel aan 'n model wie realisties en kreatief handel met probleme waarvoor die moeder dikwels nie die ervaring of tyd het nie. Biller (1971b) verwys na Meerlo wie veronderstel dat die vader

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die sosiale orde verteenwoordig en dat hy 'n model is van wie die kind leer om bevrediging uit te stel en aggressiewe en destruktiewe impulse te beheer. Heelwat geleentheid om 'n bekwame volwasse man in 'n verskeidenheid van situasies waar te neem, blyk belangrik te wees in die ontwikkeling van die seun se volwassenheid en verantwoordelikheid. (Biller, 1970 ).

Eienskappe en optrede van die vader

Dit is nie die vader se aanwesigheid per se wat die seun help in sy persoonlike en sosiale aanpassing nie, maar wel die vader se betrokkenheid by sy kind en die affeksionele versorging wat hy in 'n bevredigende verhouding aan sy kind bied. Biller gaan selfs sover om te beweer dat 'n affeksioneel onbevoegde vader, 'n negatiewer invloed op sy seun het as waar die vader glad nie aanwesig is nie. " .......... the boy with an unnurturant father may be better off if his father is not very available. This is consistent with evidence suggesting that father absent boys often have better personality adjustments than boys with passive ineffectual fathers." (Lamb, 1976, 105.)

Die vader wie baie tuis is maar affeksioneel koud en ver van sy kind af is, se seun voel maklik dat hy nie van veel waarde of betekenis vir sy vader is nie. Dit kan lei tot gevoelens van onsekerheid en lae eiewaarde. Indien so 'n koue vader nie baie tuis is nie, word die seun nie voortdurend blootgestel aan negatiewe ervarings met 'n manlike persoon nie. Indien die vader dikwels tuis is en 'n bevredigende affeksionele verhouding met sy kind het, kan die kind baie gefrustreer voel as sy vader afwesig is. 'n Kind wonder maklik waarom sy vader wie hom dan so liefhet, hom dan verlaat, en nie meer tyd by hom deurbring nie. Hierdie ervarings beïnvloed die seun se siening van homself en die verwagtings wat hy van andere koester. (Biller en Meredith, 1974.)

Baie vaders is bang dat indien hulle hul seun vertroetel en hom

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verseker van hul liefde, dit die seun emosioneel swak en afhanklik sal maak, en dat die vader sy effektiwiteit ten opsigte van die uitoefening van dissipline sal ondermyn. Bevredigende affeksionele versorging deur die vader bevorder egter onafhanklikheid, omdat dit die seun sekuriteit bied, asook 'n betroubare basis vanwaar hy die onbekende wêreld kan ontdek. Onafhanklike kinders is geneig om vaders te hê wie onafhanklikheid aanmoedig, maar ook affeksioneel warm en versorgend is. Vaders wie oormatig streng is met hul kinders in 'n poging om geharde selfstandige kinders te hê, kan dus juis die teenoorgestelde tot gevolg hê. Liefdevolle versorging deur die vader maak hom ook nie minder effektief in die uitoefening van dissipline nie. Indien die vader 'n positiewe verhouding met sy kind het, aanvaar die kind eerder sy vader se dissipline en verduidelikings, omdat sy vader se opinie dan vir hom belangrik is. (Biller en Meredith, 1974.)

Biller (1971b) verwys na Mussen, wie vind dat adolessente wie hulle vaders sien as warm en affeksioneel versorgend, emosioneel meer stabiel en volwasse is as adolessente wie nie positief by hul vaders betrokke is nie. Bronfenbrenner (Lamb, 1976) vind dat die ontwikkeling van leierskap, verantwoordelikheid en sosiale volwassenheid in manlike adolessente, geassosieer word met 'n affeksioneel versorgende vader-seun verhouding, waar 'n sterk komponent van vaderlike grensstelling bestaan. Die seun wie se vader vir hom grense stel op 'n aanvaardende en realistiese manier, is beter daartoe instaat om vir homself grense te stel. (Biller, 1971b.)

Hoffman (Rogers, 1969) wys op die bevindinge van Henry en King wie 'n empiriese skakel gevind het tussen aggressiwiteit in manlike persone en waarneming dat die vader eerder as die moeder die persoon is wie dissipline handhaaf. In 'n loodstudie vind Hoffman ondersteuning vir hierdie standpunt en verklaar dit as volg: Indien die moeder dissiplineer is die uiting, moontlik selfs die gevoel van vyandigheid te bedreigend vir die kind, want dit stel sy hoofbron van liefde en versorging in gevaar.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die kind reageer dan met repressie en 'n nie-geldende gedragspatroon. Henry en King vind verder dat wanneer beide die affeksionele en dissiplinêre funksies in dieselfde persoon gesetel is, moeder of vader, die kind aggressie na binne draai en nie-geldend optree. Indien die betrokke funksies in verskillende persone gestel is, word aggressie na buite gerig en die kind tree selfgeldend op. Hoffman vind dat die kind eerder geneig is om sy aggressie te kenne te gee, byvoorbeeld dat hy kwaad voel vir kinders of volwassenes tuis of op skool, as hy dissipline met die vader, eerder as met die moeder assosieer. "Thus, our tentative conclusion was that father-discipline is related to child aggressiveness and mother discipline to repression and intrapunitiveness because expressing hostility is too threatening when the disciplanarian is also the main source of love." (Rogers, 1969 11).

Hoffman (Rogers, 1969) wys ook op die bevindinge van Allinsmith, wie aangetoon het dat maggeldende dissiplinêre tegnieke lei tot die neiging by kinders om uitdrukking aan hul aggressie te gee, terwyl liefdegeoriënteerde dissiplinêre tegnieke tot repressie en skuld lei. Hoffman, en ook Bronfenbrenner vind dat vaders meer geneig is om maggeldende tegnieke te gebruik, terwyl moeders meer dikwels van liefdesgeoriënteerde tegnieke gebruik maak, byvoorbeeld versekering van liefde saam met die uitoefening van dissipline. Hoewel die seun dan meer geneig is tot selfgelding in die uiting van aggressie as die vader hom dissiplineer, is die vader ook die model van wie die seun leer om aggressiewe impulse te beheer. (Lamb, 1976.)

Indien die vader binne die gesin beslis en bevoeg optree, en sy kind toelaat om onafhanklik te wees, bevorder hy sy kind se vermoë om doeltreffend met sy omgewing te handel. Dis belangrik dat die vader sy seun voorsien van 'n bekwame manlike model, maar ook sy seun aanmoedig en toelaat om onafhanklik op te tree en self besluite te neem. 'n Vader wie deur sy vrou gedomineer word is nie 'n effektiewe manlike model vir sy seun nie. Baie seuns uit huisgesinne waar die moeder domineer, is oorafhanklik (Biller, 1971b).

© University of Pretoria

Gewoonlik is die vader meer as die moeder, in kontak met mense wie verskil in ras, kleur en taal. Die kind leer van sy vader 'n basiese houding teenoor hierdie mense aan. Op hierdie wyse kan die vader meehelp tot rasse of religieuse vooroordeel, of die voorkoming daarvan in sy kind. Diskriminasie wat dikwels spruit uit vrees vir ander rasse en groepe, is gewoonlik gebaseer op onkunde van die mense. Dit spreek vanself dat die vader in hierdie verband 'n bydrae van onskatbare waarde kan lewer. (Biller en Meredith, 1974.)

Die vader wie 'n affeksioneel bevredigende verhouding met sy kind het en hom help om probleme op te los, leer sy kind om ontoepaslike dinge uit te skakel en spesifieke probleme op te los. So leer die kind 'n algemene onderskeidingsbenadering aan wat hy later nuttig kan gebruik. (Biller en Meredith, 1974.)

<u>Die portuurgroep</u>

'n Kind se tydgenote en vriende speel 'n belangrike rol in sy ontwikkeling, want in sy portuurgroep kry die kind die geleentheid om die dinge wat hy in die gesin geleer het, uit te probeer. Aangesien die vader diepgaande invloed uitoefen op die persoonlikheidsontwikkeling van sy kind, en die vader ook die persoon is wie die buitewêreld aan sy kind bekend stel, beinvloed die vader tot groot mate die sosiale aanpassing van sy seun. Gedurende puberteit en adolessensie vorm kinders groepe vir ondersteuning en aanmoediging. Indien die kind se selfkonsep nie sterk genoeg ontwikkel nie, kan hy voortgaan om vas te klou aan die ouerhuis of aan die "groep-idee". So 'n ingesteldheid lei tot aanpassingsprobleme en miskenning van eie gevoelens en wense.

Verskeie navorsers vind dat 'n affeksioneel bevredigende verhouding met die vader, positief verband hou met die seun se portuurgroepaanpassing. 'n Positiewe verhouding met die vader word geassosieer met 'n gesonde mate van selfvertroue, en hou ook verband met die seun se vermoë tot selfgelding en betekenisvolle interpersoonlike kontak binne die portuurgroep

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie seuns toon oor die algemeen uitgaande portuurgroepgedrag wat die tot stand bring van vriendskappe, pogings tot beïnvloeding en onafhanklike funksionering insluit. Oor die algemeen is hierdie seuns daartoe geneig om realisties, en met pogings tot probleemoplossing te reageer op frustrerende situasies. (Helper, 1963; Rogers, 1969; Biller, 1971b).

Dit kom voor asof die aanwesigheid en betrokkenheid van 'n vader wie oor manlike eienskappe beskik, en oor die algemeen geslagstoepaslike gedrag toon, sterk verband hou met die seun se populariteit in die portuurgroep. (Biller, 1970.) Hoffman (Rogers, 1969) is van mening dat interaksie met die ouer van dieselfde geslag, funksioneel is tot die ontwikkeling van vaardighede wat toepaslik is vir suksesvolle portuurgroepinteraksie. Veral gedurende puberteit en adolossensie vereis die portuurgroep dat daar met nougesetheid aan sy norme en standaarde voldoen word, en die seun wie nie hierby kan inpas nie, word uitgeskakel. Indien die vader betrokke is by sy kind, beoefen vader en seun met wedersydse genot, geslagsgetipeerde belangstellings en aktiwiteite, wat die seun se aanpassing in die portuurgroep bevorder.

Die oorbeskermde moeder ontmoedig gewoonlik haar seun om deel te neem aan kultureel manlike en portuurgroepaktiwiteite, gevolglik ontwikkel sy belangstellings verskillend van sy manlike tydgenote s'n. Dit bemoeilik die seun se aanpassing in die portuurgroep. Dit is veral gedurende die puberteitsjare dat 'n te intieme, afhanklike verhouding met die moeder, die seun kan strem in sy onafhanklikheidstrewe. So 'n seun word onder verhoogde spanning geplaas ten einde 'n keuse te maak tussen lojaliteit aan sy moeder, en druk vanuit die portuurgroep. Die seun wie 'n bekwame vaderfiguur ontbreek, ervaar dikwels baie angs as gevolg van 'n oormatig intense verhouding met sy moeder. (Biller, 1971b.)

'n Bevredigende affeksionele verhouding met sy moeder laat die seun gelukkig en veilig voel, terwyl liefdevolle versorging deur die vader hom help om die wêreld en sy uitdagings die hoof te

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


bied. 'n Te nabye verhouding met die moeder kan dus negatief inwerk op die seun se vermoë tot selfgelding en onafhanklikheid; eienskappe wat tradisioneel van die seun verwag word. Dit is die vader se taak om sy seun by te staan in sy onafhanklikheidstrewe (Rogers, 1969).

Hoffman (1961) vind dat seuns wie uit huisgesinne kom waar die moeder die leidende rol neem, baie meer probleme het in portuurgroepverhoudings as seuns wie uit huisgesinne kom waar die vader die leidende persoon is. Selfvertroue, selfgelding en algemene bevoegdheid in portuurgroepinteraksie, hou verband met 'n affeksioneel bevredigende vader-seun verhouding.

'n Positiewe vader-kind verhouding kan grootliks bydra tot sekuriteit by die seun in terme van interaksie met die teenoorgestelde geslag. Die seun wie 'n positiewe manlike selfbeeld ontwikkel het, het baie meer selfvertroue in heteroseksuele interaksies. (Lamb, 1976.)

Die feministiese seun blyk veral geneig te wees om platoniese verhoudings met meisies aan te gaan. Hy gee ook gewoonlik voorkeur aan interaksie met ander feministiese seuns. Die seun wie 'n vader ontbeer maar goed gemotiveer is om manlik te ontwikkel en heteroseksuele verhoudings aan te knoop, is veral daartoe geneig om tydens puberteit en adolessensie aanpassingsprobleme te ondervind. Hierdie seun voel gou dat hy 'n bevredigende manlike selfkonsep ontbreek, en poog dikwels om homself deur middel van bravadiese optrede, as manlik te bewys. So 'n gebrek aan selfvertroue en 'n hoë angsvlak vorm nie deel van toepaslike manlike gedrag nie, en kan lei tot verdere interpersoonlike probleme. Die seun wie voortdurend andere uitdaag en uittart in 'n poging om te bewys hoe manlik hy is, kan baie onpopulêr word, hoewel hy deur sy portuurgroep gevrees en gerespekteer word. Sodanige optrede deur die seun gee ook die teenoorgestelde geslag aanstoot, met die gevolg dat sy heteroseksuele verhoudings ook daaronder lei (Biller, 1971b).

Interpersoonlike probleme dra dikwels by tot die vorming van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

seksuele probleme. Die Don Juan of baie skaam seun, het nie noodwendig hoofsaaklik 'n seksuele probleem nie, maar ontbreek waarskynlik 'n basis van hoe om met 'n dogter op 'n persoon-tot-persoon vlak kontak te maak. Seksuele problematiek sentreer nie bloot om die inhibering of uitleef van seksuele impulse nie. Baie mense met geen seksuele inhibisies nie, ondervind probleme daarmee om werklik seksuele bevrediging te verkry, omdat hulle 'n basis ontbreek van hoe om werklike betekenisvolle kontak met die teenoorgestelde geslag te maak en te handhaaf.

Indien die vader hom goed van sy taak kwyt, sal sy kind realisties wees oor sy talente en vermoëns, asook met betrekking tot sy verwagtinge van ander persone. Die kind sal 'n basis hê van hoe om met andere te kommunikeer en sal self 'n sterk stel van waardes hê. Die manier waarop die vader sy rol in die man-vrou verhouding uitleef, oefen groot invloed uit op die seun se seksuele ontwikkeling. 'n Seun se verhouding met dogters word nie net bepaal deur die kwaliteit van sy manlikheid of deur sy modellering van die vader-seun verhouding nie, maar ook deur die houding wat die vader oor die algemeen teenoor die vroulike geslag toon. Indien die vader vroulike persone buite gesinsverband soos gelyke medemense behandel, moedig hy sy seun aan om dieselfde te doen. (Biller en Meredith, 1974.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 4. DIE SEUN SE KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Dit is bekend dat 'n persoon se aangebore intellektuele potensiaal nie 'n betroubare voorspeller is van sukses en prestasie op intellektuele gebied nie. Ander faktore soos motivering en deursettingsvermoë lewer 'n groot bydrae in 'n persoon se uiteindelike sukses in 'n kognitiewe taak.

Verskeie navorsers vind 'n verband tussen die aard en kwaliteit van die vader-seun verhouding en die seun se intellektuele groei en bekwaamheid. Radin vind dat affeksionele versorging deur die vader verband hou met die intellektuele vermoë van die jong seun. Indien die vader 'n inperkende houding teenoor sy seun inneem, toon die seun 'n gebrek aan intellektuele bekwaamheid. Radin kom tot die slotsom dat inperking deur die vader die seun se identifikasie met hom nadelig beïnvloed, en dat dit die seun se kognitiewe ontwikkeling strem. Sy verklaar die saak as volg: Veral gedurende die ouderdom van vier tot nege jaar is die seun geneig om met sy vader te identifiseer en hom na te boots. Hierdie identifikasie bring mee dat die seun ook sy vader se houdings, waardes, rolle en emosionele reaksies nastreef, so ook die vader se woordeskat, denkprosesse en probleemoplossende strategieë. Dit kom voor asof die vader ook met sy seun identifiseer, en anders optree teenoor die seun as teenoor die dogter. Die vader is geneig om besonder empaties te wees met die seun en om meer betrokke te raak by sy aktiwiteite, gedragspatrone en vermoëns. (Radin, 1972; Lamb, 1976.)

Aangesien die aard en kwaliteit van die vader-seun verhouding invloed uitoefen op die seun se intellektuele ontwikkeling, kan verwag word dat die seun wie 'n onbevredigende verhouding met sy vader het, of wie 'n vader ontbeer, probleme sal ondervind op intellektuele gebied. Die seun wie 'n bevredigende verhouding met sy vader ontbeer, mag dus wel beskik oor die nodige intellektuele vermoëns, maar nie beskik oor die selfvertroue en deursettingsvermoë om akademies suksesvol te wees

© University of Pretoria

nie. Biller (1971b) verwys na Kimball, wie vind dat hoogs intelligente seuns wie onderpresteer, oor die algemeen swak verhoudings met hul vaders het. Andersland (1968) vind dat verwerping van die seun deur sy vader verband hou met onderprestasie in hoërskoolseuns.

Hoërskoolseuns wie beskik oor bogemiddelde intellektuele vermoë, en wie 'n B-gemiddelde of hoër op skool behaal, sien hulself as meer dieselfde as hul vaders, as seuns wie ook oor bogemiddelde intellektuele potensiaal beskik, maar swakker vaar op skool. Die seuns wie goed presteer sien hulself ook as meer eenders aan hul vaders, as aan hul moeders. By seuns wie nie so goed presteer het nie, was hierdie onderskeiding nie aanwesig nie. (Shaw en White, 1965.)

"If he has at least average intellectual ability, a boy who has a positive relationship with his father and is secure in his masculinity seems likely to do well in school." (Biller, 1971b, 56).

Kognitiewe styl.

In ons kultuur word aanvaar dat die manlike geslag by uitstek die persoon is wie analities-matematies te werk gaan, terwyl die vroulike geslag meer aanleg en sukses in verbale aspekte toon. Die vader gaan dikwels analities te werk wanneer hy 'n probleem moet ontleed en oplos. Indien 'n positiewe kontakverhouding tussen vader en seun bestaan, en die vader sy seun toelaat om hom te help met sekere take en probleme, leer die seun die analitiesmatematiese denkstyl van die vader aan.

Kinders wie affeksioneel bevredigend deur die vader versorg word, vaar beter in analitiese vermoë as kinders wie deur hul vaders verwaarloos word, of kinders wie se vanders afwesig is. Aangesien wiskunde analities van aard is, vaar die kinders van wie die vaders afwesig is, oor die algemeen swakker in wiskunde as diegene wie se vaders aanwesig is. (Biller en Meredith, 1974).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Verskeie navorsers is van mening dat die analitiese benadering verkry word deur 'n nabye en harmonieuse verhouding met die vader. Bee (1978) verwys na Seder en ook Witkin, wie vind dat seuns wie swak presteer op analitiese probleme, of nie van die analitiese wyse van probleemoplossing gebruik maak nie, min tyd saam met hul vaders deurbring en hul vaders as dominerend beleef.

Die bydrae wat geslagsrolidentifikasie speel in die aanname van 'n kognitiewe styl word deur verskeie navorsers beklemtoon. Mans wie se vaders afwesig was gedurende hul kinderjare is geneig om hoër verbale as matematiese tellings te kry. Indien die vader dikwels afwesig was vir lang periodes gedurende die kinderjare, toon hierdie mans meer dikwels die verbale kognitiewe patroon, as mans wie se vaders nie afwesig was nie. Manspersone wie 'n bevredigende, persoonlike verhouding met hul vaders gehad het, en hul persoonlike probleme met hul vaders kon bespreek, is ook daartoe geneig om hoër matematiese as verbale tellings te behaal. (Nelson en Maccoby, 1966; Bee, 1978.)

Maccoby en Jacklin (1974) vind dat seuns veral vanaf hul twaalfde jaar versnel in matematiese vermoë, en voer aan dat dit toe te skryf is aan die seun se identifikasie met sy vader, wat op twaalf jaar reeds goed gevestig is.

Geslagsidentiteit en geslagsrolaanname is belangrike faktore in die ontwikkeling van 'n kognitiewe styl, asook in huidige en toekomstige kognitiewe bekwaamheid en sukses.

Kreatiwiteit

Kreatiwiteit omvat die tot stand bring van idees en konsepte wat nog nooit voorheen op die besondere wyse gebruik is nie, en die saamvoeg van aspekte wat nog nooit op die besondere wyse saamgevoeg is nie.

Kreatiewe potensiaal is tot sekere mate aangebore, maar dit is

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die vader se taak om sy seun so by te staan, dat die kind sy kreatiwiteit optimaal kan benut. Verskeie faktore, waaronder onafhanklikheid, sensitiwiteit en buigsaamheid, dra by tot die ontwikkeling van kreatiewe potensiaal. Dit is dus belangrik dat die vader sy seun sal ondersteun in die ontwikkeling van hierdie vaardighede.

Dit is van uiterste belang dat die kind toegelaat word om in denke en aksie, onafhanklik te funksioneer. Indien die vader voortdurend inmeng terwyl die seun besig is met probleemoplossing, hinder hy die seun in die ontwikkeling en benutting van sy vermoëns. (Lamb, 1976.)

Die kind wie voel dat daar voortdurend beperkinge op al sy idees en aksies is, word ontmoedig om nuwe idees en moontlikhede van aksie te oorweeg. Sensitiwiteit, die vermoë om fyn waarnemings te maak en fyn aanvoeling te hê ten einde korrekte onderskeidings te maak, is 'n belangrike faktor in die ontwikkeling van kreatiwiteit. Die vader moet waak teen die tradisionele instelling dat sensitiwiteit hoofsaaklik eie aan die vroulike geslag is. 'n Vader wie sy sensitiewe seun as 'n papbroek beskou, hinder sy seun in die ontwikkeling van sy kreatiewe potensiaal. Dit is ook die vader wie 'n belangrike bedrae kan lewer om sy seun te help om 'n saak vanuit verskillende oogpunte te beskou, en so 'n buigbare houding aan te kweek. Die vader se selfvertroue, aanmoediging en betrokkenheid by sy kind is belangrike faktore in die ontwikkeling van die seun se probleemoplossende vaardighede en vermoë om buigsaam in sy denke en benaderings te wees. (Biller en Meredith, 1974.)

Prestasiemotivering

Indien die kind 'n sterk sin vir eiewaarde en onafhanklikheid ontwikkel het, is hyreeds op weg om 'n hoë mate van prestasiemotivering te ontwikkel. Prestasiemotivering speel 'n belangrike rol in die kind se kognitiewe ontwikkeling, want al is 'n kind hoe begaafd, sal hy nooit bogemiddeld presteer tensy hy 'n liefde vir prestasie ontwikkel het nie. (Biller en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Meredith, 1974.)

Die vader wie op gesonde wyse ingestel is op sukses en hoë standaarde as belangrik beskou, dra hierdie houding aan sy kind oor. Adolessente seuns met hoë prestasiemotivering se vaders moedig hulle oor die algemeen aan om selfvertroue te ontwikkel en onafhanklik te funksioneer. Die bydrae van die vader sentreer dikwels daarom dat hy die seun voorsien van 'n model wie prestasie hoog aanskryf. (Rosen en D'Andrade, 1959.)

Biller (1971b) verwys na Mc Clelland en ook Veroff et al, wie se bevindinge daarop dui dat die man wie se vader afwesig was gedurende sy kinderjare, oor die algemeen laer prestasiemotivering toon, en ook minder beroepsukses ervaar as die man wie se vader aanwesig was gedurende sy kinderjare.

Dit is egter ook die vader se taak om sy kind te help om realisties te wees met betrekking tot sy talente en tekortkomings, en selfs ook oor sy mislukkings. Die seun moet so ondersteun word dat sy tekortkominge nie sy gevoel van eiewaarde beskadig nie. Hy moet gehelp word om te besef dat tekortkominge nie 'n mens se hele lewe ruïneer nie, maar dat mens ten spyte daarvan, 'n gelukkige en produktiewe lewe kan lei. Die vader moet sorg dra om nie oorkrities te wees en volmaaktheid as vereiste te stel nie. Baie leeglêers reageer teen ouers, veral vaders, wie materiële sukses beklemtoon bo vriendskap en innerlike vrede. (Biller en Meredith, 1974.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 5. MORELE ONTWIKKELING BY DIE SEUN

Morele ontwikkeling is die proses waardeur 'n persoon leer om beslissings te neem met betrekking tot reg en verkeerd, leer om skuldig te voel as dit nodig is, en die nodigheid aanvoel om te bieg vir sy wandade. Die kind is moreel volwasse as hy sy eie besef van reg en verkeerd in aanmerking neem wanneer hy 'n besluit neem, en as hierdie beginsels die belange van andere insluit.

Al die verskillende eienskappe binne die persoonlikheid, byvoorbeeld eiewaarde, prestasiemotivering en onafhanklikheid, funksioneer binne die raamwerk van morele beginsels. Verhoudings met vriende, die teenoorgestelde geslag of outoriteitsfigure, word beïnvloed deur 'n persoon se standaard van moraliteit (Biller en Meredith, 1974.)

Daar bestaan heelwat uiteenlopende sienings ómtrent die rol van die vader in die morele ontwikkeling van die seun. Sommige ondersoekers is van mening dat die vader 'n sentrale figuur is en eintlik onontbeerlik is vir gesonde morele ontwikkeling van die kind. Andere glo weer dat die vader geen noemenswaardige rol in hierdie verband speel nie.

### Die Psigoanalitiese standpunt

Hiervolgens word die vader eers gedurende die falliese ontwikkelingsfase (3-4 jaar) werklik van belang in die ontwikkeling van die kind. Die seun identifiseer in hierdie stadium met sy vader ten einde sy kastrasievrees te kan hanteer. Terwyl identifikasie plaasvind, internaliseer die seun ook ander eienskappe van die vader. So verkry die seun toepaslike geslagsroleienskappe, en internaliseer ook die morele reëls en waardes waaroor die vader beskik.

Volgens die Psigoanalitiese benadering is die vader onontbeerlik vir normale morele ontwikkeling by die seun. Indien die vader afwesig is, vind 'n sekere mate van morele ontwikkeling

© University of Pretoria

wel plaas deur middel van identifikasie met die moeder, maar daar word veronderstel dat hierdie seun moreel nie so sterk ontwikkel nie, en oor 'n swakker superego beskik as die seun wie se vader aanwesig is.

Sosiale leerteorie

Hierdie benadering ken geen besondere rol aan die vader toe nie. Ondersteuners van hierdie benadering is van mening dat morele ontwikkeling bloot een aspek is in die spektrum van eienskappe wat deur die kind aangeleer word, en dat dit onderworpe is aan dieselfde leerwette as enige ander eienskap.

Leerteoretici beklemtoon versterking (vergoeding en straf) en modellering as kragte in die leerproses. Kinders leer gedragswyses aan waarvoor hulle vergoed word, en is veral geneig om modelle wie affeksioneel warm is, na te boots. Die vader se bydrae tot sy kind se morele ontwikkeling word dus bepaal deur die vader se eienskappe as rolmodel.

Die Personologiese benadering

Die rol van die vader en moeder in die morele ontwikkeling van die kind word nie van mekaar onderskei nie. Karakter word gevorm deur houdings en motiewe wat die persoon se gedrag struktureer, en hierdie eienskappe word gevorm deur ervarings wat die kind in die gesin opdoen. Die kinderjare word gesien as die belangrikste tyd in die vorming van die morele karakter. (Lamb, 1976.)

Die Kognitiewe teorie

In die kognitiewe benadering word die vader ook nie uitgesonder as unieke rolmodel in die kind se morele ontwikkeling nie. Piaget, 'n groot ondersteuner van hierdie benadering, onderskei twee fases in morele ontwikkeling, te wete morele realisme en samewerking.

Tydens die fase van morele realisme sien die kind morele waardes

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en beperkinge as komende van buite homself, en dat hierdie sake nie veranderbaar is nie. Die kind verwag straf as hy die voorskrifte oortree, en daar word gehou by morele vereistes bloot as gevolg van vrees vir eksterne straf deur outoriteit, en nie omdat morele waardes geïnternaliseer is nie. Die tweede fase word gekenmerk deur die etiek van wedersydse respek. Reëls word nou gesien as van belang vir beide partye en ook dat dit veranderbaar is met die goedkeuring van beide partye. Morele beginsels word geïnternaliseer, sodat die kind morele waardes respekteer sonder die nodigheid van eksterne sanksies. (Piaget, 1948.)

Kohlberg (Biller en Meredith, 1974) onderskei ses stadia in die ontwikkeling na volle morele volwassenheid. Die redes waarom die kind sekere moreel korrekte dinge doen, varieer van stadium tot stadium. Gedurende fase 1 doen hy die dinge omdat hy gestraf sal word as hy nie gehoorsaam nie. In fase 2 besef hy dat dit voordele inhou om te doen wat van hom verwag word. Tydens fase 3 wil hy ander plesier, want hy is mos 'n goeie kind. Die kind gehoorsaam diegene wie beter weet as hy gedurende fase 4. Gedurende die vyfde fase doen die kind sekere dinge omdat die reëls en wette van die samelewing gerespekteer moet word, en tydens fase 6 tree hy moreel korrek op omdat sy verstand aan hom sê dat dit reg is. Tydens elke fase leer die kind nuwe redes vir sy gedrag aan, en inkorponeer dit by sy morele beginsels. Min of meer op negejarige ouderdom begryp die kind die moraliteitsbeginsel van fase 6.

Dit is moontlik dat die kind kan vassteek op een van die vlakke, en dan die beginsels van die besondere vlak, as primêre motivering vir sy moraliteit gebruik. Hierdie toestand kan voortgesit word tot in volwassenheid, soos gesien in die persoon wie alles volgens wet en beginsel van die samelewing beoordeel (fase 5). Daar moet egter nie uit die die oog verloor word nie dat elke mens, selfs die persoon wie meestal op die sesde vlak funksioneer, soms dinge doen as gevolg van motivering uit een van die laer vlakke.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die vader se spesiale taak in die morele ontwikkeling van sy kind, is dat die vader die normatiewe standaarde van die samelewing na die huis bring. Tydens identifikasie neem die seun via sy vader die morele standaarde van die samelewing, sowel as die motivering- en kontrolesisteme wat benodig word om daarby aan te pas, aan (Hoffman, 1971).

Ten einde tot morele volwassenheid te ontwikkel, benodig die kind 'n sin vir tyd en skedules. Hy moet die geduld hê om bevrediging uit te stel, en om die versoeking van die oomblik te weerstaan ten einde later vergoeding te ontvang. Indien hy goeie punte aan die einde van die skooljaar wil behaal, moet hy deur die loop van die jaar sy huiswerk doen. Die vader het baie te doene met roosters en tydintervalle soos ingestel deur die samelewing. Die moeder reël sake tuis gewoonlik soos dit haar pas, maar die vader is die slaaf van die horlosie. Hy moet op 'n sekere tyd by die werk wees, en kry 'n tydgrens vir die uitvoer van take. Die vader is derhalwe die ideale persoon van wie sy seun kan leer om persoonlike behoeftebevrediging uit te stel, ter wille van ander doelwitte. (Biller en Meredith, 1974.)

Hoffman (1971) is van mening dat die vader 'n model van selfkontrole voorsien, en in dissipline die ekspressie van aggressie eerder ontmoedig as aanmoedig. Die man word opgevoed om nie aggressie, veral fisies van aard, te gebruik teenoor diegene wie swakker en hulpeloser as hy is nie. Indien sodanige ervarings ontbreek, ontwikkel die seun minder effektiewe kontroles, en is meer daartoe geneig om overt uitdrukking aan aggressie te gee. Seuns wie kontak het met 'n toereikende vader, is meer daartoe geneig om aggressie in die werklike lewe te beheer, maar uitdrukking daaraan te gee in fantasie.

Dit is die vader se taak om sy kind se morele opvoeding so te hanteer dat die seun 'n werksverhouding met die wêreld kan aangaan. Tydens bevordering van die kind se morele ontwikkeling, help die vader hom ook om 'n houding teenoor outoriteitsfigure te ontwikkel. Die kind let op hoe sy vader teenoor outori-

© University of Pretoria

teitsfigure reageer. Indien 'n outoriteitsfiguur onredelik teenoor die kind opgetree het, kan die vader sy kind bystaan deur aan hom moontlike redes vir die foutiewe optrede uit te wys, en nie deur die outoriteitsfiguur summier te verwerp nie. Die kind moet leer om verdraagsaam te wees teenoor 'n persoon wie 'n fout begaan. Indien 'n persoon opgroei met aanvaarding vir outoriteit, verwerp hy wel foutiewe beginsels en optrede, maar verwerp nie sondermeer alle wette en beginsels asook persone wie foute begaan nie.

Die wyse waarop die kind opgevoed en gestraf word, bepaal sy houding teenoor morele waardes en outoriteit. 'n Warm affeksionele verhouding met sy vader, moedig die seun aan om met sy vader te identifiseer, en daarmee saam ook die morele beginsels van die vader aan te neem. Die kind moet besef dat sy vader hoë verwagtings van hom koester, en teleurgesteld raak as hy onbekwaam optree.

Dis belangrik om te onderskei tussen moreel gesaghebbende en moreel gebiedende optrede deur die vader. Die moreel gesaghebbende vader is 'n persoon wie sy kind lei tot wat reg is, maar laat die kind se eie gewete 'n beslissende faktor wees. Die moreel gebiedende vader skryf morele vereistes aan sy kind voor sonder dat die kind enige sê of deelname daarin het. Heelwat studies verbind onvolwasse morele ontwikkeling met sulke gebiedende en oormatige streng ouers. (Biller en Meredith, 1974.)

Mussen en Rutherford (1963) vind dat seuns wie die mededeelsaamste is met hul lekkergoed, hul vaders konstant ervaar as affeksioneel warm en gemoedelik. Dit kom voor asof 'n affeksioneel bevredigende verhouding met die vader 'n sleutelfaktor is in die internalisering van morele waardes deur die kind. Indien 'n nabye verhouding tussen vader en seun bestaan, is dit vir die vader heelwat makliker om sy seun te leer wat die samelewing van hom verwag ten opsigte van verantwoordelikheid en moraliteit. (Biller, 1971b.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die vader kan sy seun ook ondersteun in sy morele ontwikkeling deur die kind se optrede en die gevolge daarvan met hom te bespreek. Daar moet egter in gedagte gehou word waar die kind op die sespuntskaal (Kohlberg) funksioneer, sodat die vader se redenasies vir hom begryplik sal wees. Daar is bewys dat die kind die beste baat by so 'n bespreking, as hy blootgestel word aan redenering op die vlak net bo die een waarop hy op die oomblik funksioneer.

Die wyse waarop die vader morele aspekte hanteer, oefen groot invloed uit op die seun se morele ontwikkeling. Die seun wie waarneem hoe sy vader te werk gaan, hoe hy sorgvuldig inligting versamel en 'n beslissing neem op grond van relevante feite, leer die kind hoe om morele aspekte te hanteer en ook om moreel abstrak te dink. Dit is van waarde vir die seun indien hy kan deelneem aan die morele aktiwiteite van die vader. Moontlik verstaan die kind nie op die oomblik presies wat aangaan nie, maar herinneringe aan hierdie gebeure voorsien die kind van die nodige leiding, as hy hom later in soortgelyke situasies bevind. Indien die vader hom bevind in 'n situasie waarin hy nie tot 'n besluit kan kom nie, moet hy dit aan sy seun verduidelik. Die kind moet leer om saam te leef met dubbelsinnigheid indien hy volle morele wolwassenheid wil bereik. (Biller en Meredith, 1974).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 1. PUBERTEIT

### Inleiding

Puberteit is die stadium in ontwikkeling wanneer volwasse liggaamsproporsies en psigoseksuele eienskappe wat benodig word vir manlikheid, hul verskyning begin maak. Hoewel puberteit vroeg in die tweede dekade van die lewe in aanvang neem, kan hormonale veranderinge reeds vroeër opgemerk word. Die funksie van die geslagskliere word tydens puberteit gevestig en seksuele ontwikkeling bereik sy hoogtepunt met nagtelike emissie deur die seun. Sekondêre geslagskenmerke, byvoorbeeld breek van die stem, maak ook nou hul verskyning. (Pikunas 1961; Foster en English, 1962; Bakwin en Bakwin, 1972.)

Behalwe fisiese groei en die bereik van seksuele volwassenheid, vind intense emosionele, sosiale, kognitiewe en persoonlikheidsontwikkeling plaas. Dit is die stadium waarin daar begin word met die soeke na 'n eie persoonlikheid en karakter en 'n eie identiteit terwyl waardes en ideale van persoonlike belang ontdek word. Hierdie stadium word ook gekenmerk deur intieme portuurgroepaffiliasie. Die uitwerking van seksuele ontwikkeling op die selfkonsep en persoonlikheid kan nie oorbeklemtoon word nie. (Pikunas, 1961).

### Fisiese veranderinge

Die verskil tussen die geslagte word gedurende puberteit gesien in die ontwikkeling van skelet- en spiersisteme, byvoorbeeld verbreding van die seun se skouers. Sekondêre geslagseienskappe maak ook nou hul verskyning. Die testes ontwikkel, pubiese hare maak hul verskyning en daar kom veranderinge in die stemkwaliteit. (Pikunas, 1961.)

Sodra die funksies van die geslagskliere in aanvang neem, is fisiologiese volwassenheid bereik. Die jong seun is nou daartoe instaat om kinders te verwek, maar in ons kultuur moet verskeie jare nog verloop alvorens die persoon

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

emosioneel of ekonomies volwasse genoeg is om in die huwelik te tree en kinders te versorg. (Hurlock, 1959; Foster en English, 1962.)

Effens vroeë bereiking van seksuele volwassenheid hou vir die seun voordele in. Hierdie seun lyk meer volwasse as sy maats, en is dikwels meer populêr met meer sosiale prestige in sy portuurgroep as die seun wie stadig ontwikkel. Hy word dikwels deur die portuurgroep bewonder vir sy fisiese krag en atletiese manhaftigheid. Baie vroeë aanvang van puberteit bring egter dikwels mee dat die persoon nie aanvaarbaar is binne sy eie ouderdomsgroep nie, terwyl hy ook nog nie deur 'n ouer groep aanvaar word nie. (Hurlock, 1959; Pikunas, 1961).

Op soortgelyke wyse kan die seun met 'n vertraagde puberteitsontwikkeling en gevolglike kleiner liggaam met minder krag as sy portuurgroep, onder druk kom om hom uit sy eie ouderdomsgroep te onttrek. Hy probeer dan dikwels kompenseer deur assosiasie met 'n jonger ouderdomsgroep. So 'n gebeurtenis lei egter dikwels tot gevoelens van onbekwaamheid, mislukkig en lae eiewaarde.

Peskin (1973) wys op negatiewe gevolge wat kan ontstaan as gevolg van die vroeë aanvang van puberteit. Die kind wie vroeg volwasse word, het 'n korter latente fase, en gevolglik minder tyd om hom voor te berei op puberteit. Hy het minder tyd om die wêreld te eksploreer en motoriese en intellektuele vaardighede uit te brei. Die seun wie eers laat volwasse word, voel minder bedreig deur 'n toestand waarvoor hy baie tyd gehad het om voor te berei. Peskin vind ook dat die seun wie later volwasse word 'n hoër aktiwiteitsvlak het as die een wie vroeg volwasse word. Laasgenoemde kind moet aangepor word om dinge te doen.

Puberteit word gekenmerk deur vinnige groei en liggaamsveranderinge wat snel plaasvind. Hierdie veranderinge is geneig om uitputting en lusteloosheid tot gevolg te hê. Die puber is dan voortdurend moeg en doen so min as moontlik.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die uitputting predisponeer die seun tot senuweeagtigheid, geïriteerdheid en algemene emosionaliteit.

Gedurende hierdie fase word nuwe pligte en verantwoordelikhede egter deur die samelewing aan die kind toegesê. Die seun kom groter en meer volwasse voor en daar word gevolglik meer druk op hom uitgeoefen, en dit in 'n stadium wanneer hy juis die las van ekstra verpligtinge moeilik kan dra. Indien die kind nou beskuldig word van luiheid en ongemotiveerdheid, kan dit lei tot antagonisme en verwerping, en hy word nog minder gemotiveer om te doen wat van hom verwag word. (Hurlock, 1959.)

Gedurende puberteit is daar 'n oorgang van 'n kinderliggaam en 'n kinderlike uitkyk op die lewe asook kinderlike gedragsvorme, na 'n volwasse liggaam en meer volwasse houdings en gedragspatrone. Vinnige groei van die bene en spiere lei tot lompheid en maak die puber besorg oor sy bewegings. Ongemak en spanning ontstaan as gevolg van die seksuele funksies en die seun raak ontsteld as gevolg van die nagtelike emissie en sterkte van sy seksuele impulse. Die breek van sy stem plaas hom in die verleentheid en lei tot teruggetrokkenheid. Al die vinnige veranderinge lei tot verwarring en gevoelens van onbekwaamheid en onsekerheid. (Hurlock, 1959; Pikunas, 1961.)

Die aanvang van die geslagskliere se werking kan die drang om te masturbeer stimuleer en 'n verhoging in die frekwensie van masturbasie meebring, aangesien dit verligting van seksuele spanning meebring. Die plesier hieraan verbonde en die fantasieë wat daarmee saamhang lei egter dikwels tot gevoelens van angs en skuld wat aanleiding gee tot depressie. Vrees ontstaan by die seun dat sy sterk seksuele en aggressiewe impulse hom in die moeilikheid sal laat beland. Sommige kompenseer deur vir 'n tydlank oormatig skaam te word, andere word baie vyandig en sommige word baie religieus ingestel. (Foster en English, 1962.)

Ten einde gesonde ontwikkeling te verseker, moet die kind be-

© University of Pretoria

heer oor sy drange en behoeftes aanleer. Dit is belangrik dat die ouer in hierdie stadium die groei van innerlike kontrole en moraliteit aanmoedig. ten einde te help in die herkanalisering van sommige van die energie na gesublimeerde en kreatiewe doelwitte.

Die puber se verhoogde sosiale bewustheid en behoefte aan intieme portuurgroepvriendskap, maak hom gereed om te konformeer aan die verwagtings van sy tydgenote. Hy wil graag positiewe verhoudings hê en begeer sosiale aanvaarding. Die seun begin nou belangstel in meisies en besef gou dat kontak met die teenoorgestelde geslag 'n belangrike rol speel in eiewaarde en sosiale aansien. Indien hy nie 'n positiewe beeld van die teenoorgestelde geslag in die huis ontwikkel het nie, ontstaan ambivalente gevoelens en wantroue maklik teenoor die teenoorgestelde geslag.

Nadat seksuele volwassenheid bereik is en groei stadiger verloop, het die puber meer energie tot sy beskikking. Dit dra by tot verbetering in sy gedrag, intellektuele prestasies en sosiale verhoudings. (Pikunas, 1961.)

Psigiese ontwikkeling

Die vinnige fisiese groei en belangrike anatomiese en psigologiese veranderinge, bring mee dat die vroeëre vertroue in die liggaam, asook die beheer oor sy funksies skielik ontwrig word. Vinnige verandering in liggaamsisteme is geneig om te lei tot verhoogde selfbewustheid, wat invloed uitoefen op die selfkonsep. Vertroue in die liggaam moet geleidelik herwin word deur herevaluering van die liggaam en die selfkonsep. Die groei in liggaamstrukture stimuleer ook veranderinge in houdings tot die self en andere.

'n Essensiële eienskap van geluk is selfaanvaarding. Dit is moeilik vir die puber om selfaanvaardend te wees as hy angstig en besorg is oor sy veranderende liggaam en as hy ontevrede is met sy beeld wat hy in die spieël sien.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Besef van die belang wat voorkoms speel met betrekking tot sosiale aanvaardihg dra by tot die puber se besorgheid oor sy veranderende voorkoms. Gevoelens van onbekwaamheid en minderwaardigheid ontstaan maklik indien die puber aspekte waarin hy van sy portuurgroep verskil as tekortkominge en abnormaliteite interpreteer. Die puber soek juis gerusstelling binne die portuurgroep wie self in 'n stadium van verandering is. Enige mislukking is baie ontmoedigend en motiveer onttrekking. Dit lei tot depressie, woede en aggressie teenoor andere. (Hurlock, 1959; Pikunas, 1961; Maier, 1969.)

Die puber kompenseer dikwels vir mislukkings en ontevredenheid deur dagdromery. Puberteit is egter ook die stadium waartydens 'n volwasse intellektuele vlak bereik word, asook 'n toename in die vermoë om verhoudings te kan insien en essensiële feite te verstaan. (Pikunas, 1961.) Die invloed van veranderinge gedurende puberteit word grootliks getemper deur die puber se vermoë en bereidwilligheid om sy besorgdhede en angs met andere te bespreek. Op die wyse kry hy nuwe perspektief daarop en verstaan sake in verhouding beter. (Hurlock, 1959.)

Tydens puberteit kry die ontwikkeling van die intellek betekenis vir die kind. Hy begin besef dat intellektuele aktiwiteit 'n persoonlike en sosiale doel dien en dat dit 'n rol speel in die vorming van 'n eie identiteit. (Palmer, 1970.)

Gevoelens van teerheid en affeksie wat vroeër op die ouers gerig was word nou gerig op persone van die kind se eie ouderdomsgroep. Die puber ontwikkel persoonlik en sosiaal al verder weg van intieme kontak met sy ouers. Hy wend baie pogings aan om affeksie, vertroue en aansien in die portuurgroep te hê, en soek ook sy sekuriteit in portuurgroepidentifikasie. Ouerlike eise en beperkinge word dikwels gesien as struikelblokke in portuurgroepverhoudings en -aktiwiteite.

© University of Pretoria

Pogings om seksuele en sosiale volwassenheid te bereik is seker van die moeilikste take tydens puberteit. Die verskuiwing van affeksie van die ouers na die portuurgroep, asook persone van die teenoorgestelde geslag, is 'n belangrike verandering in emosionele katexis en sentreer hoofsaaklik om emosionele onafhanklikheid van die ouers. Emosionele sensiwiteit en 'n strewe na emansipasie is noodsaaklike voorvereistes vir groei na die portuurgroepgemeenskap. (Pikunas, 1961.)

Soos wat puberteit vorder, verhoog emosionele sensitiwiteit. Dit is veral te siene in die variasie van gemoedstoestande wat ervaar word. Die puber is dikwels 'n bondel teenstrydighede, hy kan soms kinderlik egoïsties ingestel wees, en dan weer volwasse altruïsme toon. Sy gedrag word voortdurend gekenmerk deur 'n sekere mate van onstabiliteit en onsamehangendheid. Mettertyd verstaan die puber sy persoonlike verantwoordelikheid beter en sien die toekoms as 'n uitdaging. (Pikunas, 1961).

Ongelukkig is die puber se gedrag dikwels van so 'n aard dat dit verwerping uitlok. Woede-uitbarstings en rusteloosheid skep die indruk dat die persoon nie ooreenkomstig sy ouderdom optree nie. (Hurlock, 1959.) Die puber is bewus van sy onbekwame emosionele gedrag en swak kontrole, en ervaar heelwatvrees as gevolg van sy eie inkonsekwentheid. Soos wat ontwikkeling vorder, ontwikkel die puber positiewe houdings teenoor homself en andere, en raak meer altruïsties ingestel. (Pikunas, 1961.)

Dit is belangrik dat die kind so bygestaan word dat sy deeltjie onafhanklikheid ontwikkel tot 'n ferm besitting waarop hy kan staatmaak. (Mitscherlich, 1969.) Individuele onafhanklikheid word hoog aangeskryf in die vrye wêreld. Die kind in ons kultuur veg dus meer daarvoor as 'n kind wie in 'n andersoortige kultuur opgroei. Ten einde die kind by te staan in sy strewe na onafhanklikheid, moet die fisiese en psigologiese veranderinge wat hy gedurende puberteit ondergaan, begryp word. (Bakwin en Bakwin 1972.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tydens puberteit begin die seun dink oor homself en dinge wat hom en andere raak. Sy verpligtinge, andere se verwagtings, veral die van die teenoorgestelde geslag word onder die soeklig geplaas. Nou is die tyd dat geleer moet word om 'n balans te handhaaf tussen die najaag van plesier en die bevrediging van eie behoeftes, teenoor die aanvaar van verantwoordelikheid en diens aan medemens, land en God. Die puber dink en eksperimenteer self en verlaat hom nie meer geheel en al op die opinie van ouers en onderwysers nie. Waardes en religieuse sisteme word herevalueer. Die ouers het hier 'n belangrike rol te vervul, deur hul eie geloof te verduidelik, en om hul kind te help om te besef watter rol religie in die volwasse lewe speel. (Pikunas, 1961.)

Die probleem waarmee die puber dikwels te kampe het is ambivalente emosionele houdings. Die jong persoon word heen en weer getrek tussen teenoorgestelde gevoelens tot dieselfde persoon of saak. Hy is geneig om skerp en weersprekende kritiek teenoor andere uit te spreek, maar ook sy opinie oor homself varieer vinnig tussen hoogtes van oormatige selfvertroue en eiewaarde, tot dieptes van 'n vreesaanjaende gevoel van ongenoegsaamheid. Saam met die groei van egokapasiteite, keer die persoon egter mettertyd terug na 'n gebalanseerde houding teenoor homself en andere. (Mitscherlich, 1969.)

Dit is bemoedigend om te weet dat 'n jong persoon wie sonder oormatige spanning suksesvol deur die puberteitsfase beweeg tot 'n groot mate seker kan wees emosionele standvastigheid in die toekoms. "An adequate adjustment at this time usually means an adequate adjustment in the future. This period is an important indicator of future mental health." (English en Foster, 1962.)

Terwyl die puber die bande tussen hom en sy ouers losmaak, ontbreek hy egter nog die nodige sekuriteit in homself, en soek ondersteuning deur konformiteit in die portuurgroep. Baie van die onverstaanbare optrede van die puber is maniere waarop hy sy identiteit toets, hy wil sien of hy dinge op

© University of Pretoria

sy eie unieke manier kan doen. Tog is hy ook bang om heeltemal anders te wees, hy wil ook een met 'n groep wees. Sodra die kind breek met gesinsbande, word die vorming van sy identiteit bevorder deur kompetisie met die portuurgroep, prestasiemotivering, asook sosiale verwagtings en kontrole. Aangesien die puber nog geen duidelik beeld van homself as individu het nie, is hy ook geneig om 'n verdraaide beeld van ander persone en sake te hê. (English en Foster, 1962; Palmer, 1970.)

Preokkupasie met die self en bekommernis oor persoonlike bekwaamheid en sosiale status neem nou toe. Die puber is bekommerd oor homself en sy voorkoms en is besonder krities ingestel, veral omdat hy nou beter in staat is as vroeër, tot kritiese evaluering. (Pikunas, 1961.)

Dit is betekenisvol om in gedagte te hou dat die selfpreokkupasie en konflikte gedurende puberteit 'n normale verskynsel is. Anders as volwasse konflikte wat dikwels neuroties of psigoties van aard is, is die konflikte tydens puberteit meestal ontwikkelingskonflikte wat van verbygaande aard is.

<u>Die rol van die vader</u>

Al die veranderinge wat in die puber se lewe plaasvind stem hom tot besorgdheid en hy voel dikwels skaam daaroor. Teen hierdie tyd behoort die seun egter reeds van sy vader geleer het wat om te verwag ten opsigte van fisiologiese veranderinge, sodat hy vry kan voel om vrae te vra oor dinge wat hy nie verstaan nie. Indien 'n positiewe verhouding tussen vader en seun bestaan, voel die seun nou gemakliker om met sy probleme en fisiese veranderinge na sy vader as na sy moeder te gaan. Hy voel dat sy vader wie ook 'n man is soos hy, waarskynlik dergelike ervarings gehad het. (English en Foster, 1962.)

Een van die belangrikste bydraes wat ouers kan lewer tot die suksesvolle seksuele ontwikkeling van hul kind, is om hom voor te berei op wat om te verwag en ook min of meer wanneer om dit te verwag. (Hurlock, 1959.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gebrek aan kontak met die vader, asook ouerlike onsensitiwiteit ten opsigte van die puber se behoeftes, dra by tot emosionele ongemak en spanning in die kind. Indien hierdie tipe ervarings voortdurend voorkom en spanning akkumuleer, kan dit mettertyd die organismiese balans en gesonde funksionering negatief beinvloed. (Pikunas, 1961).

Nuwe verdedigingstaktiek is nodig om die probleme van puberteit te hanteer. Die puber wie nog nie die nuwe maniere altyd met sukses kan implementeer nie, neem dikwels sy toevlug tot dagdromery, aggressie en diskriminasie teenoor ander. Dit kan as sterk motivering vir die puber dien om die verpligtinge en verantwoordelikhede van volwassenheid te aanvaar, indien die belangrike volwassenes in sy lewe, klem lê op die voordele en voorregte verbonde aan volwassenheid. Die puber kry dan die gevoel dat dit die moeite werd is om wel volwasse te word. (Pikunas, 1961; English en Foster, 1962.)

Die seun het tydens puberteit heelwat probleme wat hy moet hanteer. Die dogters is sy klas is tydelik sy meerdere in fisiese, sosiale, emosionele en geestelike ontwikkeling. Hulle oorheers in die klaskamer en dra al die pryse weg. Die vader moet daarteen waak om nie gedurende hierdie tydperk, vergelyking tussen die geslagte as 'n aansporingsmiddel te gebruik nie.

Soms laat die seun se seksuele ontwikkeling die vader besef dat hy ouer begin word. Dit kan gebeur dat hy jaloers raak op sy seun, en gevolglik nie die tekens wat dui op sy seun se toenemende manlikheid verwelkom nie. Die vader moet sorg dra dat hy nie probeer om sy seun kinderlik en afhanklik te hou, ten einde self die belangrike manlike element in die gesin te bly nie. Puberteit is juis een van die kritieke periodes in die kind se ontwikkeling wanneer 'n positiewe houding deur die vader ingeneem behoort te word oor die rolle wat mans en vrouens in die samelewing speel. Die vader behoort nie neutraal te staan teenoor sy seun se seksualiteit, en die rol wat hy as man sal speel nie. Tydens hierdie periode van onsekerheid en spanning moet die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vader na aan sy kind wees, sodat hy bewus kan wees van dinge wat hom pla, en sy seun gerus kan stel indien nodig. Die seun moet byvoorbeeld gehelp word om te besef dat seksimpulse op sigself nie sleg is nie, maar dat dit sleg is as hulle nie intelligent hanteer word nie. Die vader kan 'n groot bydrae lewer om sy seun te help om instinktiewe dryfkragte in harmonie met sosiale waardes van die kultuur te bring. 'n Louwarm houding teenoor die volle betekenis van puberteit in die kind se lewe, kan 'n hindernis wees in die realisering van sy potensialiteite. (English en Foster, 1962.)

Baie van die skynbare wangedrag gedurende puberteit word geaktiveer deur die groeiende drang na onafhanklikheid. Hierdie drang maak dit moontlik om uit die kinderjare te beweeg en stu die kind voort na emansipasie en volwasse onafhanklikheid. Die vader moet hierdie drang respekteer en binne perspektief sien en nie die puber probeer terughou in sy strewe na volwassenheid nie. Indien die seun nog behandel word soos 'n aantal jare gelede is hy geneig om hom te verset en kom in opstand, of hy word 'n permanente swakkeling wie nie kan breek met die gesinsbande nie. Die vader wie 'n positiewe affeksionele verhouding met sy kind het, hoef nie te vrees dat hy sy seun sal verloor nie, want die kind wie sy ouerhuis geniet het, word nooit volledig daarvan geëmansipeer nie. (English en Foster, 1962.)

Die vader kan 'n groot bydrae lewer tot gesonde ontwikkeling deur verdraagsaam te wees teenoor sy seun se ambivalente gevoelens en teenstrydige optrede. Die puber is nie soseer 'n probleem as dat hy probleme probeer oplos nie. Indien die kind sy ambivalensie teenoor sy vader leer hanteer, kan hy dit ook teen ander outoriteitsfigure hanteer. (Mitscherlich, 1969.)

Daar moet gepoog word om gevoelens van ongelukkigheid in die puber te voorkom en indien dit wel voorkom, moet hy gehelp word om dit spoedig op te los, sodat dit nie gewoontevormend

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word nie. Baie van die puber se onaanvaarbare gedrag is dikwels maniere om ongelukkigheid te hanteer en angs en spanning draagliker te maak. Die puber moet gehelp word om te besef dat baie dinge wat vir hom onaanvaarbaar is, van verbygaande aard is. Die vader kan 'n groot steunpilaar word deur sy seun te help om sy voorkoms te verbeter deur middel van oefening. Indien die puber kennis het oor wat besig is om met hom te gebeur, en dat dit 'n verbygaande fase in ontwikkeling is, het hy 'n meer filosofiese benadering ten opsigte van die veranderinge in homself en sy liggaam en het minder rede tot kommer en ongelukkigheid. (Hurlock, 1959.)

Tensy die kind 'n groot hoeveelheid sosialiseringservaring voor puberteit opgedoen het, vind hy dit moeilik om met al die veranderinge suksesvol aan te pas. Die wêreld wat in die laat kinderjare stabiele buitelyne gehad het, blyk nou verbluffend raaiselagtig as gevolg van al die nuwe onsekerhede. Dit gebeur soms dat jongmense gefikseer bly op 'n kinderagtige vlak van hongerige gryp na genot en bevrediging in die lewe. Te min affeksionele versorging en liefde gedurende die vroeër kinderjare is belangrike bydraende faktore tot so 'n toestand. Hierdie persoon het nie 'n voorraad van affeksionele bevrediging wat kan oorloop na andere nie, maar benodig self voortdurend emosionele voeding. "Many of our 'selfish' young people are merely themselves emotionally malnourished." (English en Foster, 1962, 130.)

Beginsels wat vasgelê word gedurende puberteit word in later jare voortgesit. Die adolessent wie sy ouers meedeel waarheen hy saans gaan, het dit op 'n vroeër ouderdom aangeleer. Die vader kan homself baie populêr maak deur deel te hê aan sy seun se persoonlike en sosiale aktiwiteite. Wanneer die seun in groepe begin uitgaan, kan die vader betrokke wees deur byvoorbeeld te help met die chauffering. So 'n vader word gou gesien as 'n vertroueling eerder as 'n morpot.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ouers is geneig om gedurig te beplan vir 'n gelukkige môre wanneer die kind 'n pluimpie vir hul opvoeding kan wees. Teen daardie tyd is die kind egter gereed om die wêreld op sy eie te betree, en die ouers voel dan verwerp en verstote. Wanneer elke ontwikkelingsfase saam met die kind deurleef word, besit die ouers tydens die kind se emansipasie, wel 'n gevoel van innerlike genoegdoening en tevredenheid. Daar moet in gedagte gehou word dat "A perfectly serene solution is impossible. To have it painless either for parent or child is not in the cards." (English en Foster, 1962, 172.)

Ontwikkelingstake tydens puberteit

Baie ontwikkelingstake wat gedurende puberteit in aanvang neem, word gedurende adolessensie voortgesit. Pikunas (1961) onderskei egter sekere take wat gedurende puberteit suksesvol hanteer moet word, ten einde bevredigende aanpassing in adolossensie moontlik te maak.

a) Liggaamskontrole

Vinnige fisiese ontwikkeling gedurende puberteit lei tot lompheid, 'n swak houding en fisiese ongemak. Herwin van kontrole oor die liggaam is 'n voortdurende taak van die puber

b) Portuurgroepidentifikasie

Tydens puberteit word die kind gekonfronteer met twee stelle motiewe. Daar is aan die een kant die egoïstiese dryfkragte wat gerig is op plesier, en aan die anderkant die behoefte aan goedkeuring en interpersoonlike intimiteit wat 'n meer altruïstiese instelling vereis. Die portuurgroep word nou belangrik en die kind leer geleidelik om sy houdings en optrede aan te pas by die eise van die groep. Sukses in hierdie ontwikkelingstaak is 'n hoofstap daarin om emosioneel en sosiaal te identifiseer met persone en groepe anders as die ouers en gesin.

© University of Pretoria

Hierdie vermoë is van kritieke belang vir suksesvolle sosiale aanpassing in later jare.

c) Sosiale sensitiwiteit

Die puber stel belang in die goedkeuring en aanvaarding van andere, insluitende die portuurgroep. Kontak met die portuurgroep help die puber om kennis te verkry aangaande ander persone se behoeftes, voorkeure en verwagtings. Dit dra by tot verhoogde sensitiwiteit in interpersoonlike verhoudings.

d) Selfreorganisasie

Tydens puberteit vind 'n reorganisasie van die kinderpersoonlikheidstruktuur plaas. Nuwe houdings, belangstellings en die ontwakende seksualiteit lei tot reorganisasie van die totale persoonlikheid. Die puber wie besig is om homself te heroriënteer teken skerp beswaar aan indien sy ontluikende selfkonsep nie erken word nie.

e) Eksterne belangstellings en aktiwiteite

Gewoonlik is die puber gepreokkupeer met homself en verwyl baie tyd met dagdrome en fantasie. Hy moet egter ook sover kom om eksterne belangstellings en aktiwiteite te ontwikkel, want ontwikkeling van sy vermoëns word daardeur bevorder.

f) Groei en selfregulering

Selfkontrole moet gehandhaaf word ten einde seksuele impulse en emosies te beheer. Netso moet optrede byvoorbeeld woede-uitbarstings en buierigheid wat interpersoonlike verhoudings kan versteur, in bedwang gehou word. Pogings om interne kontrole tot stand te bring, en hom te bevry van eksterne dominansie, dra by tot die puber se selfgerigtheid en bevestig sy individualiteit. Groei in selfregulering is absoluut onontbeerlik vir die ontwikkeling van vaardighede in interpersoonlike kommunikasie. "...... the pubescent must figuratively suffer the death of his childhood ways if he is to develop into a fairly adjusted and useful adult." (Pikunas, 1961, 232.)

© University of Pretoria

## 2. DIE INVLOED VAN DIE VADER SE AFWESIGHEID

Die vader is een van die kind se twee hoof sosialiseringsfigure. Hierdie feit alleen bring mee dat sy afwesigheid 'n enorme gaping in die kind se ervaringswêreld laat ontstaan. (Hoffman, 1971.)

Verskeie faktore, byvoorbeeld die kind se ouderdom toe sy vader oorlede is, en die moeder se reaksie op die afwesigheid van die vader, speel 'n rol in die mate waartoe hierdie verlies die kind beïnvloed. Die skadelike uitwerking op die kind ontstaan dikwels eerder as gevolg van langtermyn sosiale gevolge en die oorblywende ouer se emosionele reaksie op die verlies, as die impak van die afwesigheid op sigself.

Meeste data toon dat afwesigheid van die vader die skadelikste is indien dit voor die vyfde lewensjaar voorkom, terwyl die langtermyngevolge dan in die laat kinderjare en adolessensie na vore tree. Rutter vind dat die verlies van 'n ouer op drie- tot vierjarige ouderdom veral skadelik is, omdat dit die stadium is wanneer die ouers benodig word as modelle vir identifikasie. Kinders van wie 'n ouer oorlede is, word oor die algemeen nie gou na die afsterwe verwys as gevolg van abnormale gedragswyses en aanpassingsprobleme nie. Verwysing vind nogal dikwels gedurende die puberteitsfase plaas. (Wolff, 1969.)

Wolff verwys na Sylvia Anthony wie vind dat die kind eers na die ouderdom van vyf jaar 'n idee begin vorm van wat dood is, hoewel daar nog baie wanopvattings bestaan oor hoe dit plaasvind en wat die implikasies daarvan is. Tot en met agt jaar glo die kind dat die oorsaak van die dood gewoonlik wraak op 'n oortreding is of dat dit plaasvind as gevolg van die kind se eie slegte wense. Eers op die ouderdom van nege jaar aanvaar die kind die dood realisties as 'n biologiese feit. Aangesien die kind se vermoë tot toekomsverwagting beperk is, en sy begrip van verbale verduidelikings nog nie goed ontwikkel is nie, het selfs 'n tydelik skeiding dieselfde uitwerking as 'n permanente verlies. "Death and absence

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



have the same effect." (Wolff, 1969, 78.) In samehang hiermee vind Hoffman dat die uitwerking van lae identifikasie met 'n aanwesige vader dieselfde dog ietwat minder uitgesproke kenmerke het as waar die vader afwesig is. (Hoffman, 1973.)

Die invloed wat die vader in sy afwesigheid op sy gesin uitoefen moet egter nie onderskat word nie. Al is die vader afwesig kan hy steeds psigologies impak op sy kind hê, aangesien die kind herinneringe het van interaksie met sy vader. Die beeld wat ander mense van sy vader aan die kind voorhou, oefen ook invloed op die kind uit. Die afwesige vader kan op hierdie wyse dien as model vir sy kind. Indien die seun reeds met die vader begin identifiseer het voor sy afwesigheid, is die seun daartoe geneig om sy vader te idealiseer. (Biller, 1971b; Varma, 1973.)

2.1. <u>Die reaksiewyses wat volg op die vader se afwesigheid</u>

Die kind het sekere fisiese en emosionele behoeftes wat bevredig moet word en is gevolglik vir sy voortbestaan van sy ouers afhanklik. Verandering in sy lewensituasie as gevolg van die verlies van 'n ouer, laat die kind bedreig voel en dikwels ontstaan pogings om te onttrek van die vreesaanjaende werklikheid. Die vlug van die werklikheid en die gedrag wat daarmee gepaard gaan, is dikwels vir volwassenes moeilik te begryp. (Anthony en Koupernik, 1973; Pincus, 1974.)

Alvorens die kind sy band met die dooie kan losmaak, moet hy verseker wees dat daar in sy behoeftes voorsien sal word. Indien die kind se behoeftes bevredig word en daar voortdurend aan hom getoon word dat dit bevredig sal word, word die kind geleidelik daartoe instaat om hom los te maak van die verhouding met die oorledene.

Dit is noodsaaklik dat 'n konstante plaasvervangende persoon in wie die kind sy gevoelens kan belê, tot sy beskikking is. Die kind benodig ook die aanvaarding van sy

© University of Pretoria

gevoelens en vrese, en sy evaluasie van die werklikheid, soos wat hy daartoe in staat word om dit in woorde te stel. (Anthony en Koupernik, 1973.)

Die mens het behoefte daaraan om te treur as hy iets waardevol verloor het. Indien dit hom ontsê word is hy geneig om psigologies en fisies te ly. Ten einde die tydperk van verdriet en rou volledig af te handel, moet die persoon toegelaat word om ongehinderd, op sy eie manier en op sy tyd, die rouproses te voltooi. Volwassenes is oor die algemeen daartoe geneig om hierdie behoefte van die kind te ontken.

Onopgeloste verdriet en rou lei daartoe dat die persoon verdedig teen emosionele betrokkenheid en geneig is om gevoelens te ontken. Dit lei tot verarming van die persoonlikheid. Pleks daarvan om oormatig bekommerd te raak as die kind bedroef is, moet die volwassene besef dat dit juis die gesonde persoonlikheid is wat in staat is tot betekenisvolle kontak met 'n ander persoon, wat rou en droefheid openbaar wanneer hierdie persoon hom ontneem word. (Pincus, 1974.)

Gebrek aan waarneembare rou volgens volwasse standaard hou nie verband met die kind se interne kapasiteit tot verdriet nie. Pincus verwys na Parkes wie van mening is dat persone hul verdriet op 'n verskeidenheid van maniere openbaar. Dit is nie van belang hoe die gevoelens openbaar word nie, wat wel van belang is, is dat die gevoelens bewus word en daar uitdrukking aan gegee word. (Pincus, 1974.) Bowlby (1961) onderskei die volgende fases in die kind se reaksie op die afwesigheid van die ouer. Hoewel Bowlby veral fokus op die verhouding met die moeder kan verwag word dat die kind ook op soortgelyke wyse sal reageer op die afwesigheid van die vader, veral as daar 'n positiewe affeksionele verhouding tussen hom en sy kind bestaan.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



a) <u>'n Fase van protes</u>

Onmiddellik na die verlies van die geliefde objek, gee die kind aktief uiting aan sy hartseer en woede en eis dat die persoon terugkeer. Geen ander persoon slaag daarin om die kind te troos nie. Indien nie geliefde terugkeer, is die kind soms vir 'n kort tyd kwaad vir die persoon, voordat hy toelaat dat hy getroos word.

b) <u>'n Fase van wanhoop</u>

Die kind hou geleidelik op om te kla en te huil, maar kom apaties en bedroef voor. Hy wag nie meer op die persoon se terugkoms nie en reageer skaars op ander persone wie hom probeer vertroetel. Indien die ouer in hierdie stadium terugkeer neem dit soms dae alvorens die kind die persoon soos vroeër aanvaar. Daarna raak hy huilerig indien die persoon buite sy gesigsveld beweeg, en wil hom orals volg.

c) <u>Die fase van losmaking</u>

Indien die ouer nie terugkeer nie begin dit voorkom asof die kind nie meer omgee nie. Hy reageer teenoor ander persone en word weer opgewek. Dit kom voor asof hy die persoon vergeet het. Dit is gedurende hierdie fase dat 'n substituutpersoon 'n verhouding met die jong kind kan begin opbou.

Bowlby is van mening dat indien die derde fase bereik word, soos wat onvermydelik is na die afsterwe van 'n ouer, die kind kwesbaar bly tot toekomstige verlies van 'n geliefde.

Varma (1973) onderskei die volgende reaksiewyses by die kind as gevolg van die afsterwe van die vader.

a) <u>Ongeloof en ontkenning, gevolg deur paniek</u>

Die manifestasie verskil van persoon tot persoon,

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maar op een of ander stadium gedurende die routydperk sal ongekontrolleerde gedrag en/of depressie voorkom. Sommige kinders raak geheel en al belangeloos en kan in die ergste gevalle geheel en al onttrek. Ander openbaar vyandigheid en aggressiwiteit op verbale of fisiese wyse. Dikwels voel die kind kwaad vir die vader wie hom verlaat het, en is ook kwaad vir die dokters en selfs vir God omdat hulle nie die dood voorkom het nie. Die kind blameer ook homself en 'n mate van skuldgevoel is bykans onvermydelik.

Die simptome word gewoonlik vererger indien die kind uitgesluit word van die rou oor die oorledene, en nie bewus was van die finale verwydering van die liggaam nie. Indien die kind sien hoe die liggaam verwyder word is hy nie so geneig om die sterfte te ontken nie.

b) Regressie

Die kind regresseer soms tot 'n infantiele stadium en openbaar vrese wat hy eintlik lankal ontgroei het. Hy is byvoorbeeld bang vir sekere diere, vir die donker en om siek te word. Daar moet gewaak word daarteen dat die kind nie vasval in 'n fantasieverhouding met die afgestorwene nie, aangesien hy dan nie in staat is tot betekenisvolle verhoudings met ander persone nie.

c) Vergoedende aktiwiteite

Soms is die kind daartoe geneig om sy verdriet te verdring met aktiwiteite. Hy is aktief in die skool, op sportgebied asook met stokperdjies, soms tot 'n toestand van obsessie.

d) Vasklou aan die moeder/vader substituut

Die kind word onwillig om bekende mense en sy be-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kende omgewing te verlaat. Hierdie saak moet opgelos word, want indien dit intensifeer is die persoon as 'n volwassene bang vir enige vorm van verandering.

## 2.2. Die invloed op die seun se geslagsrolontwikkeling

Ten einde die invloed van die vader se afwesigheid in perspektief te sien, moet die seun se ouderdom waarop sy vader afwesig geword het in aanmerking geneem word. Dit kom voor asof afwesigheid van die vader gedurende verskillende ontwikkelingsperiodes, verskillende dimensies van die seun se geslagsrolontwikkeling beïnvloed. Die uitwerking van die vader se afwesigheid verskil ook in terme van watter aspekte van geslagsrol ondersoek word, naamlik geslagsroloriëntasie of geslagsrolvoorkeur of geslagsrolaanname.

Die eerste paar lewensjare blyk by uitstek belangrik te wees vir die manlike ontwikkeling van die seun en afwesigheid van die vader gedurende hierdie periode het 'n besonder negatiewe uitwerking. Veral geslagsroloriëntasie, die aspek van geslagsrol wat verband hou met die selfkonsep, blyk die meeste geskaad te word deur vroeë afwesigheid van die vader.

Biller vind dat sesjarige seuns wie se vaders afwesig is, betekenisvol minder manlike geslagsroloriëntasies het as seuns wie se vaders aanwesig is. Die seuns verskil egter nie konsekwent ten opsigte van hul direkte geslagsrolvoorkeure nie.

Indien die vader gedurende die eerste paar lewensjare aanwesig is ontwikkel die seun oor die algemeen 'n sterk manlike geslagsroloriëntasie. Dit is egter geen waarborg dat hy ook 'n sterk manlike geslagsrolvoorkeur en geslagsrolaanname sal ontwikkel nie. Indien die vader afwesig is en die moeder nie die seun se keuse van manlike aktiwiteite aanmoedig nie, kan die seun 'n lae geslagsrolvoorkeur en -aanname ontwikkel. (Biller, 1971b).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hetherington vind ook bewys vir die belang van die vader se aanwesigheid gedurende die eerste paar lewensjare. Sy vind dat preadolessente seuns wie se vaders na hul vyfde lewensjaar afwesig geword het, nie ten opsigte van geslagsgetipeerde gedrag, onafhanklikheid, aggressie en geslagsrolvoorkeur verskil het van seuns wie se vaders aanwesig was nie. Indien die vader gedurende die seun se eerste vier lewensjare afwesig geword het, ontstaan aansienlike ontwrigting in terme van geslagsgetipeerde gedrag, klaarblyklik omdat identifikasie nog nie gevestig is nie. Hierdie seuns toon meer vroulike geslagsrolvoorkeure as die ander twee groepe. Hulle neem ook minder deel aan fisiese speletjies wat kontak vereis, en meer aan nie-fisiese en nie-kompeterende aktiwiteite. Dit dui op vermyding van aktiwiteite wat toepaslike manlike gedrag van kompetisie en aggressiewe spel betrek. (Hetherington, 1966.)

'n Vergelyking is getref tussen seuns wie hul vaders voor hul vyfde lewensjaar verloor het en seuns wie hul vaders eers na hul vyfde jaar verloor het, met seuns wie se vaders afwesig is. Daar is gelet op die manlikheid van die seun se selfkonsep en die mate waartoe sy moeder manlike gedrag aanmoedig.

Seuns wie se vaders afwesig geword het voor hul vyfde jaar het betekenisvol minder manlike selfkonsepte gehad as diegene wie se vaders aanwesig was. Daar is 'n verband gevind tussen die manlikheid van hierdie groep seuns, en hul moeders se aanmoediging van aggressiwiteit. Die moeder se aanmoediging het nie hierdie verband getoon met die manlikheid van die selfkonsepte van die ander twee groepe nie. (Biller en Bahm, 1971.)

Verskeie navorsers se bevindinge suggereer dat genoegsame manlike identifikasie teen ongeveer sesjarige ouderdom plaasgevind het en dat die identifikasie gehandhaaf kan word in afwesigheid van die vader.

© University of Pretoria

Volgens Leiderman is seuns van wie die vaders afwesig is minder populêr in hul portuurgroep en het ook minder bevredigende portuurgroepverhoudings, as die seun wie se vader aanwesig is. Hy is van mening dat dit die gevolg is van 'n manlike oriëntasie wat by hulle ontbreek, en geslagstoepaslike gedrag is uiters belangrik in die vorming van vriendskappe tussen laerskoolkinders. (Lamb, 1976.)

Soms gebeur dit dat die seun wie se vader afwesig is bykans oordrewe manlike gedrag openbaar. Dit kan die resultaat wees van oorkompensasie. Die seun word 'n Don Juan wat as gevolg van sy eie onsekerheid sy manlikheid wil bewys deur elke meisie te oorwin. Veral in die laer sosio-ekonomiese klas het die seun wie 'n vader ontbeer egter 'n hoogs manlike portuurgroep met wie hy kan identifiseer. Dit gebeur dan dat diegene wie se vaders afwesig is gedurende hul laat kinderjare net so hoog meet op geslagsrolvoorkeur en geslagsrolaanname as die seuns wie se vaders aanwesig is.
is
Die seun wie sy vader op 'n vroeë ouderdom verloor het is daartoe geneig om die aandag van ouer mans te soek. Klaarblyklik as gevolg van deprivasie het die kinders dikwels sterk motivering om potensiële vaderfigure na te boots en te plesier. (Biller, 1971b).

Dit kom voor asof seuns wie se vaders afwesig is minder daartoe geneig is as diegene wie se vaders aanwesig is om eerste 'n vroulike figuur te teken. Indien die seuns hul vaders voor hul vyfde lewensjaar verloor het, is die kinders ook minder daartoe geneig om duidelik te differensieer tussen hul manlike en vroulike tekeninge. Die seun wie eerste 'n vroulike figuur teken het gefaal om die skuif te maak van 'n aanvanklike identifikasie met die moeder na een met die vader. (Biller, 1971b; Donini, 1967.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sommige ondersoekers is van mening dat die vader se afwesigheid nie 'n negatiewe invloed het op die seun se geslagsrolontwikkeling nie. Lynn is van mening dat die seun eerder identifiseer met 'n stereotipe van die manlike rol wat meestal voorgehou word deur die moeder en onderwyseresse. Andere is van mening dat geslagsrolidentifikasie nie 'n proses van nabootsing is nie. Die manlike model hoef dus nie aanwesig te wees vir toepaslike geslagsrolidentifikasie nie. Indien die moeder haar seun soos 'n man behandel en van hom verwag om haar soos 'n vrou te behandel, leer die seun wel toepaslike geslagsroleienskappe aan. (Rogers, 1969.)

## 2.3. Die invloed op die persoonlike en sosiale aanpassing van die seun

'n Kind is daartoe instaat om aan 'n aansienlike mate van fisiese of sosiale spanning en ontbering blootgestel te word sonder om noodwendig 'n psigologiese afwyking te ontwikkel, hoewel hierdie spanning 'n tydelike ontwrigting in sy funksionering kan meebring. Dit is egter wanneer omstandighede veroorsaak dat die kind twyfel aan sy eie vermoëns en veral sy waarde vir andere dat 'n psigologiese afwyking ontstaan. (Palmer, 1970.)

Die kind wie se vader afwesig is, ervaar dikwels ekonomiese onsekerheid omdat die moeder gewoonlik nie die ekonomiese sekuriteit kan bied waartoe die vader instaat was nie. Hierdie onsekerheid word maklik oorgedra op ander lewensfasette, en die kind ontwikkel 'n basiese gevoel van onsekerheid. Gevoelens van "versukkeld" wees en minderwaardigheid in vergelyking met sy portuurgroep ontstaan maklik, en lei daartoe dat die kind "anders" voel. Hierdie toedrag van sake verhoog die kind se angs en gevoelens van onbekwaamheid en gee

© University of Pretoria

aanleiding tot 'n selfsiening van lae eiewaarde, wat aanpassingsprobleme in die hand werk. 'n Groter mate van eiewaarde bestaan oor die algemeen by die adolessent wie se vader aanwesig is in teenstelling met diegene waar die vader afwesig is, veral as die afwesigheid reeds vroeg in die kinderjare in aanvang geneem het. Gedurende die puberteit wanneer konformiteit in die portuurgroep swaar weeg, tref die ontbering die seun besonder swaar. (Biller, 1971b).

Seuns van wie die vaders afwesig is, is gewoonlik minder populêr en het minder bevredigende verhoudings met hul vriende as kinders wie se vaders emosioneel by hulle betrokke is. Die seun wie 'n vader ontbeer voel ongemaklik oor homself en ontwikkel 'n gebrek aan selfvertroue. Indien die seun nie manlik voel nie, is hy minder geneig tot selfhandhawing in spel en word deur sy maats of geïgnoreer of verwerp omdat hy nie aktief genoeg is nie. Gevoelens van onsekerheid kan ook veroorsaak dat die seun kompenseer deur 'n "tough guy" te word en sy maats dan voordurend uit te daag en te probeer domineer. Dit is ook nie die weg na positiewe en bevredigende interpersoonlike verhoudings nie. (Biller en Meredith, 1974.)

Die seun wie onseker voel oor sy manlikheid kan ook probeer om ouer seuns na te boots. Aangesien die kind gewoonlik nie kan voldoen aan die eise van die ouer groep nie, verhoog dit sy gevoelens van onsekerheid en minderwaardigheid. (Biller en Meredith, 1974.) Soms bevorder so 'n verhouding wel tot 'n sekere mate die seun se persoonlikheidsontwikkeling, maar as gevolg van afhanklikheid van die betrokke portuurgroep se aanvaarding, kan die seun passief konformeer aan hulle wense. Hierdie optrede van die seun wie sy vader ontbeer getuig van sy behoefte aan die manlike model wat tuis ontbreek. Die afwesigheid van 'n bevredigende verhouding met 'n volwasse man kan ernstig inmeng met die seun se sosiale

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aanpassing. (Biller, 1971b).

Biller verwys na Stolz et al, wie vind dat seuns wie se vaders afwesig was, minder onafhanklik is in hul portuurgroepverhoudings as diegene wie nie van hul vaders geskei was nie. Die seuns wie se vaders afwesig was, was oormatig toegeeflik of het gereageer met onvolwasse vyandigheid. Volgens Stendler kom baie kinders wie beoordeel word as oormatig afhanklik deur hul onderwysers, uit gesinne waar 'n groot mate van vaderafwesigheid bestaan. (Biller, 1971b).

Gedurende die genitale fase van ontwikkeling, modelleer kinders hulself volgens die ouer van dieselfde geslag. Indien die ouer afwesig is gedurende hierdie kritieke periode word persoonlikheidsontwikkeling belemmer en die taak van identiteitsvorming gedurende adolessensie is geneig om moeilik te wees. Biller verwys na Hilgard et al wie aangetoon het dat seuns wie hul vaders gedurende hul kinderjare verloor het, daartoe geneig is om probleme te hê in hul seksuele en latere huweliksaanpassing. Hierdie seuns gaan oor die algemeen voort om baie afhanklik van hul moeders te wees, veral as die moeder nie weer in die huwelik getree het nie. Dit lei daartoe dat hierdie seuns later in hul huweliksverhouding ook geneig is tot afhanklikheid. (Biller, 1971b).

Biller wys daarop dat 'n te intieme en afhanklike verhouding met die moeder gedurende puberteit die seun strem in sy onafhanklikheidstrewe. Hy word in 'n konflik geplaas tussen die lojaliteit aan sy moeder en die eise van sy portuurgroep. Indien die vader afwesig is ontwikkel hierdie konflik maklik tot 'n dilemma want die seun wil nie graag die moeder wie nou sy enigste konstante bron van liefde en sekuriteit is, affronteer nie. Tog is dit juis belangrik dat die seun gedurende puberteit eksperimenteer met onafhanklikheid. (Lamb, 1976).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Soms word baie rebelsheid teenoor volwasse outoriteitsfigure gevind by die adolessente seun wie se vader afwesig is. Indien die vader afwesig is, ontbreek die model van wie die seun moet leer om bevrediging uit te stel en aggressiewe en destuktiewe impulse te beheer. Dit lei tot probleme in kommunikasie met outoriteitsfigure. Aangesien die seun wie se vader afwesig is probleme ondervind met die uitstel van bevrediging en die beheer van impulse, kan verwag word dat hy probleme sal ondervind in frustrerende situasies en in die nakom van langtermyn verantwoordelikhede. (Biller, 1970; Lamb, 1976).

Dit kom voor asof die vader se afwesigheid veral invloed uitoefen op die vorming van die seun se selfbeeld en eiewaarde en dat sy kompenserende optrede vir sy eie onsekerheid juis lei tot aanpassingsprobleme.

2.4. Die invloed op die seun se kognitiewe ontwikkeling

Die aanwesigheid van die vader gedurende sekere periodes in die kind se lewe het belangrike invloed op latere kognitiewe ontwikkeling van die kind. Carlsmith gaan selfs sover om te beweer dat afwesigheid van die vader gedurende die eerste ses maande van die kind se lewe, groter invloed uitoefen as waar hy op 'n later stadium afwesig word. (Bee, 1978.)

Blanchard en Biller het seuns van gemiddelde intellektuele vermoë bestudeer met betrekking tot die invloed van verskillende vlakke van die vader se afwesigheid op akademiese prestasie. Die seuns wie se vaders heelwat interaksie met hulle gehad het (meer as twee uur per dag) het superieure werk gelewer en het konstant bogemiddeld presteer. Diegene wie hul vaders na hul vyfde jaar verloor het asook die seuns wie min interaksie met hul vaders gehad het (minder as ses ure per week) het ietwat onder die klasgemiddeld presteer. Die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onderpresteerdes het oor die algemeen gekom uit die groep seuns wie hul vaders voor hul vyfde lewensjaar verloor het. (Blanchard en Biller, 1971).

Kinders van wie die vaders afwesig is, is ook geneig om laer praktiese tellings op intellegensiemetings te behaal as diegene wie se vaders aanwesig is. Die seuns wie se vaders afwesig was het veral laer as hul portuurgroep presteer op die rekenkunde subtoets. Hierdie onderprestasie het waarskynlik te doene met die aanleer van die analitiese kognitiewe styl van die vader. (Lessing, Zagorin en Nelson, 1970.)

Terwyl die seun met sy vader identifiseer maak hy die vader se houdings, waardes, denkprosesse en probleem-oplossende strategieë, sy eie. Op hierdie wyse leer die seun ook die manlike analitiese denkstyl aan. (Radin, 1972.) Mans wie se vaders afwesig was gedurende hul kinderjare toon meer dikwels die verbale kognitiewe patroon en behaal oor die algemeen hoër verbale as matematiese tellings. (Nelson en Maccoby, 1966.)

Die vader wie ingestel is op sukses en prestasie, dra hierdie instelling aan sy kind oor. Die kind moet 'n liefde vir prestasie ontwikkel, anders kom hy nooit sover om sy potensiaal te benut nie. Indien die vader afwesig is, ontbeer die seun bevredigende interaksie met 'n konstante manlike persoon wie prestasie en sukses hoog aanskryf. Biller verwys na Mc Clelland en ook Veroff et al, wie se bevindinge daarop dui dat die man wie se vader afwesig was gedurende sy kinderjare, oor die algemeen laer prestasiemotivering toon en ook minder beroepsukses ervaar, as die man wie se vader gedurende sy kinderjare aanwesig was. (Biller, 1971b.)

## 2.5. Die invloed op die morele ontwikkeling van die seun

Dit kom voor asof die vader 'n belangrike rol speel in die morele ontwikkeling van sy seun en dat sy afwesigheid

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n negatiewe uitwerking het op die ontwikkeling van die seun se gewete.

Hoffman bestudeer die verband tussen afwesigheid van die vader en morele ontwikkeling van die seun. Hy vind dat seuns wie se vaders afwesig is swakker presteer op metings van interne morele eienskappe, byvoorbeeld skuldgevoelens wat volg op teregwysing, aanvaarding van blaam en konformiteit aan reëls. Verskeie faktore kan die oorsaak wees vir hierdie verskil in morele ontwikkeling tussen seuns van wie die vaders aan- of afwesig is. Die gebrek aan 'n vaderlike model alleen is 'n belangrike faktor, want die seun het nie 'n konstante manlike figuur om na te boots nie. Die afwesigheid van die vader het 'n gebrek aan identifikasie, die proses waardeur die kind die morele waardes en houdings van die vader introjekteer, tot gevolg. Dit is ook moontlik dat afwesigheid van die vader lei tot veranderinge in die moeder se opvoedingspraktyke, sodat sy haar seuns anders behandel as die moeder wie se man die opvoedingstaak met haar deel. (Hoffman, 1971.)

Laerskoolseuns wie se vaders afwesig is beskik volgens hulle onderwysers, oor 'n laer vlak van morele volwassenheid as seuns wie se vaders aanwesig is. Die kwaliteit van die vader-kind verhouding het klaarblyklik invloed daarop of die kind verantwoordelikheid vir sy optrede aanvaar al dan nie. Kinders wie 'n emosioneel bevredigende verhouding met 'n bekwame vader het wie op konstruktiewe wyse grense kan stel, is daartoe geneig om 'n realistiese interne lokus van kontrole te ontwikkel. (Lamb, 1976.)

Aangesien die vader die buitewêreld en sosiale orde verteenwoordig en in sy aktiwiteite hou by tydskedules, kry die seun 'n voorbeeld ten opsigte van tydperspektief en sosiale verwagtings. Daar kan verwag word dat die seun

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wie 'n vader ontbeer, probleme sal ondervind ten opsigte van ontwikkeling op hierdie gebied. (Lamb, 1976.)

Mischel vind dat jong seuns van wie die vaders afwesig is, 'n voorkeur toon vir onmiddellike behoeftebevrediging. Die seuns wie se vaders afwesig was, het eerder 'n klein lekker dadelik verkies as 'n groter een later. Hierdie optrede kan dui op probleme met die uitstel van bevrediging maar Mischel spekuleer dat dit die gevolg kan wees daarvan dat die kind nie mense maklik vertrou nie. Hy vind die neiging tot onmiddellike bevrediging by agt- en negejarige kinders, maar nie by elf- tot veertienjariges nie. Dit is moontlik dat die kind met toenemende ervaring meer vertroue in sy medemens ontwikkel. (Mischel, 1961.)

Ten einde suksesvolle morele ontwikkeling te verseker benodig die seun 'n bekwame manlike model met wie hy kan identifiseer en wie hom kan lei tot bevrediging van sy behoeftes op sosiaal aanvaarbare maniere.

## 2.6. Die uitwerking op die moeder se houding en funksionering

Ten spyte van die direkte uitwerking wat die vader se afwesigheid op die seun het, kan die indirekte gevolge soos voortvloei uit die moder se optrede, nie verontagsaam word nie. Die vader se afwesigheid plaas meer druk op die moeder en dit beïnvloed haar gedrag teenoor die kind. Sy het meer verantwoordelikhede en pligte en raak uitgeput. Gevolglik is sy meer ingestel op onmiddellike voldoening aan haar eise eerder as op langtermyn doelwitte. Sy is dan daartoe geneig om meer van liefdelose dissiplinêre tegnieke gebruik te maak, in plaas daarvan om bloot leiding te verskaf. Hoffman vind dat handhawing van dissipline op hierdie wyse geassosieer word met swak morele internalisering. Die moeder se opvoedingspatroon bevat

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



minder affeksie teenoor die seun in afwesigheid van die vader, in teenstelling met wanneer die vader aanwesig is. (Hoffman, 1971.)

Na die afsterwe van die vader ontstaan daar dikwels 'n afname in die kind se interaksie met die moeder. Sy is self nog in rou en smart gedompel as gevolg van die afsterwe van haar eggenoot en is geneig om van haar kinders te distansieer. Die moeder ondervind ook dikwels ekonomiese probleme in hierdie tyd. Terwyl van die moeder verwag word om haar kinders te troos en te ondersteun, het syself eintlik nog bystand en ondersteuning nodig. (Wolff, 1969.) Wat ookal die moeder se reaksie op die sterfte, haar houding daartoe sal onvermydelik die van haar kinders beïnvloed. (Pincus, 1974.)

Indien die moeder die rol van broodwinner aanneem terwyl se tegelykertyd na die huishouding omsien, het sy baie min tyd oor om saam met haar kinders deur te bring. Sy is nie vry om hulle uit te neem vir plesier nie, saans stories te lees, huiswerk na te gaan of speletjies te speel nie. Die kinders het gevolglik 'n vader verloor, maar ook 'n gedeelte van hul moeder - sy het anders geword. Dit is nie net die rou en droefheid wat haar verander het nie, maar haar toestand as weduwee. Ten einde 'n sukses van haar nuwe rol te maak moet die moeder dele van haar persoonlikheid wat vroeër versteek was mobiliseer, want manlike houdings van energie en onafhanklikheid word benodig. Haar vroulike behoeftes en die wens om moederlike sorg en affeksie te voorsien, kan nie meer ten volle bevredig word nie, en moet onderdruk word. Die kinders moet nou sekere van die verantwoordelikhede in die huishouding aanneem en meer na hulself en hul jonger broers en susters omsien. Die jonger kinders word meestal in 'n bewaarskool of kleuterskool geplaas en beleef maar min van 'n gesinslewe.

© University of Pretoria

Persone wie gedurende hul kinderjare 'n ouer verloor het en later in inrigtings opgeneem is as gevolg van aanpassingsprobleme, het oor die algemeen gekom uit huise waar die weduweemoeder nie daartoe in staat was om onafhanklik te funksioneer nie. Sy het opgesien na haar kinders vir ondersteuning, veral na haar seuns en het probeer om hulle hul vader se plek te laat inneem. Dit het die seuns se strewe na volwassenheid bemoeilik en gedurende adolessensie het hierdie kinders probleme ondervind om onafhanklike verhoudings met andere tot stand te bring. In hulle latere lewe was hulle wel suksesvol in die werksituasie, maar het dikwels gefaal in seksuele aanpassing en het gebonde aan hul moeder gebly. Hierdie seuns het of nie in die huwelik getree nie, of het onsuksesvolle huwelike aangegaan. In teenstelling hiermee het persone wie ook 'n vader verloor het maar in hul latere lewe suksesvol aangepas het, weduweemoeders gehad wie hardwerkend en onafhanklik was, en hul bykomende manlike werksrol met min konflik aangeneem het. Die moeder se vermoë om die spanning en nuwe eise te hanteer is belangrike faktore wat die uitwerking van die vader se afwesigheid beïnvloed. (Wolff, 1969.)

Die moeder se instelling teenoor die afwesige vader bepaal tot groot mate die seun se houding tot sy afwesige vader. Sy kan haar seun se geslagsrolontwikkeling bevorder deur 'n positiewe houding teenoor die afwesige vader en mans in die algemeen te toon. Die seun kan ook bygestaan word deur die moeder se voortdurende aanmoediging en versterking van manlike gedrag. Veral vir die seun wie op 'n vroeë ouderdom sy vader verloor het, is die moeder se invloed van kritieke belang vir geslagsrolontwikkeling. (Wolff, 1969; Biller en Bahm, 1971.) Biller verwys na Diamond en ook Neubauer wie aangetoon het dat konstante negatiewe en afbrekende opmerkings teenoor die

© University of Pretoria

afwesige vader, kan bydra tot die ontwikkeling van 'n negatiewe selfkonsep en wanaanpassende gedrag in die seun. (Biller, 1971b.)

Biller vind dat manlikheid van geslagsrolvoorkeur en geslagsrolaanname in kleuterskoolseuns wie se vaders afwesig is, 'n positiewe verband toon met die moeder se aanmoediging van manlike gedrag. (Biller en Bahm, 1971.) Die moeder kan 'n belangrike bydrae lewer tot haar seun se manlike geslagsrolidentifikasie deur hom soos 'n man te behandel, en ook van hom verwag om haar te behandel soos 'n man veronderstel is om 'n persoon van die teenoorgestelde geslag te behandel. (Donini, 1967.)

Die vader is gewoonlik die ouer wie daarteen gekant is dat sy seun oorbeskerm word, en hy moedig onafhanklikheid in die seun aan. Indien die vader afwesig is word die moontlikheid van moederlike oorbeskerming vergroot. Hoe jonger die seun is wanneer hy sy vader verloor hoe meer is die moeder daartoe geneig om oorbeskermend teenoor die kind op te tree. Hierdie moeders is ook minder daartoe geneig om onafhanklike en aggressiewe gedrag in hul seuns aan te moedig as moeders wie se eggenotes aanwesig is. (Biller, 1971b).

## 3. PLAASVERVANGENDE MODELLE

Indien die vader afwesig is kan ander manspersone 'n belangrike rol speel in die manlike ontwikkeling van die seun. Die beskikbaarheid van 'n plaasvervangende model in die plek van die afwesige vader, is belangrik vir die gesonde ontwikkeling van die kind wie 'n vader ontbeer. Hierdie plaasvervangers kan 'n groot bydrae lewer tot die lewe van die gedepriveerde kind.

Broers, ooms, oupas, onderwysers en bure kan die seun voorsien

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van volwasse manlike kontak, en kan dien as modelle vir identifikasie. Hulle word natuurlik minder intiem geken as die eie vader, en identifikasie met hulle is in hierdie opsig onbevredigend. Nietemin hou identifikasie met hulle meer voordele in as geen identifikasie met 'n manlike model nie.

Kultuurorganisasies, byvoorbeeld die Voortrekkers en Boy's Scouts kan, as hulle ouer manlike persone betrek, 'n groot bydrae lewer tot die gesonde ontwikkeling van die seun wie se vader afwesig is. Netso behoort terapeutiese groepe by kinderleidingklinieke meer manlike persone in hul behandelingsprogram te betrek. Selfs gedurende die tweede en derde lewensjaar kan die seun se persoonlikheidsontwikkeling beïnvloed word deur 'n plaasvervangende manlike model. (Biller, 1971b.)

Daar is aansienlike mate van bewys dat seuns van wie die vaders afwesig is, maar wie ouer broers het, manliker is as seuns wie net ouer susters het. (Santrock, 1970; Biller, 1971b). Dit kom ook voor asof seuns met 'n vadersubstituut en ouer broers minder afhanklik is as diegene sonder hierdie modelle. (Santrock, 1970; Wohlford et al, 1971.)

Biller verwys na Glueck et al, wie gevind het dat 'n jeugmisdadige seun wie 'n affeksioneel bevredigende verhouding gevorm het met 'n vadersubstituut, sy antisosiale neigings afgeleer het. (Biller, 1971b).

Die rol wat die portuurgroep speel as model vir gedrag kan nie verontagsaam word nie. Die manlike rolmodelle wat deur die portuurgroep voorsien word, oefen veral invloed uit op die vadergedepriveerde seun se ontwikkeling. Gedurende die laerskooljare en selfs soms later, oefen die portuurgroep se druk vir manlike gedrag positiewe invloed uit op die geslagsrolontwikkeling van hierdie seun.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die seun wie se vader afwesig is, maar wie sterk gemotiveer is om manlik te ontwikkel en manlike gedragswyses aan te neem, sal dit doen indien hy genoegsame geleentheid het om met sy portuurgroep in interaksie te wees. Die moeder moet daartoe bereid wees om haar seun hierdie kontak te gun, aangesien dit konflik en geslagsrolverwarring in haar seun kan voorkom. Die outonomie en selfgelding wat deur die portuurgroep aangemoedig word, stu die seun voort na onafhanklikheid en voorkom dat hy deur sy moeder oorbeskerm word. (Biller, 1971b).

© University of Pretoria

# 1. DIE GEVALLESTUDIES

## 1.1. Inleiding

Daar is vier seuns van wie die vaders oorlede is in hierdie ondersoek gebruik. Hulle ouderdomme wissel van tien en 'n half tot veertien jaar. Die seuns se moeders het aangeklop om hulp omdat hulle seuns sekere abnormale gedragswyses en aanpassingsprobleme getoon het.

'n Afsonderlike onderhoud is met elke moeder en seun onderskeidelik gevoer. Tydens die onderhoude het dit voorgekom asof hierdie seuns wie in hul puberteitsfase is, nie oor die nodige selfvertroue en sekuriteit beskik om bevredigend op onafhanklike wyse té funksioneer nie. Ten einde die saak verder te ondersoek is die Tematiese Appensepsietoets (TAT), die Columbus en die Draw A Person-toets (DAP) op elke seun toegepas. 'n Vrye tekening van elke kind is ook afgeneem.

Die betrokke kaarte van die TAT is geselekteer met die oog daarop om veral die seun se belewing van homself, van belangrike persone in sy omgewing, en ook van die wêreld en sy eise te ondersoek. Daar is gepoog om 'n weergawe te vind van die seun se huidige waarneming en belewing van homself en sy omgewing, en die rol wat sy spesifieke omstandighede speel in die hantering van frustasie, aggressie en afhanklikheid binne sy huidige ontwikkelingsfase.

Ten einde 'n duideliker begrip te vorm van die seun se selfbeeld en gepaardgaande liggaamsbeeld, is 'n DAP met die opdrag "teken 'n mens" van elkeen afgeneem. Hoewel die TAT en DAP 'n beeld bied van die kind se behoeftes en preokkupasies, is aan elke seun ook die geleentheid gebied om 'n tekening van sy eie keuse te maak, waardeur hy dan sy belangrikste behoefte of preokkupasie na vore kon bring.

© University of Pretoria

'n Aantal kaarte van die Columbus is in die toetsbattery ingesluit ten einde die seun se vlak van toekomsgerigtheid, en sy instelling ten opsigte van emansipasie van die ouerhuis te bepaal. Puberteit is die ontwikkelingsfase waarin begin word met die losmaak van die ouers en die sekuriteit wat die ouerhuis bied. Die seun se belewing en hantering asook die inisiatief wat hy aan die dag lê met betrekking tot die toenemende onafhanklikheid en die struikelblokke in sy weg, wil ondersoek word.

Die ontleding van die psigodiagnostiese materiaal sal volgens verskeie temas ontleed word. Daar sal aandag aan die volgende aspekte gegee word:

a) Die hantering van eise en reaksie op frustrasie.

Dit is 'n kenmerk van die emosioneel volwasse persoon dat hy daartoe bereid is om die eise wat aan hom gestel word tot die beste van sy vermoë te hanteer, en pogings aanwend om enige struikelblokke in sy weg so effektief moontlik uit die weg te ruim. Die mate waartoe die seun hierdie instelling toon, gee 'n aanduiding van sy vlak van emosionele ontwikkeling en die mate waartoe hy onafhanklik en verantwoordelik kan funksioneer.

b) Persoonlike en sosiale aanpassing.

Aspekte wat hier bespreek sal word sentreer om die liggaamsbeeld, die selfbeeld en die aanvang van identiteitsontplooiing. Daar sal gelet word op die kwaliteit van die verhouding wat die seun met sy afgestorwe vader gehad het. Die verhouding met sy moeder en sy portuurgroep sal aandag geniet, asook die rol wat ambivalente gevoelens en aggressiwiteit in hierdie verband speel.

Daar word skuilname aan die seuns toegeken ten einde

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hul identiteit te beskerm.

1.2. Gevallestudie A (Louis)

Kliniese agtergrond

Louis is twaalf jaar oud en is een van drie kinders. Hy het 'n broer van twintig jaar en 'n suster van agtien jaar. Sy moeder is in haar laat veertiger jare en werk nie buitenshuis nie. Die gesin kom finansieel goed versorg voor.

Volgens die moeder het sy met Louis as baba en jong kind nooit enige besondere probleme ondervind nie. Sy ontwikkeling het gladweg verloop en hy het die verskillende ontwikkelingsfases suksesvol voltooi. Die aanvang van sy skoolloopbaan was ook sonder enige besondere frustrasies en Louis het tuis en op skool geen aanpassingsprobleme getoon nie. Sedert die aanvang van sy skoolloopbaan, presteer hierdie seun bogemiddeld en dit is tans nog die geval.

Die seun is 'n gesonde en aktiewe kind en het geen fisiese klagtes of ongesteldhede nie. Hy is van gemiddelde lengte en bou, en kom ietwat skraal voor. Louis kom ietwat jonger as sy werklike ouderdom voor, en die sekondêre geslagskenmerke het nog nie hul verskyning gemaak nie.

Louis was redelik geheg aan sy vader, maar sy moeder beweer dat hy nog te jonk was om werklik 'n intieme verhouding met sy vader te kon hê. Sy vader is vier jaar gelede tydens 'n motorongeluk oorlede. Louis was toe agt jaar oud. Die vader was 'n aktiewe persoon wie baie belangstelling in sport getoon het. Terwyl hy en die twee ouer kinders aan sport deelgeneem het, het Louis meestal tuis gebly by sy moeder. Dit het meegebring dat 'n hegte verhouding tussen hom en sy moeder ontwikkel het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tuis het die vader die leiding geneem, dissipline gehandhaaf en die finale gesag ten opsigte van gesinsake het by hom berus. Die moeder ondervind heelwat probleme daarmee om hierdie addisionele verantwoordelikhede wat vroeër deur haar eggenoot gedra is, te behartig. Sy twyfel aan die korrektheid van haar besluite en optrede, en mis die leiding en beslistheid van haar eggenoot baie. Al die nuwe eise en verantwoordelikhede laat haar afgemat en moedeloos voel. Die twyfel wat by haar ontstaan ten opsigte van haar bekwaamheid as ouer, word vergroot deur Louis se beskuldigings as sy hom dissiplineer. Indien sy hom teengaan in sy optrede verwyt hy haar dat sy onredelik is, en dat sy vader hom dit sou toelaat indien hy nog aanwesig was.

Die moeder se wense en verwagtings is vir Louis van groot belang. Hy doen nie graag iets tensy hy weet dat dit haar goedkeuring wegdra nie. Soms neul hy om sy sin te kry, maar vra bykans onmiddellik na so 'n voorval omverskoning. Hy kan dit nie verdra dat sy moeder vir hom kwaad is nie. Gevolglik is dit te begryp waarom hy in opstand kom teen haar beslissings van inperking op sy aktiwiteite. Indien die moeder nie haar toestemming gee nie, is die aktiwiteit vir hom taboe, want sou hy daarmee voortgaan, loop hy die gevaar om haar lojaliteit te verloor.

Tydens die ondersoeker se aanwesigheid aan huis van die gesin het so 'n voorval plaasgevind. Louis en sy moeder het in 'n woordewisseling betrokke geraak aangesien hy nie aan 'n versoek van haar wou voldoen nie. Hy het haar verbaal aangeval en haar verwyt dat sy behoeftes nie in aanmerking geneem word nie, en hy het geweier om te voldoen. Nadat die woordewisseling 'n tydlank voortgeduur het, het sy

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moeder hom nie meer probeer oorreed om wel te voldoen nie, en sy het te kenne gegee dat hy dan maar sy sin moet kry. Louis het meer ontsteld geraak en vir haar gesê dat sy vir hom sal kwaad wees indien hy nie voldoen nie. Toe sy moeder geen reaksie meer toon op sy verset nie, het hy begin huil en daarop aangedring om aan haar versoek te voldoen.

Volgens die moeder het Louis nie sterk reaksie getoon op sy vader se afsterwe nie. Hy het nie baie gehuil nie, en nie juis oor sy vader gepraat nie. Die moeder is van mening dat Louis wel sekere aktiwiteite wat 'n seun saam met sy vader uitvoer ontbeer, maar dat hy oor die algemeen nie besonder swaar getref is deur die afsterwe van sy vader nie. Sy voel dat haar dogter wie 'n baie hegte verhouding met die vader gehad het, sy afsterwe baie moeiliker verwerk en aanvaar.

Louis se broer neem 'n belangrike plek in sy lewe in. Aanvanklik na sy vader se afsterwe het Louis hom teen sy broer se mening en gesag verset, maar het tans sy broer se gesag bykans heeltemal aanvaar. Indien hy nou met 'n versoek by sy moeder kom sê hy dikwels dat Ouboet sê dis reg, as die moeder ook haar toestemming gee.

Gedurende die onderhoud was Louis nie teruggetrokke of skaam nie, en hy het gemaklik kontak gemaak en maklik geverbaliseer. Hy het voorgekom as 'n spontane kind wie daarvan hou om aktief te wees en wie graag vir vriende gaan kuier omdat hulle baie dinge saam doen. Wanneer 'n vriend van hom besig is met 'n aktiwiteit, byvoorbeeld die bou van 'n kaskar, hou hy daarvan om ook te gaan help. Volgens Louis se moeder vind sy dit uiters moeilik om hom tuis te hou indien sodanige aktiwiteit waaraan pa en seun gewoonlik saamwerk,

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



by een van sy vriende aan die gang is.

Dit kom voor asof Louis ingestel is op sukses, en hy vertel met trots van die goeie punte wat hy op skool behaal het. Hy wil as hy groot is graag 'n mediese dokter word.

Probleemstelling

Die moeder formuleer die probleem as volg: Louis se vader is ongeveer vier jaar gelede in 'n motorongeluk oorlede. Ongeveer een jaar na sy afsterwe het Louis opstandig en ongehoorsaam teenoor sy moeder begin word. Daar is om hulp aangeklop by 'n Kinderleidingkliniek en sake het verbeter.

'n Paar maande gelede het Louis begin bang word om snags alleen te slaap, en het daarop aangedring om by sy ouer broer in die kamer te slaap. Hy het vir 'n tydlank by sy broer geslaap, maar namate hy dit minder gereeld gedoen het, het hy vriende oorgenooiom by hom te kom oornag, of het daarop aangedring om by vriende te gaan oornag. Hierdie toedrag van sake is vir die moeder onaanvaarbaar en sy voel dit ruk hand uit.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DIE PROTOKOLLE

TAT

Kaart 1

Dis 'n tekening en die outjie het dit geteken en hy dink nou wat is verkeerd met die prent of iets (?). Hy gaan sy kwaste vat en dit probeer beter maak.

Kaart 2

Hierdie mense is arm en dit het nooit gereën nie, en nou probeer die pa maar weer om die lande te ploeg. En hierdie meisie wil graag universiteit toe gaan om te studeer, maar daar was nie geld om dit te doen nie.

Kaart 3BM

Hierdie meisiekind se pa was in 'n ongeluk en nou voel sy baie sleg daaroor en nou lê sy teen haar bed en nou ...... (pouse) en ....... maar hy sal tog weer beter word het die dokter gesê.

Kaart 5

Hierdie is die vrou wat daar by 'n plek bly en toe ..... dis 'n weeskind wat daar bly en toe het die mense haar aangeneem, maar hulle is verskriklik kwaai. En elke keer kyk hulle of sy wel haar goed doen anders raas hulle met haar.

Kaart 6BM

Hierdie vrou se seun is siek en ....... en nou wonder sy of hy beter gaan word want hy't kanker. En die dokter staan ook daar en probeer haar kalmeer.

Kaart 7BM

(Pouse) (Pouse). Daar is hm, terroriste het nou in die stad ingekom en nou wonder hulle of hulle nie miskien moet weggaan nie. Hulle is bang hulle word miskien geskiet of iets.

KAART 8BM

Hierdie ou het geld nodig gehad wat, hy het geld nodig gehad en toe

© University of Pretoria

het 'n boef vir hom gesê hy moet daai ou doodmaak dan sal hy hom geld gee. En nou het hy 'n slegte gewete, want hy dink altyd aan wat hy gedoen het.

Kaart 10

Hierdie mense se seun was in 'n ongeluk en hy's toe dood. En toe hulle die nuus hoor toe voel hulle baie sleg en toe huil sy. En nou probeer haar man haar kalmeer.

Kaart 12M

(Pouse). Hierdie is 'n hipnotis en dis een van die mense wat na hom toe gekom het om hom te hipnotiseer. En nou's hy besig om die seun wat na hom toe gekom het te hipnotiseer.

Kaart 13MF

(Pouse). Hierdie vrou was baie siek wat sy't ook kanker gehad en toe het sy baie swak geword en sy was besig om dood te gaan. En die man het nog by haar gesit. En toe sy dood is het hy baie sleg gevoel. En toe gaan bel hy maar die lykshuis dat hulle die lyk moet kom haal.

Kaart 13B

Hierdie outjie se pa is ...... moes na die velde gegaan het want hulle bly op 'n plaas. En hy staan vroeg op en kom dan eers terug as sy seuntjie slaap. En nou sit hy in die deur en wag en wonder wanneer sy pa ooit weer vroeg huis toe sal kom.

Kaart 17BM

Hierdie is ...... hierdie is hm een van die mense in die sirkus wat op die tou loop en hy het geoefen en iemand het die tou afgeskiet, met 'n mes afgegooi. Hy was die mesgooier van die sirkus en hy het nie van die ou gehou nie, want die een het altyd die meeste applous gekry. Maar hy het gelukkig die tou vasgegryp en stadig afgegly tot op die grond.

Kaart 20

Hierdie is 'n wag by 'n ou huis waar daar 'n skat begrawe is. En iemand het uitgevind daar is 'n skat en nou bewaak hulle dit, en die

© University of Pretoria

polisieman was bang want dit was in die bosse en daar was stories van gorillas wat in die aand uit die bos kom en mense en diere dood gooi teen boomstamme.

© University of Pretoria

COLUMBUS

Kaart 1

(Vra meer instruksies). Hierdie twee grootmense sit en gesels. En hierdie een het klaar geëet of hy wil nie sy kos eet nie en nou sit hy en speel onder die tafel. Ek weet nie eintlik .......wat ...... hoe ....... (pouse). Ek verstaan nie, moet ek sê wat die twee grootmense sê? Al wat ek kan sê is hierdie twee grootmense sit net daar en hy sit onder die tafel, en sy klein sussie sit net daar. Ek dink nie daar's nog iets wat ek kan sê nie. (Gaan hy onder die tafel bly sit?) Hy sal seker weggaan later as almal opgestaan het.

Kaart 2

Hierdie een is ...... die outjie moes gaan slaap en toe gaan bad hy en gaan hy af om vir sy ma-hulle nag te sê. En toe gaan hy af, en toe sê hy vir sy ma-hulle nag en toe gaan slaap hy. Ek dink nie daar's nog iets nie, hy't toe net gaan slaap.

Kaart 3

Ek sou sê hierdie outjie moet nou in die huis bly want hy's siek en nou kyk hy hoe speel die mense daar buite. En nou voel hy baie sleg dat hy nie ook kan buitentoe nie. (Wat gaan hy nou doen?) Hy besluit toe ..... hy sal uit die venster uitspring, en hy sal met sy maats gaan speel ...... en toe kom sy ma en sy kry hom daarbuite en sit hom weer in die bed en toe moes hy daar bly.

Kaart 4

Hierdie is almal susters en hulle moet skool toe gaan in die stad want hulle bly op 'n plaas. En toe hardloop sy susters vir hom weg en toe hardloop hy agterna. (Hoekom hardloop hulle vir hom weg?) Want hulle wil nie hê hy moet saam met hulle stap nie want hy terg hulle, en toe hardloop hulle vir hom weg dat hy nie by hulle kan kom nie.

Kaart 5

Dit is .... 'n .... iemand wat in die berge gebly het en daar't 'n, daar't 'n towenaar daarbo gebly en toe wou sy altyd graag vlieg en

© University of Pretoria

toe wens sy dit eenkeer hardop en toe hoor die towenaar dit. En toe kom daar 'n groot arend sit voor die huis waar sy bly en toe sê hy sy kan op sy rug ry en toe vlieg hy met haar weg en toe kom sy nooit weer terug nie. (Hoekom het sy nie teruggekom nie?) Die spreuk wat hy oor haar gespreek het, die towerwoorde wat hy oor haar gespreek het het opgehou werk en toe land die voël en los haar net daar, ook in die berge, maar anderkant die see.

Kaart 6

Hm. Hierdie kind se ma is baie siek en die dokter is daar by haar en die dokter weet dat sy nie baie lank nog sal lewe nie. En toe vat die kind se pa hom na die kaggel en sê haar dat haar ma nie baie lank nog gaan lewe nie. (En toe?) En toe voel sy baie sleg en hardloop weg na haar kamer toe.

Kaart 7

(Pouse) Nee ek weet nie, ek verstaan nie presies hierdie prent nie. Hierdie seuntjie loop af in die straat en hy wonder wie in hierdie huis bly. Die kinders sê almal dis 'n heks wat daar bly want sy's so kwaai, en toe hardloop hy vinnig daar verby. Nee ek weet nie hier .... hierdie is 'n moeilike ene. Ek kan niks hier nie ......

Kaart 8

Hierdie is 'n skool e .... en dit is vroeg in die oggend en nou speel die meisiekinders en spring tou en die seuns gesels oor hulle sokker en lag vir die klein outjie wat daarso staan. (Pouse). En hulle besluit toe wie aan wie se kant is en speel toe sokker. (Hoekom lag hulle vir die klein outjie?) Want hy dink hy kan netso goed soos hulle speel en toe lag hulle vir hom.

Kaart 9

Hierdie outjie het deur die skoorsteen geklim want hy wou gaan kyk wie bly in die huis want dit was 'n baie spookagtige huis. Toe klim hy af in die kelder en sien daar kaste goud en silwer en smaragte en allerhande juwele. Hy wou vir die polisie vat en vir

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hom ook. Toe hoor hy voetstappe en spring in 'n boks, dit was 'n leë een. En toe sien hy dis die Sewemanskap wat al baie geplunder en ingebreek het. En toe hulle weg is gaan hy polisie toe en toe sê hy hulle en toe kon hy twee bokse van die juwele kry.

Kaart 10

Is dit 'n onderstebo prent? 'n Boef het in hulle huis gekom en goed gevat, daar rondgesnuffel. En toe die outjie inkom by die buitedeur en sien die boef en sê vir hom: Hiert jy wat soek jy daar? En die boef hardloop vinnig na die voordeur en die seuntjie klim op en gaan staan op die ... wat noem mens dit as 'n ding so plat is (Platform?) ..... die platform, en kyk die boef agterna, maar die boef was te vinnig en hy het gou verdwyn in die donker gangetjies van die straat.

Kaart 11

Hierdie seuntjie bly daar op die plaas ... op die dorpie daar naby. En hy't baie van bote gehou en dan stap hy elke middag af om na die bote te kyk. En hy't baie gewens hy kan 'n boot kry. Eendag kry hy 'n klomp hout by 'n man, en toe help sy pa hom om 'n boot te bou. En toe bou hulle 'n boot vir hom en toe kry hulle die ou grassnyerenjintjie uit en toe sit hulle hom in die boot en toe het hy 'n klein motorbootjie. (Ry hy iewers heen met hom?) Nee, hy het net by die rivier op en af gery.

Kaart 12

Sê maar hierdie is 'n houtkapper wat in die bos elke dag gaan hout kap het. En toe kap hy 'n boom af en toe's daar 'n briefie in wat sê: "Tien tree na noord sal jy 'n, die murasie kry", en dan moet hy aan die onderste klip met sy voet skop dan sal 'n deur oopgaan. En toe doen hy dit en toe gaan daar 'n deur oop en toe was daar ryk kamers vol skatte. En hy't al sy bure gaan roep en hulle't alles na hulle huise toe gedra. En toe bou hy later vir hom 'n groot kasteel en toe bly hy daarin.

Kaart 13

(Pouse.) Hierdie seuntjie moes gaan slaap in die aand en het voor hy gaan slaap het by die venster uitgekyk na die berge. Hy wou

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



graag gaan klim, maar sy pa het hom nie toegelaat nie, want dis te gevaarlik. En hy't baie gewens dat hy eendag daarnatoe sal kan gaan.

Kaart 14

(Pouse). Hierdie outjie het saam met sy ouma in die bos gebly en hy kon nooit skool toe gegaan het nie want dit was te ver en hy't nie vervoer gehad nie. En toe't hy altyd daar gelê en gedink hoe lekker dit sal wees en gewens dat hy skool toe kon gaan. Ek kan niks meer nie.

Kaart 15

Dit is 'n boer wat 'n plaas gehad het en hy't baie hard gewerk want hy was arm en hy't baie hard gewerk. En aan die einde van die winter het hy deur sy lande geloop en gesien alles wat hy kon oes. En hy't baie geld gekry en toe koop hy nog grond en saai sy lande. En hy't nooit opgehou om baie hard te werk nie.

Kaart 16

Hierdie outjie wou graag gaan sakgeld verdien want hy wou 'n fiets koop. En toe gaan werk hy by 'n boer en hy moes baie hard werk, twaalf ure aanmekaar. Aan die einde het hy tog die fiets gekry en hy't altyd vir sy ma gaan goed koop by die winkel as sy hom gestuur het met die fiets.

Kaart 18

Hm. Dit is 'n sokkerwedstryd hierdie en baie kinders het gekom om te kyk hoe hulle speel want dit was twee skole wat gespeel het. En almal het kom kyk hoe hulle speel.

Kaart 24

Hier's 'n towenaar wie daar gebly het en hy't in die bos gebly onder 'n boom. Daar't hy allerhande towermiddels gehad, en 'n geweer as hy hom op 'n mens skiet dan word hy so groot soos speelgoedmannetjies. En hy't al die mense laat dwergies word. En eendag het hulle die geweer in die hande gekry en hom geskiet en toe val hy in sy groot pot en hy het verongeluk. En toe het hulle hom teruggekry. En toe

© University of Pretoria

kry hulle die mengsel wat hulle groter maak, maar daar was te min, elkeen kon net 'n kwart glasie kry. Toe kon hulle net bietjie groter word maar hulle was baie bly.

Die Vrye tekening

Louis teken berge en 'n muur waar 'n huis staan. Hy vertel dat dit 'n huis is waarin 'n swart vrou en haar seuntjie bly. Die seuntjie se moeder loop buite met 'n bak op haar kop.

Die Draw A Person-toets (DAP)


Louis teken 'n stokfiguurtjie sonder enige sintuiglike organe. Die figuur het nie enige onderskeidende geslagskenmerke nie, en het ook nie klere aan nie. Hy sê hy het 'n mannetjie geteken, sy naam is Piet en hy is vyf jaar oud.

Toe hy versoek word om 'n persoon van die teenoorgestelde geslag te teken, teken hy ook 'n stokfiguurtjie sonder klere aan, maar voeg wel hare by. Hy noem die figuurtjie Susan, en sê sy is tien jaar oud.

Die ondersoeker het Louis toe versoek om weer 'n mens te teken, maar die keer nie 'n stokfiguurtjie nie. Hy teken toe 'n seun, noem hom Andre, en sê hy is nege jaar oud.


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



© University of Pretoria



© University of Pretoria



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## DIE TEMATIESE ONTLEDING VAN DIE PSIGODIAGNOSTIESE MATERIAAL

### a) Die hantering van eise en reaksie op frustrasie

Hierdie seun is so gepreokkupeer met homself en sy eie probleme, dat hy daartoe geneig is om die eise wat deur die buitewêreld gestel word, te ignoreer. Eerder as om aandag te gee aan die verwagtings van sy omgewing, benader hy 'n saak deur uit te gaan van sy eie behoeftes. Die preokkupasie met homself spruit voort uit sy twyfel en onsekerheid met betrekking tot sy eie bekwaamheid, en die pogings wat hy aanwend om ongewenste aspekte in homself en sy optrede reg te stel. In elk geval bied sy omgewing nie die nodige leiding met betrekking tot die hantering van die eise nie. So 'n ingesteldheid bring egter mee dat Louis probleme daarmee ondervind om bevredigende kontak met die wêreld en sy eise te maak. (TAT-1).

Aanvanklik kom dit voor asof Louis selfgemotiveer is om verbeteringe in homself en sy optrede te weeg te bring. Gou blyk egter dat hierdie pogings van hom daarop gerig is om frustrasie te vermy. Indien hy homself aanvaarbaar kan aanbied bring dit minder frustrasie en psigiese ongemak mee. (TAT-5.)

Daar bestaan nie enige nabye emosionele kontak tussen Louis en die ander gesinslede nie, met die gevolg dat sy affeksionele en afhanklikheidsbehoeftes nie voldoende bevredig word nie. Ten einde te kompenseer vir hierdie leemte raak hy ingestel op die intellektuele, maar die belangrike persone in sy omgewing gee ook nie erkenning aan hierdie behoefte nie. Die pogings wat hy aanwend om bevrediging van sy behoeftes binne die portuurgroep te vind, word deur sy moeder gefnuik. Die feit dat geen een van sy pogings tot behoeftebevrediging slaag nie, verhoog sy onsekerheid omtrent sy bekwaamheid tot so 'n mate dat hy nie meer onafhanklik pogings aanwend om sy behoeftes te bevredig nie. Aangesien die wêreld en sy verwagtings ook nie duidelik begryp word nie, begin Louis

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



passief reageer op frustrasie, en vermy liewer die frustrerende en onbekende. Gevolglik probeer hy nie om op onafhanklike en verantwoordelike wyse die wêreld en sy frustrasies die hoof te bied nie. (TAT-2, 3BM; Columbus-1, 3.)

Louis soek die rede vir sy mislukkings en frustrasies by homself. Hy is egter van mening dat bonatuurlike elemente 'n rol speel in sy frustrasies en dat hy tot 'n sekere mate magteloos daarteen staan. Hy hoop om hom te wreek op hierdie bonatuurlike elemente, maar twyfel of hy hulle volkome sal kan oorwin. Aangesien die bonatuurlike ook die goddellike kan verteenwoordig, kan Louis se instelling en reaksie tot die bonatuurlike kragte, aanleiding gee tot gevoelens van interne angs en skuld. (TAT-1; Columbus--24.)

b) Persoonlike en sosiale aanpassing

Persoonlike aanpassing

Die belangrike persone in Louis se lewe is die enigste mense wie die moontlikheid tot die bevrediging van sy affeksionele en afhanklikheidsbehoeftes bied. Indien hy met hulle fout vind, word sy reeds wankelende sekuritiet verder bedreig. Gevolglik soek hy liewer die redes vir sy frustrasie en mislukking by homself. So 'n kritiese en negatiewe instelling teenoor die self bevorder nie 'n positiewe siening van die self en die eie liggaam nie. Louis wil graag regstel wat met hom verkeerd is ten einde aanvaarding en kontak te verseker, maar hy weet nie wat eintlik fout is nie. Die gebrek aan hulp en belangstelling vanuit sy omgewing versterk sy gevoelens van twyfel oor sy eiewaarde en sy aanvaarbaarheid vir ander mense. Die twyfel en onsekerheid oor eie bekwaamheid, asook oor die wêreld en sy eise lei tot gevoelens van intense onveiligheid en onbekwaamheid. Aangesien Louis se affeksionele behoeftes nie bevredig word nie, poog hy om dit heeltemal uit sy lewe te weer. Die onbevredigende omstandighede waarin Louis hom bevind, laat by hom die behoefte ontstaan om terug te keer na 'n

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vroeër gelukkiger tydperk in sy lewe. (DAP; TAT-1.)

Louis wil graag kontak maak met sy portuurgroep en onafhanklik van sy ouerhuis funksioneer, maar sien nie kans om dit te doen sonder sy moeder se goedkeuring nie. Indien hy wel inisiatief aan die dag lê en onafhanklik optree, vind hy dit bevredigend. Die belangrike rol wat Louis se moeder in sy lewe speel tree deurentyd na vore. (Columbus-3, 9.)

Die ontwikkeling van 'n eie identiteit neem gedurende die puberteitsfase in aanvang. Die gevaar bestaan dat Louis die negatiewe belewing van homself en sy eie liggaam binne sy identiteit kan vaslê, en dit dan oordra na adolessensie en volwassenheid. So 'n negatiewe instelling teenoor die self maak aanvaarding van die self en andere baie moeilik. (TAT-1; DAP.)

## Sosiale aanpassing

### Die verhouding met die ouers

Dit kom nie voor asof daar 'n nabye affeksionele verhouding tussen Louis en sy vader bestaan het nie. Hoewel Louis tans 'n behoefte aan kontak met sy vader ervaar, en voel dat sy vader oor hom besorg was, aanvaar hy sy vader se afwesigheid sonder enige aktiewe verset. Louis se herinneringe van sy vader bevat positiewe sowel as negatiewe elemente. Dit kom voor asof kontak met sy vader sekere beperkinge op die seun se aktiwiteite geplaas het, beperkinge wat nie Louis se behoeftes in aanmerking geneem het nie. Daar was egter ook gevalle waar hulle as kamerade in aktiwiteite gedeel het. (TAT-7BM; Columbus-13.)

Daar bestaan nie bevredigende affeksionele kontak tussen die seun en sy moeder nie. Binne die sfeer van die intellektuele en akademiese bestaan daar egter wel 'n moontlikheid

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tot kontak met die moeder. Louis se belewenis van sy moeder is dat sy nie sy behoeftes in aanmerking neem nie. Dit wek opstand en aggressie by hom teen haar, maar dit is te bedreigend om uiting daaraan teenoor sy moeder te gee, aangesien sy die seun se enigste konstante bron van sekuriteit en liefde is. Indien hy aggressie teen haar uitleef, stel hy die moontlikheid op bevrediging van sy affeksionele en afhanklikheidsbehoeftes in gevaar. Sy negatiewe instelling teenoor die moeder skep by hom die vrees dat sy opstand teen haar 'n negatiewe en skadelike uitwerking op haar kan hê. Hy vrees die gevolge van sy negatiewe ingesteldheid teenoor haar en ontwikkel skuldgevoelens. Dit bring mee dat Louis sy opstand en aggressie teenoor sy moeder sover moontlik probeer onderdruk. Eerder as om haar as ontoereikend te sien, soek hy liewer die fout by homself. (TAT-6BM.)

Louis toon 'n behoefte daaraan, en vind dit ook bevredigend om onafhanklik te funksioneer. Gevolglik verkwalik hy sy moeder indien sy beperkinge op sy onafhanklikheid plaas. Hy verwag egter terselfdertyd van haar dat sy sy affeksionele en afhanklikheidsbehoeftes sal bevredig. Hierdie ambivalente behoeftes gee aanleiding tot frustrasie, en Louis se behoefte aan sekuriteit is so sterk dat hy liewer sy onafhanklikheid prysgee as om in konflik met sy moeder te verkeer.

Ten einde sy aggressie onder bedwang te hou neem Louis sy toevlug tot infantiele reaksiewyses indien hy in 'n frustrerende situasie beland. Indien hy byvoorbeeld huil, gee hy hom oor aan die volwasse gesag, terwyl hy terselfdertyd aggressie voorkom. Hierdie uitstel van aggressie ten einde sy sekuriteit te beskerm is 'n noodmaatreël, waarna hy dan vir 'n tydlank sonder te veel spanning kan funksioneer. (TAT-3BM, 12M.)

© University of Pretoria

Die verhouding tot die portuurgroep en emansipasie

Louis toon 'n behoefte aan onafhanklike funksionering, maar vind dit moeilik om self sover te kom om hom werklik van die ouerhuis en die sekuriteit wat dit bied te distansieer. Hy wag eerder dat iets in sy omgewing sal gebeur wat hom die begeerde onafhanklikheid sal besorg. Tog het Louis 'n positiewe instelling teenoor die toekoms en die moontlikhede wat die onbekende bied fassineer hom. Hy verwag ook sukses indien hy inisiatief kan neem en die onbekende toekoms self kan ontdek. Sy behoefte aan sekuriteit en goedkeuring van sy moeder, maak dit egter vir hom moeilik om wel onafhanklik op te tree. (Columbus-11.)

Hierdie seun toon ook 'n behoefte aan kontak met sy portuurgroep, maar gee eerder bevrediging van hierdie behoefte prys as om in konflik met sy moeder se wense op te tree. Hierdie toedrag van sake wek egter aggressie teenoor die moeder, en die gevoel dat sy behoeftes nie deur haar gerespekteer word nie. Aangesien Louis hom nie teen sy moeder wil verset nie, uit vrees dat hy sy sekuriteit in gevaar sal stel, bevind hy hom in 'n uiters frusterende posisie. In sy frustrasie rig hy hom op die toekoms en hoop dat sy behoeftes dan bevredig sal word. Binne die huidige opset aanvaar hy sy frustrasies liewer op passiewe wyse. (Columbus - 3.)

Integrasie

Louis ervaar die puber se natuurlike en gesonde drang na onafhanklikheid. Hy openbaar 'n behoefte aan kontak en onafhanklike funksionering van die ouerhuis. Aangesien sy afhanklikheidsbehoeftes egter nie voldoende bevredig word nie, voel hy onseker om op eie houtjie die onbekende aan te durf. Die kontak wat hy met sy portuurgroep soek om daar ondersteuning te vind, dra nie sy moeder se goedkeuring weg nie. Die moeder is in die afwesigheid van Louis se vader, die seun se enigste konstante bron van liefde en sekuriteit. Gevolglik is dit vir Louis baie bedreigend om teen haar wense in te gaan, en hom haar ontevredenheid op die hals te haal. Sy pogings tot emansipasie stel dan die bevrediging

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van sy affeksionele en afhanklikheidsbehoeftes waarvan die moontlikheid tot bevrediging nou binne een persoon gesetel is, verder in gevaar. Netso is dit baie bedreigend om fout te vind met sy enigste konstante bron van sekuriteit, en hy soek maar liewer die rede vir sy frustrasies by homself. So 'n ingesteldheid laat hom egter verder twyfel aan sy eie vermoëns en bekwaamheid, en dra by tot die vorming van 'n negatiewe selfbeeld. Sy gebrek aan sekuriteit en twyfel aan homself gee aanleiding tot intense gevoelens van onveiligheid en onbekwaamheid. Puberteit is die stadium wanneer die vorming van 'n eie identiteit in aanvang neem, en die gevaar bestaan dat hierdie negatiewe instelling teenoor die self in die identiteit vasgelê en oorgedra kan word na adolessensie en volwassenheid.

Louis se ervaring dat sy moeder nie erkenning aan sy behoeftes gee nie, wek by hom aggressie teenoor haar. Indien hy hierdie aggressie teen haar sou uitleef, stel hy die bevrediging van sy affeksionele en afhanklikheidsbehoeftes verder in gevaar. Gevolglik probeer hy aggressie teenoor die moeder sover moontlik vermy. Tog vrees hy dat sy negatiewe gevoelens teenoor die moeder haar kan benadeel. Maar die gevaar bestaan ook dat sy aggressie en negatiewe gedagtes omgekeer, en op hom gerig kan word. Onsigbare kragte kan wraak op hom neem, en hy vrees dat hy so benadeel mag word dat hy nooit volkome sal kan herstel nie. Die bonatuurlike kragte kan hul kans teen hom waarneem wanneer hy saans alleen in sy kamer is. Sy gewete kla hom aan oor sy aggressiwiteit jeens sy moeder en in sy angs wend hy hom tot sy broer as bykomende bron van sekuriteit en beskerming.

Louis wil nie graag sy onafhanklikheid teenoor volwasse outoriteite inboet nie, maar die verset wat hy in hierdie verband openbaar, bring skuldgevoelens mee. Hy hanteer hierdie dilemma deur sy toevlug te neem tot infantiele reaksiewyses. Sodra hy vrees dat sy aggressie sy sekuriteit in gevaar stel, begin hy byvoorbeeld huil soos tydens die woordewisseling met sy moeder. Hierdie reaksiewyse laat hom homself onderwerp aan die volwasse gesag, terwyl dit terselfdertyd die uiting van verdere aggressie voorkom.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Binne die sfeer van die intellektuele en akademiese maak Louis en sy moeder wel interpersoonlike kontak. Dit word dan duidelik waarom die seun so ingestel is op prestasie en sukses en in sy toekoms 'n professionele betrekking wil beklee.

Aangesien Louis se vader afwesig is, is sy moeder nie net sy hoofbron van affeksie nie, maar ook van sekuriteit. Indien hy met haar in konflik verkeer, stel hy die bevrediging van beide hierdie basiese behoeftes in gevaar. Gevolglik word dit vir Louis baie belangrik om haar tevrede te stel. Die opstand en aggressie wat hy teenoor sy moeder ervaar, maak hom baie angstig, omdat hy vrees dat dit haar kwaad mag aandoen. Hy wend hom dan na sy broer as bykomende bron van sekuriteit. Wanneer sy broer erkenning gee aan hierdie behoefte van Louis, ontwikkel Louis genoeg sekuriteit om hom te distansieer van die sekuriteit wat die gesin bied, en om na die portuurgroep te beweeg. Hy kan dan selfs die portuurgroep as bykomende bron van sekuriteit gebruik.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 1.3. GEVALLESTUDIE B (Paul)

### Kliniese agtergrond

Paul is tien en 'n half jaar oud en is die jongste van vier kinders. Hy het 'n broer van vyftien jaar en twee susters van onderskeidelik veertien en twaalf jaar oud. Sy moeder is in haar dertiger jare en sy werk buitenshuis. Finansieel kom die gesin goed versorg voor.

Volgens die moeder was Paul se ontwikkeling as baba en jong kind sonder enige ernstige probleme. Die enigste noemenswaardige aspek is dat Paul 'n allergie vir beesmelk getoon het, en sy voeding daarvolgens aangepas moes word. Paul het egter al die ontwikkelingsfases tot dusver suksesvol deurloop en het geen aanpassingsprobleme getoon nie. Hy pas goed aan op skool en presteer sedert die aanvang van sy skoolloopbaan bogemiddeld.

Die seun is fisies klein van postuur en kom jonk vir sy ouderdom voor. Die sekondêre geslagskenmerke het nog nie hul verskyning gemaak nie. Paul toon 'n aktiewe belangstelling in sport en het reeds die hoogste sukses daarin behaal. Dit kom voor asof hy wel oor die deursettingsvermoë en selfdissipline beskik om end uit voort te gaan met 'n taak wat hy aangepak het.

Paul se moeder beweer dat hy nie gemaklik interpersoonlike kontak maak nie, en verkies om liewer homself te vermaak as om met maatjies te speel. Sedert die afsterwe van Paul se vader het sy pogings tot afsondering merkbaar toegeneem.

Volgens Paul se moeder het die seun se vader ongeveer twee jaar gelede tydens 'n depressiewe episode selfmoord gepleeg. Reeds voor hierdie gebeurtenis was die gesinsverhoudinge egter al onbevredigend en onbestendig. Die vader se gemoedstoestand het redelik vinnig gefluktueer tussen liefdevolheid, aggressiwiteit en depressie. Die gesinslede was

© University of Pretoria

nooit seker wat om te verwag nie. Tydens die vader se aggressiewe en destruktiewe toestande het die moeder probeer om hom en die kinders so min as moontlik met mekaar in kontak te laat kom.

Paul het glo heelwat van die vader se aggressie vrygespring, terwyl dit op die ander kinders, veral Paul se broer, gerig was. Sy broer koester tans nog baie negatiewe gevoelens teenoor die vader, en voel dat hy deur sy vader veronreg is. Hy rig sy aggressie tans op Paul en is baie krities teenoor hom ingestel. Volgens die moeder kan Paul nie begryp waarom sy broer so negatief teenoor hom ingestel is nie. Daar bestaan derhalwe nie 'n goeie verhouding tussen die broers nie.

Aangesien die vader onvoorspelbaar was en maar min kontak met die kinders gehad het, het Paul nie 'n nabye affeksionele verhouding met sy vader opgebou nie. Die moeder is van mening dat Paul egter 'n positiewer instelling teenoor die vader het as die ander kinders wie meer gely het onder die vader se aggressie en onredelike optrede.

Direk na sy vader se afsterwe het Paul sterk reaksie getoon. Hy het geweier om te eet en om uit sy bed op te staan, en wou self ook doodgaan. Sy moeder het hom baie aanmoediging en ondersteuning gegee en 'n beroep probeer doen op sy verantwoordelikheidsin om self weer betekenis in die lewe te vind. Paul se neerslagtige gemoedstoestand het geleidelik opgeklaar, maar 'n gedeelte van sy vorige selfvertroue en blymoedigheid het in die slag gebly.

Paul het wel nog belangstelling in sport getoon en sy moeder het gereël dat hy ekstra afrigting daarin ontvang. Die seun het 'n hegte verhouding met sy afrigter opgebou en is geneig om hom te idealiseer. Sy afrigter probeer Paul aanmoedig om onafhanklik op te tree, en moedig hom aan om interpersoonlike verhoudings op te bou. Hy plaas Paul in situasies

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waarin hy gedwing word om inisiatief te neem en leiding te gee.

Volgens Paul se moeder is hy daartoe geneig om sy vriende te domineer. Indien hulle dan onttrek voel hy neerslagtig en ongelukkig. Hy verkies egter om nie met maatjies te meng nie, veral as daar 'n groep van hulle is. Wanneer hy op skool uitgesonder word as gevolg van sy sportprestasies voel hy baie ongemaklik en gaan nie graag skool toe nie. Die seun het een redelike goeie vriend, maar hulle sit dikwels vas. Paul beweer dit is omdat sy vriend vinnig van humeur is. Binne die gesinsituasie sal Paul egter eerder onttrek as om homself te handhaaf en sy wil af te dwing.

Paul se moeder beweer dat daar 'n goeie verhouding tussen haar en Paul bestaan. Hy kan nie verdra dat sy vir hom kwaad is, of teleurgesteld in hom is nie, en probeer om haar sover moontlik tevrede te stel. Hy raak baie ontsteld en bekommerd indien sy enige fisiese ongesteldheid, selfs net 'n hoofpyn, het. Sy kommer word vererger indien sy medikasie neem, en neem sodanige afmetings aan dat sy tans geen medikasie in sy teenwoordigheid neem nie.

Dit kom voor asof Paul se moeder die bykomende verantwoordelikhede wat meegebring is deur die afsterwe van haar eggenoot, sonder veel ongemak kan hanteer. Sy het sedert haar eggenoot se afsterwe verder studeer en beklee tans 'n professionele betrekking.

Tydens die onderhoud het Paul teruggetrokke voorgekom en het nie maklik en spontaan geverbaliseer nie. Hy was nie ongemaklik of selfbewus nie, maar het geslote voorgekom. Die seun gee te kenne dat hy sy vader mis en soms na hom verlang. Sy vader was wel kwaai, maar hy het tog van hom gehou. Wanneer hy eendag groot is wil hy predi-

© University of Pretoria

kant word. Paul se vader het teologiese opleiding gehad maar het nie die beroep beoefen nie. Dit kom voor asof Paul sy vader idealiseer en pogings aanwend om met hom te identifiseer.

## Probleemstelling

Volgens Paul se moeder maak die seun interpersoonlik swak kontak, en probeer selfs maatjies wat vir hom kom kuier vermy. Hy kom onseker van homself voor en laat homself nie geld indien sy broer of susters hom veronreg nie, maar onttrek liewer. Die moeder is van mening dat hierdie optrede die gevolg is van 'n swak selfbeeld en as gevolg van die feit dat Paul sukkel om sy probleme te verwerk.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



DIE PROTOKOLLE

TAT

Kaart 1

Daai outjie is moedeloos ..... want hy kry nie op sy viool gespeel nie. Nou gaan hy kwaad wees ... en op die bed lê en huil. Dis al.

Kaart 2

(Pouse.) Daai tannie kyk hoe haar man ploeg. Sy's bly want hulle gaan nou geld kry. Dis al. (Vooraf ) Hulle was arm, haar man wou nie werk nie.

Kaart 3BM

Die tannie lê en huil. (Pouse.) Haar man slaan haar. En nou gaan hulle skei (pouse). Dis al.

Kaart 5

Die tannie kom in die kamer in (pouse). En nou gaan sy skree ... want haar man lê dood op die vloer, Dis al. (Wat het voor die tyd gebeur?) Hulle het gelukkig gebly. (Waarom dood ?) Hy't selfmoord gepleeg. (Waarom?) Hy't probleme gehad by sy werk. (Na die tyd?) Sy gaan ook selfmoord pleeg.

Kaart 6 BM

Hier staan 'n man by 'n bed en kyk, en hy kyk na die bed, wat op die bed is. Sy vrou lê op die bed en sy's siek. Naderhand gaan sy weer regkom. Dis al.

Kaart 7BM

Hier staan 'n ou by 'n ou oom (pouse.) En ..... die ou oom soek nou vir hom werk. Binnekort gaan hy werk kry. Dan gaan hy gelukkig bly - die man. (wys na jonge.)

Kaart 8BM

Hierdie man is besig om geopereer te word. Hierdie kind staan daar

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



langs sy pa .... en hy voel baie sleg. En op die ou end gaan sy pa seker weer regkom. (Wat het voor die tyd gebeur?) Sy pa't siek geword.

Kaart 10

(Pouse.) Hier staan 'n man by sy vrou. En hulle's lief vir mekaar. Dis maar al.

Kaart 12M

Daai outjie lê op 'n bed en hy's siek. En naderhand gaan hy weer regkom (pouse). Dis al. (Vooraf?) Hy't ook maar siek geword.

Kaart 13 MF

Daar lê 'n vrou in die bed en sy's dood. Die man hou sy oë toe want hy wil dit nie sien nie. Naderhand gaan hy homself seker doodskiet. En vroeër het hulle gelukkig saamgebly. Dis al.

Kaart 13B

Hier sit 'n outjie en huil by die deur. Sy pa't hom geslaan en hy maak planne om weg te loop. (Pouse.) Vroeër het hy gelukkig gelewe maar nou het sy ma doodgegaan. Ek dink dis al.

Kaart 14

Hier klim iemand by die venster uit (pouse). En hy wil nou uit sy kamer uitgaan. Sy ma't hom in die kamer toegesluit. En hy moes vir 'n dag lank daar bly. (Hoekom toegesluit?) Want hy was stout. (Ontsnap hy?) Ja. (Waar gaan hy heen?). Na sy maatjie toe.

Kaart 17BM

Daar klim iemand by 'n tou uit. Hy oefen gimnastiek. (Pouse.) Dis al. (Voor die tyd?) Hy't aangesluit by die klub. (Na die tyd?) Nou gaan hy lekker by die huis bly.

Kaart 20

Hier loop 'n man in die straat af. (Pouse.) En hy's dronk. En hy gaan nou na sy huis toe. En dan gaan hy weer almal slaan. (Hoekom het hy dronk geword?) Hy't in die kroeg gaan drink seker.

© University of Pretoria

COLUMBUS

Kaart 1

(Pouse.) Ma en pa hou nie van hulle kind nie. En hulle gaan hom nou wegjaag. (Hoekom ?) Omdat hulle wil nie hê hy moet saam met hulle eet nie. (Was hy stout ?) (Pouse.) Nee ek weet nie.

Kaart 2

Hy kom uit sy kamer uit. Nou gaan hy met die trappe afklim. En dan gaan hy eet. (Voor die tyd ?) Hy't geslaap. Ek weet nie meer nie.

Kaart 3

Sy ma wil nie hê hy moet saam met die ander speel nie. Want hy doen altyd stout (pouse.) (Wat gaan hy nou maak ?) Hy gaan huil. (En dan ?) Dan gaan hy miskien wegloop.

Kaart 4

Hy dra iets, of sit hy net sy arm so ? (Pouse.) Hy loop agter hulle aan .... 'n ..... maar hulle ry vir hom weg want hulle is kwaad vir hom. (Hoekom is hulle kwaad vir hom ?) Want hulle drie wil nie meer met hom speel nie. (Hoekom nie ?) Want gewoonlik as ek speel dan kom net twee of drie oor die weg en die ander een word weggejaag. (Wie word weggejaag?) Partymaal ek, partymaal my maatjies. Dis al.

Kaart 5

'n Seuntjie vlieg met 'n voël oor die see. (Pouse). Ek kan dit nie verstaan nie, dis mos onmoontlik. (Pouse.) Seker maar moeg vir visvang. Nou loop hy weg. (Van wie af?) Van sy pa-hulle. (En waar gaan hy heen ?) Na sy ouma toe.

Kaart 6

Die oom en tannie hou van mekaar. (Pouse.) Hulle gaan nog lekker saambly. (Voor die tyd ) Hulle't seker maar getrou.

Kaart 7

Hierdie outjie loop in die straat af. Hm. Hy loop weg. Hm. Sy

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ma het hom baie geslaan. (Pouse.) En hy gaan nou by die weeshuis probeer kom. (Hoekom hom geslaan? ) Sy's net moeg vir hom.

Kaart 8

Hierdie ou, hulle wil ook nie saam met hom speel nie. En die seuntjies maak nou plan om hom seer te maak. Want hulle is net jaloers op hom, want hy doen altyd die beste in die skool. (Wat gaan nou gebeur?) Nou gaan hy nie weer skool toe kom nie.

Kaart 9

Hierdie outjie sit in die solder. (Pouse.) Hy's nou kwaad en hy wil nou daar bly. Hm. Sy ma hou ook nie van hom nie, want sy hou meer van sy sussie (pouse). Hm. Hy gaan nou maar later weer terugkom. (Hoekom het hy kwaad geword?) Want sy ma het meer van sy sussie gehou.

Kaart 10

Hy gaan nou hier afspring. Sy pa hou ook nie van hom nie. Hy't hom altyd geslaan en die hele familie geslaan en nie omgegee wat hy doen nie. As hy afspring gaan hy dood wees.

Kaart 11

Hierdie ou staan vir die boot en kyk. Hy wil op die boot klim ... en dan bietjie rondry. En dan kom hy net weer terug. Hy doen dit want sy maats is nie by die huis nie en hy soek nou net iets om te doen. (Waarheen ry hy?) Net so 'n entjie om in die rivier.

Kaart 12

Ek kan nie sien wat's dit hierdie een nie. (pouse.) Hier staan so 'n man tussen twee rotse. Dis al wat ek sien.

Kaart 13

Hierdie ma staan agter die gordyn by die venster en uitkyk. (Pouse.) Sy's kwaad vir almal want die man slaan altyd aan die kinders. (Pouse.) En ....... nou wil hulle skei. (Wat gaan gebeur? ) Nou gaan hulle maar skei. (Wie staan daar?) Die ma, want sy't 'n rok aan. Ek dink dis al.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kaart 14

Die outjie lê onder die boom en 'n grasstingel eet. (Pouse.) Hy dink nou net hoe lekker dit is. Alles gaan goed by hulle huis. Alles is lekker. (Kan jy vertel wat is lekker?) Hy word nooit in die huis geslaan nie, net as hy baie stout is ... en hulle het genoeg kos en klere. Dis al. (Wat gaan hy nou doen?) Hy gaan maar net hier bly lê soos hy altyd gelê het.

Kaart 15

Hierdie outjie loop weg. Hy's net moeg vir die huis. Sy pa't hom ook baie geslaan. En nou gaan hy by sy ouma bly. Dis al.

Kaart 16

Hierdie outjie tel strooi op. En hy voel nou sleg omdat sy maatjie niks doen nie, en sy maatjie het baie geld. Nou gaan daai outjie kwaad wees en hy gaan huil omdat hulle so arm is. Dis seker al.

Kaart 18

Hier lê 'n vrou oor 'n rusbankie. Sy kyk na die sokkerspelers. (Pouse.) En ..... haar man is kwaad vir haar omdat hy nie in die span kon kom nie. Dan gaan hulle vir so 'n rukkie kwaad wees en dan nie meer kwaad wees nie.

Kaart 24

(Pouse.) Hier bly 'n seekoei seker hier. (Pouse.) Hy kom van 'n ander planeet af. En oor 'n paar dae gaan hy weer terug. Dis al. (Wat het hy hier kom maak?) So 'n bietjie kom kyk hoe lyk dit hier. (Wat sien hy toe?) Snaakse bome en groen gras. (Pouse.) Ek dink dis al.

Die vrye tekening


Paul teken 'n olifant met leë oë. Hy staan alleen langs 'n boompie met berge in die agtergrond.

Die Draw A Person-toets (DAP)

Paul teken eerste 'n vrouefiguurtjie wat met 'n helling staan. Sy het oë wat nie kan sien nie, en haar hande ontbreek. Dit is sy tannie, Magriet, en sy is sewe en twintig jaar oud.
Toe hy 'n persoon van die teenoorgestelde teken, teken hy sy vader. Hy sê hy is nege en dertig jaar oud. Die figuurtjie het ook leë oë, en die hande en die neus ontbreek.


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## DIE TEMATIESE ONTLEDING VAN DIE PSIGODIAGNOSTIESE MATERIAAL

a) Die hantering van eise en reaksie op frustrasie

Hierdie seun voel dat hy nie kan voldoen aan die eise wat aan hom gestel word nie. Dit maak hom ongelukkig, maar eerder as om verdere pogings tot sukses aan te wend, reageer hy op infantiele en passiewe wyse en probeer frustrerende situasies vermy. Indien frustrasie onvermydelik is, is hy daartoe geneig om selfvernietigend te wil optree. (TAT-1, 3BM, 13B, 13MF; Columbus - 3). Soms wend hy wel 'n poging aan om frustrasie te oorkom, maar sy algemene reaksie daarop is een van infantiele onttrekking. (TAT-14.)

Paul sal liewer 'n situasie vermy as om die gevaar te loop dat hy onsuksesvol sal wees. Hierdie ingesteldheid op sukses spruit voort uit die aanvaarding wat dit tuis meebring. (TAT- 17BM.) Tog vind hy dat sukses nie oral positiewe reaksie ontlok nie, veral nie van sy portuurgroep nie. (Columbus - 8.)

Die seun verwag geen hulp of leiding vanuit sy omgewing in die hantering van eise of om frustrasiesituasies suksesvol te oorkom nie. Hy is totaal oorgelaat aan sy eie vermoëns, en aangesien hy onseker van homself voel en sy eie bekwaamheid bevraagteken, voel hy veiliger indien hy frustrerende omstandighede vermy. (DAP; TAT-13B.)

So 'n passiewe instelling ten opsigte van die hantering van eise en die struikelblokke en frustrasies wat in die daaglikse lewe voorkom, spreek van 'n toestand van emosionele onvolwassenheid en is ongesond binne die seun se huidige ontwikkelingsfase. Hierdie kind toon 'n onvermoë om die eise wat die lewe stel te hanteer, of om hom te verset teen frustrerende omstandighede. Hy beskou die hantering van eise as 'n straf, eerder as 'n manier om onafhanklik en verantwoordelik op te tree. Gevolglik is hy traag om 'n uitdaging te aanvaar, en sit die lewe voort sonder enige positiewe ak-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tiwiteit of lewensvreugde. (TAT-1; Columbus-16.)

b) Persoonlike en sosiale aanpassing

Persoonlike aanpassing

Paul beleef homself as 'n onbekwame en minderwaardige persoon wie nie kan voldoen aan die eise wat aan hom gestel word nie. Sy gevoelens van ontoereikendheid laat hom baie onseker voel en hy dra die negatiewe belewenis van homself oor op sy liggaamsbeeld. Die feit dat daar geen leiding of bystand vanuit sy omgewing kom nie, verhoog sy gevoelens van onsekerheid en dra by tot 'nverdere verlaging in sy eiewaarde. Die gevoelens van onsekerheid en ongelukkigheid neem sodanige omvang aan dat Paul bykans geen pogings aanwend om homself te handhaaf en frustrasie te kanteer nie. (DAP; TAT-1, 16.)

Hoewel hierdie seun behoefte openbaar aan sekuriteit en affeksionele en interpersoonlike kontak, rig hy nie appēl tot sy medemens vir die bevrediging van hierdie behoeftes nie. Sy ervarings dat daar tog nie in sy behoeftes voorsien word nie, asook die verlaging in sy eiewaarde en die gepaardgaande gevoelens van neerslagtigheid, dra by tot hierdie toestand van sake. (TAT-1; Columbus-1, 9.) Ook die pogings wat hy op intellektuele gebied aanwend om op daardie wyse erkenning te kry, blyk onsuksesvol te wees. Ten einde homself teen al die ongelukkigheid te beskerm, onttrek hy. (Columbus-8.)

Aangesien Paul se sekuriteit reeds veel te wense oorlaat, is dit vir hom uiters bedreigend om teenoor die persone wie die moontlikheid tot die bevrediging van sy behoeftes inhou, aggressief of verwerpend op te tree. Hy rig liewer sy aggressie op homself. Sy belewenis van homself en sy omgewing is egter so negatief wat hy wil oorgaan tot selfvernietiging. (Columbus-10.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar kom by Paul onsekerheid ten opsigte van sy geslagsidentiteit voor, en dit kom voor asof hy nog nie die moeder as identifikasiefiguur met 'n manlike identifikasiemodel vervang het nie. (DAP; TAT-3BM; Columbus-5, 13.)

Hierdie seun se negatiewe belewenis van homself en sy wêreld het meegebring dat hy tans geen positiewe verwagtings meer koester nie. 'n Moedeloosheid en teneergedruktheid laat hom op passiewe wyse die wêreld en sy frustrasies aanvaar. Daar word nie in sy behoeftes voorsien nie, en hy doen ook nie meer moeite om bevrediging van sy behoeftes te bewerkstellig nie.

Sosiale aanpassing

Die verhouding met die ouers

Paul beleef die verhouding wat hy met sy afwesige vader gehad het as baie negatief. Sy herinneringe spreek van ervarings van verwerping asook van gewelddadige optrede van die vader teenoor die gesinslede. Dit kom nie voor asof daar enige bevredigende affeksionele kontak tussen Paul en sy vader bestaan het nie. (TAT-13B, 20; Columbus-10, 15.)

Die seun se herinneringe van sy vroegste lewensjare spreek ook van ervarings van verwerping en uitsluiting van die gesinsituasie. Sy moeder is nie toe as positief of simpatiek beleef nie, en hy ervaar tans ook nie sy verhouding met haar as emosioneel bevredigend nie. (TAT-2; Columbus-1, 7, 13.)

Aangesien daar reeds van vroeg af nie in die seun se affeksionele en afhanklikheidsbehoeftes voorsien is nie, het hy nie 'n basiese gevoel van sekuriteit en vertroue in sy medemens ontwikkel nie. Hy verwag dus nie aanvaarding of bevrediging van sy behoeftes nie. Tog is hy van mening dat aangename en positiewe kontak wel moontlik is. Indien hy suksesvol is in die uitvoering van 'n taak, dra dit by tot aanvaarding en aangenamer ervarings tuis. (TAT-10, 17BM; Columbus-6.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die gebrek aan sekuriteit wat die seun ervaar, lei tot 'n onvermoë om overt of direk aggressie teenoor die ouers na vore te bring. Die aggressie wat hy teenoor hulle koester, veral teenoor die moeder, kom wel op subtiele wyse na vore. Eerder as om aggressief te wees of hom teen die wense van sy moeder te verset, onttrek hy van die gesinsituasie. Hierdie seun se lewe en toekomsgerigtheid sentreer om sy negatiewe belewing van sy moeder en afgestorwe vader, en die pogings wat hy aanwend om daarvan te distansieer. Die pogings wat hy aanwend om buite die gesinsverband interpersoonlike kontak op te bou, word deur sy moeder ontmoedig.

Paul se onsekerheid ten opsigte van sy eie bekwaamheid, asook die gebrek aan sekuriteit vanuit sy ouerhuis, bring mee dat hy selfs in sy pogings om te ontsnap van sy ongelukkige en onbevredigende huislike omstandighede, binne die sfeer van die bekende of uiters simpatieke wil bly. Hy voel te onseker en onveilig om onafhanklik die onbekende aan te durf.

<u>Die verhouding tot die portuurgroep en emansipasie</u>

Die seun se pogings tot distansiëring en onafhanklike optrede van die ouerhuis, word nie gemotiveer vanuit 'n gesonde behoefte aan emansipasie nie. Dit gaan by hom nie soseer om die aandurf van die onbekende en die hanteer van nuwe lewenstake nie, maar eerder om die vermyding van onbevredigende huislike omstandighede. Hy vind dit moeilik om werklik van die huis te distansieer, sonder om die bekende binne sigbare afstand te hou. In werklikheid kom hy nie sover om hom te distansieer van sy onsekere verlede, en om vorm te gee aan 'n onbekende toekoms nie. (Columbus-5, 7, 11, 12).

Die seun toon 'n behoefte aan kontak met sy portuurgroep, maar voel dat hy nie deur hulle aanvaar word nie. Net soos in sy huislike omstandighede bied ook die portuurgroep nie bevrediging vir sy behoefte aan sekuriteit nie. Sy pogings om op intellektuele gebied te kompenseer, vir die gebrek aan sekuriteit en aanvaarding, wek nog meer antagonisme vanuit die portuurgroep.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die seun se behoefte aan interpersoonlike kontak en aanvaarding is so groot dat hy verkies om sukses op te offer eerder as om verstoot te word. (Columbus-4, 8.)

Paul se behoeftes word nêrens in aanmerking geneem en gerespekteer nie. Gevolglik verwag hy nie in die hede of toekoms enige positiewe reaksie vanuit sy omgewing nie. Al sy aktiwiteite word daarop gerig om weg te kom uit sy huidige omstandighede, maar dit blyk nie suksesvol te wees nie. Selfs bonatuurlike elemente bring nie geluk en 'n wêreld wat met mense gevul is nie. (Columbus - 9, 24.)

Bevredigende kontak met die portuurgroep versterk die puber se sekuriteit sodanig dat hy daartoe oorgaan om die onbekende toekoms aan te durf en te ontdek. Paul se reeds wankelende sekuriteit word geen ondersteuning gebied vanuit sy portuurgroep nie, met die gevolg dat dit vir hom uiters moeilik is om onafhanklik en selfversekerd op te tree.

Integrasie

Paul se ervarings van intense onsekerheid en die swak bevrediging van sy affeksionele behoeftes, laat hom twyfel aan sy waarde vir ander mense. Die pogings wat hy aanwend om bevrediging van sy behoeftes te bewerkstellig, blyk onsuksesvol te wees. Die gevoelens van persoonlike ontoereikendheid wat hy ervaar word versterk deur die gebrek aan aanvaarding en leiding vanuit sy ouerhuis. Hierdie negatiewe belewing van homself en die belangrike persone in sy omgewing, laat hom teneergedruk en moedeloos voel. Ook sy portuurgroep bied geen sekuriteit nie, en hy voel dat hy ook deur hulle verwerp word. Indien hy hom instel op sukses ten einde so aanvaarding af te dwing, vind hy dat dit nog meer antagonisme van sy portuurgroep ontlok. Sy klein fisieke postuur beïndruk ook nie sy vriende nie en hy kan nie deur heldhaftige en kragtige optrede bewondering van hulle afdwing nie. Aangesien Paul geen vertroue in sy medemens het om sy behoeftes te bevredig nie, verkies hy om liewer

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van hulle te distansieer in 'n poging om hom te beskerm teen al die ongelukkige ervarings.

Hoewel die gesinslede nie bevredigend in die seun se behoeftes voorsien nie, is hulle, veral sy moeder, sy enigste konstante bron van affeksie en sekuriteit. Dit is dus vir Paul bedreigend om hom direk teen hulle te verset, want hy stel dan sy sekuriteit verder in gevaar. Paul se verhouding met sy broer is swak, met die gevolg dat hy hom nie tot sy broer kan wend as bron van sekuriteit en beskerming nie. Ten einde uiting van sy verset en aggressie teenoor die gesinslede te voorkom, onttrek Paul liewer as daar frustrerende omstandighede ontstaan. Sy opgekropte aggressie en pogings tot selfhandhawing kom dan binne die portuurgroep situasie op oordrewe wyse tot uiting, met natuurlik negatiewe gevolge.

Paul se moeder is in die afwesigheid van sy vader nie net die seun se hoofbron van affeksie nie, maar ook van sekuriteit. Hierdie toedrag van sake word versterk as gevolg van die seun se swak verhouding met sy broer. Indien die moeder iets sou oorkom, of hom ontneem word, word Paul totaal kwesbaar en sonder beskerming gelaat. Daarom raak hy geweldig ontsteld en bekommerd indien sy selfs net die geringste teken van ongesteldheid toon.

Die negatiewe herinneringe wat Paul van sy vader het, asook die onbevredigende verhouding met sy broer, bring mee dat hy moeilik die moeder as belangrikste identifikasiefiguur met die manlike beeld kan vervang.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 1.4. GEVALLESTUDIE C (John)

### Kliniese agtergrond

John is veertien jaar oud en hy het twee broers van onderskeidelik vier en twintig en een en twintig jaar oud. Sy moeder is in haar veertiger jare en werk buitenshuis. Die gesin kom finansieel bevredigend versorg voor.

Volgens die seun se moeder was sy ontwikkeling sedert babajare sonder enige besondere probleme. John was wel ouer as die gemiddelde ouderdom voordat hy bevredigend kon loop. Hy het tot dusver nie enige besondere aanpassingsprobleme tuis of op skool ervaar nie. Sy moeder beskou hom as 'n kind met gemiddelde vermoëns en hy het tot en met sy vader se afsterwe bevredigend presteer. Sedertdien het die seun se skoolprestasie merkbaar afgeneem, en hy ondervind veral probleme met Wiskunde.

John se moeder beweer dat hy 'n baie goeie verhouding met sy vader gehad het, en dat hulle baie aktiwiteite saam uitgevoer het. Volgens haar het John se vader hom tot 'n mate bederf, en die seun se verhouding met sy vader was heelwat hegter as sy verhouding met haar.

Die vader is ongeveer ses jaar gelede aan kanker oorlede. John was toe agt jaar oud. Sy vader het 'n lang siekbed gehad en die gesinslede het sy afsterwe verwag en het hulle daarop voorberei. John het sy vader se afsterwe aanvanklik kalm aanvaar, en dit het voorgekom asof hy hom daarby berus. Die middag nadat hy die tyding van sy vader se dood ontvang het, het hy egter geweldig angstig geword en te kenne gegee dat hy bang is sy moeder sal dadelik weer trou, of sy mag dalk ook doodgaan, en dan sal hy weeshuis toe moet gaan. John het toe nie direk oor sy vader getreur of te kenne gegee dat hy hom mis nie, maar was voortdurend en buite verhouding besorg oor sy moeder. Hy het snags baie nagmerries gehad, almal met dieselfde tema, naamlik dat sy moeder gesterf het, en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat hy weeshuis toe moet gaan.

Daar bestaan nie 'n hegte verhouding tussen John en sy twee broers nie, en hy erken of aanvaar geen gesag van hulle nie. Hy gee slegs gehoor aan sy moeder se wense en aanvaar net haar gesag. Sy moeder beskou hom as oormatig afhanklik van haar. Hy verkies dat sy gedurig by hom moet wees, en dat sy hom moet vergesel waar hy ookal gaan. John se oormatige afhanklikheid is vir sy moeder onnatuurlik vir 'n seun van sy ouderdom en sy is van mening dat hy nie optree soos van 'n seun van sy ouderdom verwag word nie. Dit kom voor asof John se moeder ongeduldig met hom raak wanneer hy so afhanklik optree.

Volgens John se moeder ontstel enige argument of onenigheid hom, selfs al is hy nie direk daarby betrokke nie. Indien hy en sy moeder in 'n woordewisseling betrokke geraak het, probeer John onmiddellik na die voorval sake regstel. Hy vra bykans dadelik om verskoning indien hy sy humeur teenoor haar verloor het.

John is van gemiddelde bou en lengte, en aangesien die sekondêre geslagskenmerke nog nie duidelik ontwikkel het nie, kom hy jonger as sy kronologiese ouderdom voor.

Tydens die onderhoud het die seun skaam, teruggetrokke en onseker voorgekom. Hy het 'n oormatige behoefte getoon om die toetsafnemer tevrede te stel, en het uit sy pad gegaan om aanvaarding te probeer verseker. John is Engelssprekend, maar nadat hy vasgestel het dat die ondersoeker Afrikaanssprekend is, het hy daarop aangedring om die toetse in Afrikaans te doen, ten spyte van die feit dat hy herhaaldelik verseker is dat dit hom vrystaan om in Engels voort te gaan.

Die seun het probleme daarmee ondervind om 'n tekening van sy eie keuse te maak. Hy het rondgekyk in die vertrek, en het

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toe probeer om 'n blompot wat op 'n rak gestaan het, af te teken. Hy het ook gesukkel met die DAP, en het pogings aangewend om 'n foto van 'n manspersoon na te teken. Terwyl hy die vrouefiguur se gesig geteken het, het hy ook na die foto bly kyk vir leiding, en het toe daarna die hare bygevoeg. Dit kom voor asof John baie onseker voel en leiding en rigting vanuit sy omgewing soek.

John se moeder kom streng voor en sy skep die indruk dat sy nie maklik nabye emosionele kontak kan maak nie. Die vader was klaarblyklik die persoon wie in John se affeksionele behoeftes voorsien het.

<u>Probleemstelling</u>

John kla van hoofpyn en maagpyn en dat hy soms voel asof hy wil flou word. Sy moeder voel bekommerd oor sy skoolprestasie wat aansienlik agteruit gegaan het sedert sy vader se afsterwe. Sy beskou John se afhanklikheid van haar as oordrewe en onnatuurlik, en nie in ooreenstemming met sy ontwikkelingsfase nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



DIE PROTOKOLLE

TAT

Kaart 1

This is a little boy he's got a violin infront of him. And he looks a little dreamy because his violin lessons didn't work out. And the teacher moaned at him and after that he put great concentration in his violin lessons and became a great violinist.

Kaart 2

Well this is a farm girl who lived quite long ago and she's got books in her hands. Her father's in the background working in the lands and her mother's leaning against the tree. Both parents want to work on the farm and she wants to learn and they don't want her to learn. And she persists in her work and got a profession and became very rich. (Kyk agterop kaart.)

Kaart 3BM

This is a little boy leaning against his bunk. He has been moaned at hy his parents because he's never done his job properly but half heartedly. And while he's sulking against the bunk he decides to run away which he does.

Kaart 5

This is a woman who's just opened a door going into a room. She thought it was a burglar and hurried down but when she opened the door she found it was only a cat who knocked the vase over.

Kaart 6BM

This is a picture about a man and a woman. This lady is the young man's mother. And they've just had a row because the young man has bought himself a car and his mother is still very old fashioned and thinks it's, he's still too young to have a car and it's so dangerous.

Kaart 7BM

This is a picture of an old man and a young man. They have ... spoke about something ..... and the old man told the young man what to do and he's not very pleased about this and he does just

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



the opposite and it turns out completely wrong - he should have done what the old man has said.

Kaart 8BM

(Pouse). This is a picture of a young boy and ..... in the background lies his father and he's being operated on by a doctor. They're trying to cut out a cancer gland that has just started. And this boy is thinking how clever these men are to save lifes. And he decided to become a doctor and he became one of the greatest doctors there's ever been.

Kaart 10

This is a picture of a young man and a woman. They are holding each other and saying their last good-byes because the lady's father doesn't want her to get associated with the man because he said this man's background was very bad. And he decided to send her to another country where she could live with her aunt.

Kaart 12M

This is a picture of a man and a woman. This man is a scoundrel and he meet up with this lady. And because she was very rich he wanted her money. And he hypnotized her and made her write down on the document that all her money would be handed over to him at her death. And when he said a certain word the woman would jump out of the window. And from the window there was a twenty storey drop and she jumped and died and then he got all her money.

Kaart 13MF

This is a picture of a ... man and a woman. Hm. In the bed there's a woman and ...... she, in the picture she looks lifeless, this man most probably killed her and next to the bed he's standing, wiping the sweat ..... off his forehead. This lady was his wife and her will was made out to him and he knew he would get her money.

Kaart 13B

This is a picture of a young boy sitting in the doorway of this ....... shack. He's in a very poor suburb, and ..... this

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



boy's parents are dropouts in life and he's thinking what will become of him. And he decides he'll run away, and when he ran away he met rich people and he told them his story and they took him in and he became a success in life.

Kaart 14

This is a picture of a ... a man in an open window. This is a dark place and this man has decided to commit suicide because he's just done something wrong that would cause him a long time in prison. Before he committed the crime he decided that if he was near to be caught, he'd commit suicide. And he went to an old storehouse and ran to the top of the building where he jumped out of the window. But when he landed he only broke his legs and was sent to hospital. When he came out he was sentenced to a long time in prison.

Kaart 17BM

This is a picture of a young man ....... who was climbing a rope. (Pause). He's actually a magician who has made this rope uncoil from the ground and go into the air. And to prove that it was not a folly he climbed the rope. And he got lots of money from the crowd watching him.

Kaart 20

This is a picture of .....a man standing against a light post. (Pouse.) He has just been kicked out the lodge where he was living. And he was thinking where he would stay. And it was winter and that night he found nowhere to stay. And he slept on a stoop of a house. And when the people took the snow off their stoop they found his body. He was frozen to death.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



COLUMBUS

Kaart 1

Dis 'n klein seuntjie wat onder 'n tafel sit en hy speel met blokkies. Lyk my sy pa en ma en suster eet en hy't onder die tafel gekruip toe hy klaar geëet het. En toe sy pa en ma klaar geëet het kon hulle hom nie vind nie, en toe hoor hulle hom skree onder die tafel. (Verder gebeur?) Hulle gaan hom daar kry met sy blokkies en bly wees dat hulle hom gevind het.

Kaart 2

Hierdie seun bly in 'n groot huis en een aand het hy wakker geword met 'n nagmerrie. En hy't opgestaan en die lig aangeskakel en opgestaan om na sy ma en pa toe te gaan to soothe him. Dis alles wat ek van daai prentjie kan uitmaak.

Kaart 3

Dis 'n prentjie van 'n seuntjie wat in die kamer staan en by 'n venster uitkyk na kinders wat buite speel. Dit lyk my hy's besig om te leer want daar's 'n boek op die tafel. Dit lyk my die boek is oop, ek kan nie mooi sien nie. En hy dink hoe lekker dit sal wees om te gaan speel en nie te leer nie.

Kaart 4

Dis 'n prentjie van 'n rivier met 'n brug oor dit en in die agtergrond is 'n huis en agter dit is nog berge. En dis 'n prentjie van meisies en 'n seun, voor stap die meisies en hulle het 'n skipping tou, agter stap die seun en hy't 'n rugbybal in sy hande. En hulle gaan nou speel in 'n parkie wat net verder aan sal wees.

Kaart 5

In hierdie prentjie sien ek 'n hawe en in die middel van dit is 'n kerk, groter as enige van die ander geboue. En daar's 'n berg net agter die klein dorpie en ...... net verby waar die see begin is baie skepe en daar's eilande wat so uitkom en op die einde van die eilandjie is 'n light house. In die lug sit 'n dogtertjie op 'n duif se rug en die duif vat haar terug huis toe.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kaart 6

Dit, in hierdie prentjie is 'n kombuis lyk dit my, en daar's 'n man en vrou wat voor die vuur sit. En die deur staan oop en in die kamer, lyk my daar's 'n bed in en die man of vrou is siek.

Kaart 7

Die prentjie is van 'n seuntjie, en in die agtergrond is 'n huis en bome. Lyk my dis die seuntjie se huis, maar dit lyk nie of hy by die hek sal ingaan nie, dit lyk of hy by die hek by die voordeur sal ingaan.

Kaart 8

Die prent lyk my is voor skool en dit is die speelgrond van 'n klomp kinders. Daar is meisies wat skip en 'n seun wat op 'n emmer sit. En die groep seuns, en daar's 'n seun wat van die groep weggedraai is en hy maak sy skoene vas. En in die skoolgebou bo is daar 'n vrou wat by die venster staan en uitkyk en dis net bo 'n deur lyk dit my. Dit lyk my hierdie vrou roep die kinders om terug te gaan klas toe dat sy hulle kan leer.

Kaart 9

Die is 'n prentjie van 'n seun wat in die kelder bo die huis kom. Daar is baie ou goedere bo in die kelder en ...... daar is ...... hm, 'n vloer en 'n plafon, en dan is daar 'n leër wat na 'n ander plafon opgaan. Op die eerste vloer is 'n stoof en 'n kis en 'n lamp ..... en 'n paar ander goed wat ek nie weet wat dit is nie. In die plafon net bo die leer is daar 'n klomp kiste en van hierdie plafon, net na 'n balk wat hom ophou is daar 'n balk met iets wat aan hom hang. En 'n seun, daar is 'n seun wat met 'n leer in die kelder inkom, en die deur is op sy rug.

Kaart 10

Dit lyk my of ..... dit 'n groot gang is en daar is trappe wat oplei na 'n deur toe en die deur is oop en lig kom in, en daar is 'n man of 'n seun wat .... teen die deur se raam leun en afkyk. (Pouse.) En daar is balke wat hierdie trap ophou en onder die balke ..... is daar 'n bench, en in die hoek is daar

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n tafel of 'n ding met 'n soort van lap oor wat tot op die grond hang. En op die grond is daar strepe. En teen die muur aan die einde van die gang is daar 'n venster met agt klein venstertjies wat in hom hang. En die dak is van balke gemaak.

Kaart 11

Dit is 'n prentjie van 'n seun wat uitkyk na 'n muur en op hierdie kant van die rivier is 'n klein ding waarop hy kan uitloop om by 'n boot te kom. En net na dit is daar 'n boot wat leeg is en hierdie boot is vasgemaak aan 'n paal aan die kant waar die seun is. En oorkant die rivier is daar 'n boom en net na die boom is daar 'n klein huisie. Dit lyk of die rivier hier breed word, of dit kan in die see inloop en hierop is daar 'n seiljag. (Hoekom is hy daar?) Hy't niks om te doen nie want hy wou uitgaan om na die natuur te gaan kyk.

Kaart 12

(Pouse.) Hierdie prent is van 'n meisie, dit lyk my of sy in 'n bos in is en sy stoot iets oop en nou lyk dit my of daar 'n gebou is waarnatoe sy wil kom of na gesoek het. (Pouse.) En in hierdie gebou is daar 'n skat.

Kaart 13

Dis van 'n seuntjie wat in sy pajamas in is. En hy staan by 'n venster en uitkyk en die gordyn aan die regterkant van die prentjie is om sy rug. Lyk my hierdie seuntjie het wakker geword van 'n nagmerrie en hy't opgestaan want hy kon nie weer slaap nie, en hy't by die venster gaan uitkyk.

Kaart 14

Die prentjie is van 'n plaasseuntjie, lyk dit my, wat onder 'n groot boom lê en rus en hy kou 'n grassie. Hy't nie skoene aan nie, en 'n kort broek en 'n blou hemp. Onder sy kop dink ek het hy sy rugsak. In die agtergrond is 'n huis, 'n plaashuis met bome om, en in die agtergrond is nog 'n huis met bome om. Dis 'n helder dag, die ideale dag om te gaan uitstap, en in die lug is net 'n paar wolke.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaart 15

Die is 'n prentjie van 'n seun of 'n man wat op 'n padjie loop. Die padjie breek op in drie verskillende padjies. Op sy regterkant lyk dit my of dit 'n grongboontjieland is. Net na hierdie land lyk dit my of dit nog 'n grondboontjieland is. Daar's bome om, en op die regterkant by die kind is nog bome. As jy met die regterkantste padjie aangaan kom jy by 'n dorp, en verder aan is daar lande wat ek nie kan uitmaak wat daar groei nie. En verder aan is lande, dit lyk of daar sneeu op die berge is.

Kaart 16

Die prentjie is van 'n seun wat koring optel en gaan neerlê in hope. En bietjie agter toe in die prentjie is 'n man wat teen 'n hek staan, 'n ou houthek. En bietjie verder aan is daar 'n pad, en verder aan is daar 'n huis. Net langs die pad lyk dit my of daar 'n rivier is want 'n brug loop oor die pad. Die padjie wat van die brug af gaan lei na 'n ander huis, en langs die padjie lyk dit of daar blommetjies is en klein bome.

Kaart 18

Hierdie is 'n prentjie van 'n sokkerveld en ..... 'n seun speel sokker. En net agter die sokkernet is 'n klomp kleintjies met 'n pram. In die agtergrond is groot geboue en net agter hulle is 'n paar huisies en 'n klomp bome. In die voorgrond is groot geboue en net agter hulle is 'n paar huisies en 'n klomp bome. In die voorgrond is daar 'n seun wat van die veld af kom en hy lyk nie te bly nie, miskien was hy afgestuur want hy't vuil gespeel. Op die bankie sit mense, en agter teen hom leun 'n meisie. Sy het lang hare en het 'n rok aan, en agter dit speel die sokkerspelers.

Kaart 24

Hierdie is 'n prentjie van 'n woud en net in die voorgrond is 'n teken wat sê: "Hokus pokus", en daar is 'n prentjie onder dit met 'n staf en 'n sterretjie. Daar's 'n rakkie teen die muur met 'n glasbal en op die vloer is daar 'n candle wat brand. Net 'n bietjie verder is daar 'n deur en lyk my dis die deur van Hokus pokus. Die boonste helfte van die deur

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is oop en daar is 'n muur met geel sterretjies of die muur is geel. En buite by die deur is daar 'n klokkie.

Die vrye tekening


John sukkel baie om te besluit wat om te teken. Na 'n geruime tyd probeer by om 'n blompot wat op 'n nabygeleë rak staan, af te teken.

Die Draw A Person-toets (DAP)

Louis teken slegs die gesig van 'n man af van 'n foto wat in die kamer staan. Hy noem die persoon Wayne en sê hy is vyftien jaar oud.


Hy kyk na dieselfde foto vir leiding toe hy die vrouefiguur teken, maar voeg toe hare by. John sê hy het 'n meisie, Jeanette geteken. Sy is veertien jaar oud.

© University of Pretoria




© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



© University of Pretoria



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## DIE TEMATIESE ONTLEDING VAN DIE PSIGODIAGNOSTIESE MATERIAAL

a) Die hantering van eise en reaksie op frustrasie.

Hierdie seun voel ongelukkig indien hy die eise wat aan hom gestel word nie suksesvol kan hanteer nie. Hy is egter van mening dat hy wel sal kan voldoen en suksesvol kan wees indien hy hom toelê op suksesvolle hantering van die buitewêreld se verwagtings. John is van mening dat belangstelling en ondersteuning vanuit sy omgewing 'n groot bydrae kan lewer tot sy suksesvolle ontwikkeling. Sy ouerhuis stel egter sodanige vereistes dat hy nie daartoe instaat voel om ooit daaraan te kan voldoen nie. Terselfdertyd toon die gesinslede nie werklik belangstelling in sy behoeftes nie, en bied ook geen ondersteuning aan hom in sy pogings om tot 'n suksesvolle en bekwame persoon te ontwikkel nie. John wil hom van die huisgesin distansieer en hoop om persone te vind wie hom ondersteuning sal bied, en erkenning aan sy behoeftes sal gee.

John is wel daartoe bereid om aan die verwagtings van die buitewêreld te voldoen, maar voel dat hy dit alleen suksesvol sal kan doen binne veranderde omstandighede. Indien hy ondersteuning kry en sy behoeftes in aanmerking geneem word, kan hy sy frustrasies oorkom. Hoewel die seun hoop om binne 'n ander omgewing meer geluk en sukses te vind kom hy egter nie sover om werklik oor te gaan tot konstruktiewe aktiwiteit indien hy gekonfronteer word met onafhanklike optrede nie. Ten spyte van die feit dat hy positiewe toekomsverwagtings koester, durf hy nie die eise onafhanklik aan nie. (TAT-1, 2, 3BM, 13B; Columbus-9, 10, 12.)

Aangesien interpersoonlike kontak tussen John en die gesinslede onbevredigend is, hoop die seun om binne die sfeer van die intellektuele aanvaarding af te dwing en bevrediging van sy hoeftes te verseker. Die belangrikste persoon in sy lewe, naamlik sy moeder, gee egter ook nie erkenning aan hierdie behoefte van hom nie. Aangesien daar nie be-

© University of Pretoria

vredigend in die seun se behoeftes voorsien word nie, voel hy aangewese op sy eie bronne, en stel sy vertroue in intellektuele bekwaamheid. Hy lê hom daarop toe ten spyte van teenkanting van die ouerhuis, en offer selfs die begeerde kontak met sy portuurgroep op ter wille van intellektuele ontwikkeling. (TAT-2; Columbus-3.)

Indien John mislukking in die uitvoering van 'n taak in die gesig staar, rig hy nie sy aggressie op die buitewêreld nie, maar op homself. Hy hoop dat hy deur homself te straf, die buitewêreld se aggressie en negatiewe reaksie sal kan vermy, maar vind dat hy dit tog nie vryspring nie. (TAT-14.)

John toon 'n realistiese instelling tenopsigte van die hantering van eise. Hy besef dat suksesvolle hantering daarvan, inspanning en moeite verg, en hy is bereid om sy deel by te dra. Hy mis egter die ondersteuning en aanmoediging van sy omgewing in hierdie verband. Indien frustrasie vir die seun ondraaglik word, is hy geneig om daarvan te onttrek, en hoop dat verandering in sy omgewing en omstandighede, verdere frustrasie sal voorkom en meer bevredigende ervarings tot gevolg sal hê. (TAT -3BM, 13B.)

b) <u>Persoonlike en sosiale aanpassing</u>.

<u>Persoonlike aanpassing</u>

John twyfel aan sy eie bekwaamheid en soek gevolglik leiding en struktuur vanuit sy omgewing. Hy beskou homself nie as 'n totaal onbekwame persoon nie, maar voel dat hy vir suksesvolle funksionering afhanklik is van ondersteuning uit sy omgewing. Die seun het so 'n sterk behoefte aan ondersteuning en versorging, dat hy vrees dat hy tot niet sal gaan indien daar nie in sy behoeftes voorsien word nie.

Hierdie seun voel nie dat hy onvoorwaardelik aanvaar word nie, en aangesien die belangrike persone in sy lewe

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie sy affeksionele en afhanklikheids-behoeftes, asook sy belangstellings in aanmerking neem of bevredig nie, wend John hom tot intellektuele bekwaamheid as sleutel tot sukses, geluk en selfhandhawing. Sy ingesteldheid op die intellektuele neem egter sodanige afmetings aan dat dit negatief inmeng met sy interpersoonlike verhoudings. 'n Bose kringloop ontstaan op die wyse, want omdat hy nie vrylik deelneem aan interpersoonlike kontak nie, word die kanse op bevrediging van sy affeksionele behoeftes benadeel. Die swak bevrediging hiervan spoor hom verder aan om bevrediging binne die intellektuele sfeer te soek. (DAP; TAT-2, 13B, 20; Columbus-3.)

Die seun wil graag onafhanklik funksioneer, maar wanneer hy vind dat sy pogings nie suksesvol is nie, word sy selfvertroue tot so 'n mate verlaag dat hy verdere onafhanklike optrede totaal vermy. Laasgenoemde reaksiewyse word versterk deur sy gebrek aan sekuriteit asook die gebrek aan leiding en belangstelling vanuit sy omgewing. Hoewel John homself beskou as 'n persoon wie oor genoegsame potensiaal beskik, ervaar hy hom tans nie as 'n bekwame en aanvaarbare persoon nie. Hierdie instelling van hom benadeel egter die ontwikkeling van selfvertroue en van 'n positiewe selfbeeld. Sy preokkupasie met die intellektuele lei daartoe dat hy die liggaam en sy behoeftes nie van veel belang beskou nie. (DAP; TAT-7BM.)

John ervaar nie verwarring omtrent sy geslagsidentiteit nie, maar 'n mate van onsekerheid is tog aanwesig. Die verhouding tussen die geslagte word nie deur hom as positief beleef nie, en hy verwag nie bevrediging van sy affeksionele behoeftes in 'n heteroseksuele verhouding nie. Aggressie teenoor die vrou is by hom te bespeur. (TAT-3BM; Columbus-5.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## SOSIALE AANPASSING

### Die Verhouding met die ouers

John het positiewe sowel as negatiewe ervarings van beide sy moeder en afgestorwe vader. In die geheel gesien voel hy dat beide ouers tog oor hom besorg was en vir hom omgegee het. John beleef sy vader as 'n persoon wie positiewe leiding aan hom gegee het, en wie se raad hy dus met suksesvolle verwagting kon volg. Die seun voel egter dat sy moeder nie sy behoeftes begryp en erkenning daaraan gee nie, met die gevolg dat sy behoeftes aan begrip en leiding vanuit sy omgewing nie bevredig word nie. Die feit dat John nie 'n hegte emosionele verhouding met sy moeder opgebou het nie, bring mee dat sy affeksionele behoeftes tans ook nie bevredig word nie. Hierdie toedrag van sake laat by die seun gevoelens van intense onsekerheid en twyfèl oor die betroubaarheid van sy omgewing ontstaan. (TAT-6BM; 7BM Columbus-1.)

Die seun se moeder is in die afwesigheid van sy vader, die kind se enigste konstante bron van liefde en sekuriteit. Indien hy haar sou verloor, staan John alleen en onbeskerm in 'n onbekende wêreld. Hy het nie betekenisvolle kontak met sy broers opgebou, sodat hulle as plaasvervangende bronne van sekuriteit, beskerming en liefde kan dien nie. Die feit dat sy moeder nie sy afhanklikheidsbehoeftes bevredig nie, verhoog die seun se gevoelens van onsekerheid sodanig, dat hy ten alle koste probeer vasklou aan die bekende, en dit besonder moeilik vind om van die moeder te distansieer. Hy beskik nie oor die nodige basiese sekuriteit om sy ervaringswêreld uit te brei na die buitewêreld en die onbekende nie, en behou sy moeder as primêre bron van sekuriteit.

Aangesien John se moeder so 'n belangrike plek in sy lewe inneem, is dit te bedreigend vir sy sekuriteit en die bevrediging van sy behoeftes, om op overte wyse uiting te gee aan verset of aggressie, wat hy teenoor haar ervaar. Hy kom soms wel sover om in 'n woordewisseling met haar betrokke te raak, maar voel te onseker van haar beskerming en liefde om werklik van haar te distansieer. (Columbus-2, 5; TAT-6BM.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



DIE VERHOUDING TOT DIE PORTUURGROEP EN EMANSIPASIE

Net soos met die gesinslede, maak John ook nie enige bevredigende interpersoonlike kontak met sy portuurgroep nie. Hy toon wel 'n behoefte aan kontak met sy portuurgroep, maar is te gepreokkupeer met sy eie behoeftes en probleme om werklik oor te gaan tot betekenisvolle kontak en deelname aan portuurgroep aktiwiteite. (Columbus-3, 8.)

Aangesien die seun nie sy ervaringswêreld na die portuurgroep uitbrei en op die wyse vertroue in hulle ontwikkel nie, dien sy portuurgroep nie as bykomende bron van sekuriteit nie. John vind dus nêrens 'n veilige vastrapplek van waar hy die wêreld en die onbekende kan begin ontdek nie. Sy ouerhuis bly vir hom die enigste bekende omgewing wat die belofte tot sekuriteit en die bevrediging van behoeftes inhou. Daarom sien John nie kans om van sy moeder te distansieer nie. Selfs nie eens met die bekende binne bereikbare afstand kom die seun sover om inisiatief aan die dag te lê en onafhanklik vorm te gee aan 'n onbekende toekoms nie. Hoewel John positiewe verwagtings van die toekoms koester, kom hy nie sover om op eie stoom die onbekende aan te durf nie. Hy soek voortdurend na leiding en struktuur vanuit sy omgewing, veral indien hy binne vreemde of bedreigende omstandighede geplaas word, en vind dit derhalwe gemakliker en minder bedreigend om binne die bekende te bly. Aangesien John nie sover kan kom om oor te gaan tot onafhanklike selfontplooiing nie, hoop hy dat verandering in sy omstandighede of sy omgewing sal lei tot suksesvolle ontwikkeling. Hy plaas egter geen vertroue in sy huidige omgewing, of selfs in bonatuurlike elemente om bevrediging van sy behoeftes te verseker nie. (Columbus-3, 5, 11, 14, 24; DAP; Vrye tekening; TAT-13B.)

Indien John nie te veel spanning en frustrasie ervaar nie, is hy daartoe instaat om aggressie volgens sosiaal aanvaarbare norme te kanaliseer. Sodra frustrasie vir hom ondraaglik word, is hy egter daartoe geneig om sy aggressie en negatiewe gevoelens op homself te rig. (TAT-8BM, 14.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Integrasie

John se vader was die persoon in die seun se lewe wie sy affeksionele behoeftes bevredig het, en ook aan hom die nodige sekuriteit en leiding gebied het om suksesvol te kan funksioneer. Toe sy vader oorlede is, is John skielik oorgelaat aan die sorg van persone met wie hy nie betekenisvolle interpersoonlike kontak gehad het nie. Gevolglik was die seun nie meer verseker van die bevrediging van sy affeksionele en afhanklikheidsbehoeftes nie. John het sy vader se sinvolle leiding ook baie gemis en die seun se verhouding met die ander gesinslede was nie van so 'n hegte aard dat hulle kon vergoed vir die afwesigheid van sy vader nie. Hierdie toedrag van sake het daartoe gelei dat John sy behoefte aan affeksionele kontak probeer onderdruk en hoop om binne die sfeer van die intellektuele bevrediging van sy behoeftes te bewerkstellig. Sy moeder toon nie juis belangstelling in hierdie pogings van hom nie. Die intense onsekerheid wat John ervaar werk ook negatief in op die benutting van sy intellektuele potensiaal, met die gevolg dat hy nie suksesvol presteer nie. Hierdie toedrag van sake verhoog sy onsekerheid verder.

Die seun se enigste hoop op bevrediging van sy behoeftes is met die afsterwe van sy vader, noodgedwonge na sy moeder oorgedra. Hy het egter nie soveel vertroue in haar gehad soos in sy vader nie, en het gevrees dat sy hom sal verlaat. In elk geval het sy vader in wie hy soveel vertroue gehad het, hom verlaat. Hierdie gebeurtenis het sy vertroue in sy medemens diep geskok, en hy het verwag dat sy moeder hom ook maar sal verwerp. Hierdie onsekerheid spoor die seun aan om voortdurend in die moeder se teenwoordigheid te wil wees, sodat hy verseker kan wees daarvan dat sy hom nog nie verlaat het nie. Sy natuurlike en gesonde drang na onafhanklikheid word egter deur hierdie optrede heeltemal verongeluk.

Aangesien John so onseker van sy moeder se liefde en beskerming voel, is dit vir hom uiters bedreigend om enige aggressie op sy moeder te rig, of teenoor haar uiting aan sy frustrasies te gee. Die opkrop van sy frustrasies laat egter sy spanning sodanig toeneem dat hy fisiese simptome ontwikkel. Terwyl die simptome

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verligting van spanning meebring, verseker dit ook meer aandag van sy moeder.

Eerder as om binne sy huidige omstandighede vanuit homself 'n oplossing vir sy probleme en frustrasies te vind, verwag John dat veranderde omstandighede verligting van sy probleme te weeg sal bring. So 'n ingesteldheid spreek van emosionele onvolwassenheid ten opsigte van die eise, frustrasies en verantwoordelikhede wat deel uitmaak van die daaglikse lewe.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 1.5 Gevalstudie D (Peter)

### Kliniese agtergrond

Peter is twaalf jaar oud en het twee ouer broers van onderskeidelik vier en twintig en twintig jaar oud, asook 'n suster van sewentien jaar. Sy oudste broer is getroud en voer 'n onafhanklike bestaan van die ouerhuis. Die ander kinders is nog in die huis en hoewel die broer van twintig jaar tans besig is met nasionale diensplig beskou hy nog die ouerhuis as sy tuiste en bring sy vrye tyd daar deur. Die moeder is in haar laat veertiger jare en werk nie buitenshuis nie. Die gesin kom finansieël bevredigend versorg voor.

Volgens Peter se moeder het hy as baba en jong kind nie enige besondere probleme in sy ontwikkeling ondervind nie. Hy is vyf weke prematuur gebore, maar het nie enige ontwikkelingsprobleme getoon nie, en het die verskillende ontwikkelingsfases bevredigend deurloop. Geen ernstige siektes of organiese trauma het voorgekom nie. Peter het as jong kind intelligent voorgekom, en presteer sedert die aanvang van sy skoolloopbaan bogemiddeld. Volgens sy moeder is hy baie konsensieus en doen sy skoolwerk sonder moeite.

Die moeder is van mening dat Peter teruggetrokke van geaardheid is, en nie juis deelneem aan sosiale aktiwiteite nie. Hy het in die verlede wel 'n paar vriende gehad, maar het baie van sy tyd tuis deurgebring, waar hy homself vermaak het deur te swem, modelvliegtuigies te bou of skaak te speel.

Die gesin het voor die vader se afsterwe gesaam deelgeneem aan ontspanningsaktiwiteite. Die ouers het die meeste van hul vrye tyd saam met hul kinders deurgebring en daar was 'n hegte band tussen ouer en kind. Die moeder is van mening dat Peter 'n baie hegte verhouding met sy vader gehad het, en dat hy steeds 'n positiewe instelling teenoor sy vader koester. Volgens sy moeder het Peter tans ook nog 'n bevredigende verhouding met haar, en voldoen graag aan haar wense. Anders as wat voorheen die geval was, is hy die afgelope tyd daartoe geneig om opstandig teenoor haar te raak. Hy vra egter baie gou om verskoning en wil daarvan verseker wees dat sy nie vir hom kwaad is nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ongeveer twee jaar gelede is Peter se vader tydens 'n motorongeluk oorlede. Die moeder is in dieselfde ongeluk ernstig beseer en sy het lank in traksie gelê en kon vir 'n geruime tyd nie loop nie. Volgens die moeder het Peter nie juis reaksie getoon op sy vader se afsterwe nie, maar sy is van mening dat die huishouding tot so 'n mate ontwrig was, dat daar nie werklik iemand was teenoor wie die seun kon reageer, uitpraat of huil nie. Tans praat Peter dikwels en met redelike gemak oor sy vader.

Peter het 'n hegte verhouding opgebou met sy broer wie tans nasionale diensplig doen, en is daartoe geneig om hom te idealiseer. Hy sien baie uit na sy broer se besoeke en wil dan hoor wat hy alles in die weermag doen. Peter het sy broer veral gemis toe hy grensdiens gedoen het, en kon die tyd tot sy terugkoms byna nie afwag nie.

Alhoewel die moeder haar eggenoot mis, voel sy dat sy tog sonder hom die mas opkom, en die bykomende verantwoordelikhede en pligte sonder te veel probleme behartig. Die moeder kom blymoedig voor en is 'n vriendelike mens wie maklik interpersoonlike kontak maak. Sy is van mening, dat Peter sekere dinge wat 'n vader en seun gewoonlik saam doen ontbeer, maar dat hy tot dusver goed aangepas het. Die moeder het 'n baie positiewe instelling teenoor Peter en beskou hom as 'n intelligente kind wie oor baie potensiaal beskik. Derhalwe voel sy baie besorg oor die abnormale gedrag wat hy die afgelope tyd toon, en vrees dat dit sy toekoms mag benadeel. Peter was sy hande ongeveer elke tien minute omdat hy bang is vir kieme. Sy hande is al teer en rou gewas.

Tydens die onderhoud het Peter op sy gemak voorgekom en was nie skaam of teruggetrokke nie. Hy het dit geniet om stories oor die toetskaarte te vertel en het gemaklik geverbaliseer. Die seun het met trots vertel van sy goeie skoolprestasie en sy stokperdjie van modelvliegtuigies bou. Hy wil as hy groot is 'n loods of 'n ingenieur word.

Peter kom jonger as sy kronologiese ouderdom voor en is kort en effens geset. Die sekondêre geslagskenmerke het nog nie heel verskyning gemaak nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Probleemstelling

Die seun se moeder voel baie bekommerd daaroor dat hy so gepreokkupeer is met kieme en sy hande so dikwels was. Sy hande is rou en seer gewas, maar hy gaan steeds voort met sy kompulsiewe gedrag. Volgens die moeder gaan kuier Peter nooit meer by vriende nie, wil nie meer swem of in die tuin help nie, en wil selfs nie meer die hoenders kos gee nie, omdat hy bang is dat sy hande vuil sal word.

Peter is bang om snags alleen te slaap en verkies om by sy moeder in haar kamer te slaap. Bedags is hy baie bekommerd oor haar welsyn, en vrees dat sy iets sal oorkom of sal doodgaan. Hy wil nie hê sy moet weggaan van die huis af terwyl hy in die skool is nie, want hy is bang dat sy iets sal oorkom - dat ŉ motor haar byvoorbeeld sal raakry. Indien hy weet dat sy gedurende die oggend uithuisig sal wees, wil hy nie graag skool toe gaan nie.

Die moeder voel dat Peter nooit ŉ sosiale kind was nie, en altyd baie geheg aan haar was, maar dat sy afsondering en besorgdheid oor haar patologiese afmetings begin aanneem soos wat die frekwensie van sy handewassery toeneem.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die protokolle

TAT

Kaart 1

His father is in the orchestra and he played with it. And he warned him not to touch it because it was always very clean and highly polished. One day the boy played with it and bussed the cords. When his father went to the orchestra he looked at it and saw all the strings were broken. And then he always let his son play with the violin.

Kaart 2

Hm(Pause). It was harvest time and all the people were very busy harvesting. And there were poor people with only one house and a small piece of land. And they cropped very good corn and they sold it for a very high price. And eventually their daughter was able to get a good education with the money they got from the corn.

Kaart 3BM

(Pause) There was a beggar who once went to a person's house to steal some food. And they caught him and told him to go away. But he was so hungry he just stayed one the doorstep. And the people eventually felt sorry for him and gave him food and then he went away.

Kaart 5

There was a naughty little boy who lived in a house and he was fiddling with one of his mother's valuable vases. And when he played with it, it broke. And his mother was in the kitchen and she heard it fall. And she opened the door and was very angry with him because of disobeying her orders.

Kaart 6BM

There was a person who was always dishonest. And there was this old lady who wants to sell her home. And he thought he wants to pay as less as possible for this house. And she was very disappointed with the price. So he went up a little bit. And eventually the man was desperate and had to take the house. Eventually he paid a lot for it, and the old lady wasn't cheated off the deal.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kaart 7BM

(Pause) There was an old man who always use to pay people for stealing valuable paintings. And he thought his son would be a good person to do that as well, and he made his son very dishonest. And they caught the son, and then he told the police that his father used to steal paintings. And they put both of them in jail.

Kaart 8BM

(Pause) (Pause) No, I can't think of anything on this one (Pause). One day a doctor came to operate on a person, because the person was too bad to be removed from the house. And the doctor had done a very good job. And a week later the man was very much better and the doctor had done a good job.

Kaart 10

(Pause) A person who was going to be.....going to be .....a person who lived in Australia was going to be transferred to England for a business transaction. And it was very upsetting for him and his wife. But he told her that every five months he would be allowed to go on leave and come and visit.

Kaart 12M

There was a man who wanted his son badly to go to school, but he didn't want to, so he played sick. And his father took his temperature and saw he wasn't sick. So he told him to go to school and to study for the whole afternoon. And his son decided not to play sick again.

Kaart 13MF

(Pause) I don't know. This one I don't know anything about.

Kaart 13B

There's a .....(pause) a little boy who lived on a farm and he had his own donkey. And one day his donkey disappeared and he was very disappointed. And one day he saw something black in the distance and when it came near he saw it was his donkey. And he was very glad to have his donkey back. I think the donkey was also very glad so it could get some food again.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kaart 14

(Pause) Now one, one day at school a little boy talked to his friends and they decided on a picnic in the middle of the night. And they worked out a plan to get out of the window. And one boy when he climbed through the window he saw his mother waiting for him, because she came to his room and saw he wasn't there - so she thought she'll wait until he comes. And he never tried to do that again without his mother's, his mother's and father's permission.

Kaart 17BM

(Pause) There was a person who loved climbing ropes. And one day he put a spike in his wall, then he tied a piece of rope round it and swung on it in his room. And the metal spike snapped and he went right on the floor and hurt himself. And then he realized he was stupid because it's dangerous to climb a rope that wasn't properly fastened. Then he decided to climb mountains instead of walls.

Kaart 20

It was the Second World War and there was a German soldier of the Waffen SS (Secret Service) Schutz Staffel. And he was patrolling one of the sections where there was partisan resistance. And many of the Germans were guarding them so that they couldn't escape. And he was very disappointed because nothing happens and he couldn't do shooting, because he had a very itchy trigger finger.

© University of Pretoria

Columbus

Kaart 1

The people are eating and they told him to go to bed but he couldn't sleep so he crawled out and under the table. (Vra of hy moet sê wat gaan gebeur). They dropped the drumstick on the floor and then it disappeared - they were eating chicken - and they wondered what happened to it. Then they looked under the table and saw him and the mother and father were very cross with him and send him to bed immediately.

Kaart 2

This little chap here want to watch TV and his parents also send him to bed. So he went and fetch a mirror and he put the mirror in front of the TV but behind his parents, so that the mirror reflected and he could see what was on TV. The dogs came to the back and when his mother went to the back she saw the mirror and then she saw him on the staircase. Then she told him that he may come down to watch one TV programme but then he had to go to bed. And he did that.

Kaart 3

Is that a boy or a girl? It looks like a girl. This girl was naughty in class and the teacher told her to go to her study, it was a special school and every teacher had his own study. And the girl went and then the children all went out to play. She had to stay after school for half an hour for two weeks. And when the two weeks was over she could go out again and she was so glad to be with her friends again, she decided never to be naughty again. That's just make up because no teacher has his own room.

Kaart 4

(Pause) Hm. This chap here was doing something with his friends. And then he found out that three girls were spying on him. Then he decided to spy on them. While he was spying on them, hiding behind a rock, his foot slipped and he fell into the water. They asked him why he had been so nosy and then he asked them why they had spyed on him. Then they were tongue-tied. Then he had to go and change his clothes. Afterwards he threw their dolls into the river. So they were all punished by

© University of Pretoria

each other. Their motto was two wrongs do make a right.

Kaart 5

(Pause) There was a person mountain climbing, and when she climbed she saw an eagle's nest and when she went to have a look at it the eagle came and picked her up. Then the eagle spoke to her and said she can ride on his back for 10 minutes. Then he was very tired and he was very cross with the little girl for fooling him, that he went back to his nest and sit on her as on an egg (Fooled?) When she went into the nest he thought she was only going to take out some twigs, but she was really after his eggs. When he realized that he was very cross with her.

Kaart 6

(Pause) This one makes .....(lag effe, pause). I can't think of really anything on this one. This person was very cold in his house, then he chopped down a tree and chopped it in logs. And then he made a fire and made a pot of tea. When he was nice and warm he fell asleep. That's all I can think of that one.

Kaart 7

(Pause) There was a little boy in his house who got his pocket money. He got just enough pocket money to buy the things he wanted. When he came back from town his mother said she's glad to see he did'nt buy rubbish, because this toys will last him very long, because they were made of metal.

Kaart 8

(Pause) It was a weekend and everyone was thinking what to do. And there was a lot of children in the dead-end street. And there were six boys planning something mischievous. After doing it they came back and play. They put a fire cracker into someone's postbox, and when it went, half the postbox was gone, because it was a very big cracker. But someone saw them and they all got hidings for it.

© University of Pretoria

Kaart 9

There was one boy who was in a house in an attic. He was not allowed to go there so he thought he'll go there when it was dark, and took his torch. Then he found some coins, and he went and showed them to his mother. She was very cross with him, but when she saw the coins she was very glad because they were very valuable. Then she said he could go up in the attic whenever he wanted to.

Kaart 10

(Pause) This boy who lived in a house ... and he thought to himself, I wonder if this house has a basement. Then he tried all the doors, and found that there was a basement. When he saw it it was a very big room which was empty, and there was sunlight in it. He asked his mother if he could use it for his train set, and he made a lot of scenery. He thought it was the most perfect room for these sort of things.

Kaart 11

There was a boy who drew in the sea cadetts. He learned a lot about boats. He wished he had his own boat. One day he saw an old boat near a jetty. He went to the house nearest to the boat and asked the people if it was theirs, then he asked them to buy it. They said yes for R20= He saved his money and bought the boat, then at scouts he was very happy because he had his own boat and needn't use a boy's scout boat.

Kaart 12

What's this? (Pause) There's a....there's a person who liked to swim. He didn't really like to swim but he thought he had to learn to swim. So he went to a river and then he walked into the river and he put his arms out, and he thought he was swimming, but he was only walking. Then he thought he had to get out but then he slipped, he nearly drowned but managed to get out. Then he was quite glad it happened because now he knew he could swim and thought he'll try it more often.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kaart 13

(Pause) There was this child who liked to walk at the beach at night time but his parents would'nt let him. He thought one night he had to get away. And he loosened the curtains and tied them together and made a rope and went down. And he enjoyed him because he took his torch with him, and looked at all the boats. That night he came back, put his curtains back and went back to bed. And nobody knew he had been away.

Kaart 14

(Pause) It was school holidays and there as a farmboy with a lot of spare time because he always finished his chores in the morning. Then he would lie in the veld and looked to the scenery and though he'll draw it that night back at home. Then he found out he couldn't paint, because he wasn't a very good drawer. Then he thought anyway it's much better in the country than in the town. And he never tried to paint again.

Kaart 15

(Pause) This person lived on a hill near the country where there was lots of farms. And every day he used to go down to the city to buy bread and milk and cheese and vegetables. He liked the walk but eventually he got tired of it and took another route. The other route was much more exciting, he saw animals, wildlife, and so he never got tired again - he always looked at them as he went, and saw a different animal every day.

Kaart 16

(Pause) When it was harvest time every farm was very busy, especially the boys because everyone was gathering the corn and the wheat. The children did most of the work because they enjoyed cutting down the wheat. The stuff was sold to the cities and bakeries.

Kaart 18

It was the winter and there was a lot of soccer, and the school was practising it's soccer .. ..it was very soon to be the finals, the finding of the teams for Northern Transvaal. They came to all the schools, the people who played best the team for Northern Transvaal.

©University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



When people left Northern Transvaal, then new ones came in, it was a continuous circle.

Kaart 24

(Glimlag, pause) In the front there lived a magician and he knew a lot of tricks. And every week he'll go to a different town or city and perform a show of tricks. He always pretended to do real magic but he was only a very clever person. When he took a coin out of a person's ear ,he actually had it between his fingers. And the people thought it was real magic but it wasn't And that's the way he became very famous for all his magic tricks.

Die vrye tekening

Peter teken 'n Messerschmidt wat uit die Tweede Wêreldoorlog dateer.


Die Draw A Person-toets(DAP)

Peter teken 'n manspersoon van wie die hande versteek is. Hy noem die persoon Fred, en sê hy is dertig jaar oud.

Sy vrouefiguur staan met 'n helling and haar hande is ook versteek. Die persoon se naam is Sue en sy is twintig jaar oud.


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



© University of Pretoria



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



DIE TEMATIESE ONTLEDING VAN DIE PSIGODIAGNOSTIESE MATERIAAL

a) Die hantering van eise en reaksie op frustrasie

Peter wil graag die eise en uitdagings wat die lewe bied hanteer maar voel dat sy ouers hom daarvan weerhou. Hy wend dan in hulle afwesigheid wel pogings aan om die onbekende eise te ondersoek, maar begaan sodanige foute dat hulle agterkom dat hy hulle bevele nie gehoorsaam het nie. Peter het sy vader ervaar as iemand wie sy seun toelaat om deel te hê aan die hantering van volwasse eise, indien die seun belangstelling daarin toon. Al was Peter se pogings tot die hantering van die eise dan nie suksesvol nie, het dit tog daartoe gelei dat sy vader hom meer vryheid in die hantering van eise toegelaat het. Sy moeder bied hom egter nie noodwendig meer vryheid indien hy teen haar bevele in, verbode dinge ondersoek nie. (TAT-1, 5; Columbus-9.)

Die seun is egter wel gemotiveer om die onbekende eise te probeer hanteer. Hy bepaal by wyse van hierdie pogings of hy wel daartoe instaat is om dit effektief te kan doen. Hy ontvang egter geen hulp en leiding in hierdie verband nie, en probeer maar op sy eie, sy bekwaamheid bepaal. (TAT-17BM).

Die seun ervaar nie bevrediging van sy affeksionele behoeftes binne gesinsverband nie, en raak ingestel op intellektuele sukses. Hy verwag dat dit bewondering en aanvaarding sal verseker en dat hy sy behoeftes aan erkenning en aanvaarding op die wyse sal bevredig. (TAT-2; Columbus-24.)

Aangesien die seun homself handhaaf deur middel van intellektuele bekwaamheid, beskou hy konstruktiewe aktiwiteit en intellektuele sake van meer belang as ontspanning. Selfs kontak met sy portuurgroep word deur hom benader vanuit die oogpunt van kompetisie en prestasie. Sukses in die uitvoering van 'n taak word egter vir hom so belangrik dat hy heeltemal ontmoedig word indien hy onsuksesvol blyk te wees. Indien

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die frustrasie egter in die weg staan van die bevrediging van sy basiese behoeftes, is hy geneig om te volhard in sy pogings om die frustrasie te oorkom, en indien een manier nie slaag nie, probeer hy 'n ander. Hy het geleer dat indien hy volhard in sy pogings, hy wel bevrediging van sy behoeftes verseker. (TAT-3BM; Columbus-2, 14, 16, 18.)

b) Persoonlike en sosiale aanpassing

Persoonlike aanpassing

Die seun openbaar 'n redelike realistiese houding ten opsigte van sy eie vermoëns en bekwaamheid. Hy beskou homself as iemand wie sekere eise suksesvol kan hanteer, terwyl hy nie instaat is tot suksesvolle hantering van andere nie. Indien hy suksesvol is in 'n taak, moedig dit hom aan om dit in die toekoms weer aan te durf. Hierdie ingesteldheid van hom bring mee dat hy oor 'n realistiese en positiewe selfbeeld beskik. (Columbus-12, 14.)

Dit kom voor asof die seun ook 'n positiewe ervaring van sy liggaam het en dat hy die volwasse manlike beeld nastreef. Sekere aspekte rondom die gebruik van die hande skep egter vir hom probleme, en die moontlikheid van masturbasie moet oorweeg word. Hierdie optrede lei maklik tot die ontwikkeling van intense skuldgevoelens. Daar bestaan soms nog onduidelikheid met betrekking tot die eie geslagsidentiteit. Dit bring mee dat die seun heteroseksuele verhoudings moeilik kan begryp en hanteer. (DAP; TAT-13MF; Columbus-3, 5.)

Hoewel Peter 'n behoefte aan affeksionele en interpersoonlike kontak ervaar. ondervind hy probleme daarmee om betekenisvolle kontak aan te gaan, en distansieer daarvan. Die feit dat sy affeksionele behoeftes nie bevredig word nie, spoor hom verder daartoe aan om bevrediging vir sy behoeftes binne die intellektuele sfeer te soek. Die vorming van 'n eie identiteit wat gedurende puberteit in aanvang neem, word dus in hierdie seun gevorm om die intellektuele as kern en uitgangspunt. (TAT-10, DAP; Columbus-24.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die seun se onsekerheid ten opsigte van sekere aspekte van sy bekwaamheid, asook die bevrediging van sy affeksionele en afhanklikheidsbehoeftes, lei daartoe dat hy probleme ondervind met die uiting van aggressie. Dit is vir hom bedreigend om overt aggressief te wees teenoor die moeder wie sy enigste konstante bron van liefde en sekuriteit verteenwoordig, en hy poog om die uiting van aggressie teenoor haar te voorkom en uiting van sy aggressie op sosiaal aanvaarbare wyses te bevredig. Aggressie teenoor die moeder kom wel op subtiele wyse na vore, deurdat hy probeer om voordeel uit haar te trek sonder dat hy veel van sy kant of bydra. (DAP; TAT-6BM, 8BM, 20.)

Peter wil graag onafhanklik van sy ouerhuis optree en in kontak met sy portuurgroep tree, maar sal bevrediging van hierdie behoefte liewer totaal en al prysgee, indien dit nie sy moeder se goedkeuring wegdra nie. Die belangrike plek wat sy moeder in sy lewe inneem, tree steeds na vore. (Columbus-7, 13.)

Sosiale aanpassing

Die verhouding met die ouers

Hierdie seun se ervaring van beide sy ouers is dat hulle voortdurend beperkinge op al sy handelinge plaas, en dat sy behoeftes in die gevalle nie in aanmerking geneem word nie. Dit kom voor asof hy sy vader as meer gemoedelik in hierdie verband beleef het, as wat met sy moeder die geval is. Indien Peter belangstelling in die intellektuele toon, of bewys kan lewer van suksesvolle optrede, word daar minder beperkinge op sy handelinge geplaas. Hierdie toedrag van sake, asook sy afgestorwe vader se ingesteldheid op die intellektuele bekwaamheid van sy seun, dra by tot Peter se positiewe houding teenoor intellektuele sake. (TAT-1, 2, 5, 12M, 14; Columbus-9, 13.)

Aangesien daar tog in sekere van Peter se behoeftes voorsien word, het hy genoeg sekuriteit ontwikkel om die ouers soms

© University of Pretoria

wel teë te gaan in hul wense. Hy probeer om dit sonder hulle medewete te doen, maar het reeds geleer dat al sou hulle sy oortreding ontdek, werp dit soms tog goeie vrugte af, en daar word minstens gedeeltelik in sy behoeftes voorsien. Indien daar erkenning aan sy behoeftes gegee word, gee Peter sonder teenkanting sy samewerking (TAT-1; Columbus-2, 13.)

Hoewel Peter graag onafhanklik wil optree en sy eie behoeftes wil bevredig, wil hy hom ook nie sy moeder se afkeur op die hals haal nie. Hy voldoen graag aan haar wense, en wil dat sy optrede haar goedkeuring wegdra. Sy moeder se houding teenoor hom is vir die seun van belang, aangesien sy as gevolg van die afsterwe van sy vader, sy enigste konstante bron van liefde en versorging verteenwoordig. (TAT-14; Columbus-7, 10.)

Aangesien Peter voel dat sy moeder eerder op haar behoeftes as syne ingestel is, wil hy van sy kant af nie veel bydra tot sy verhouding met haar nie. Hy hoop om bevrediging van sy behoeftes by sy moeder te ontvang, sonder dat te veel van hom geëis word. ($DAP_2$; TAT-6BM.)

Dit kom voor asof Peter van sy afgestorwe vader min leiding ontvang het met betrekking tot die hantering van eise en die bevrediging van eie behoeftes. Ook sy moeder voorsien bykans geen leiding in hierdie verband nie, met die gevolg dat Peter op eie stoom maniere tot suksesvolle funksionering en behoeftebevrediging ondersoek. Wanneer hy in 'n vreemde situasie geplaas word, toon hy egter behoefte aan sy vader. (TAT-1; Columbus-12.)

<u>Die verhouding tot die portuurgroep en emansipasie</u>

Peter het 'n positiewe instelling teenoor die toekoms en wil graag die onbekende elemente daarin ontdek en van naderby ondersoek. Hy wil graag op onafhanklike wyse funksioneer maar voel dat dit nie sy vader se goedkeuring weggedra het

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie, en tans ook nie sy moeder s'n wegdra nie. Die bekende word egter mettertyd vir hom eentonig, en hy besef ook dat alle behoeftes nie binne die bekende en veilige omgewing van die ouerhuis bevredig kan word nie. (TAT-14, 17BM; Columbus-1, 15.)

Die seun wil hom egter nie sy moeder se ontevredenheid op die hals haal deur sy pogings tot emansipasie nie. Aanvanklik ondersoek hy onbekende aspekte binne sy bekende omgewing en wil sy persoonlike stempel daarop afdruk, maar soek sy moeder se goedkeuring in hierdie verband. Sy behoefte aan haar goedkeuring is sterk, maar so ook sy behoefte aan emansipasie en ontdekking van die onbekende. Hy hanteer hierdie ambivalente situasie deur die onbekende, en wel die totaal onbekende, sonder sy moeder se medewete aan te durf. Peter vind hierdie ervarings aangenaam en bevredigend en dit spoor hom aan om in die toekoms weer so op te tree. (Columbus-5, 9, 10, 11, 12, 13.)

Daar bestaan by die seun 'n behoefte aan kontak met sy portuurgroep en dit kom voor asof hy op hierdie gebied wel bevredigend kontak maak. Isolasie van die portuurgroep word as onaangenaam beleef. Peter is egter bereid om sy kontak met die portuurgroep op te offer, ten einde sy moeder sy goedkeuring en aanvaarding te verseker. Dit kom voor asof daar wel soms struweling met die teenoorgestelde geslag voorkom, maar dit word afgehandel en hy koester dan geen wrok meer teenoor hulle nie. Die seun vind emansipasie op seksuele gebied egter bedreigend, en vrees dat hy in die opsig misbruik mag word. (TAT-13MF, 14; Columbus-3, 4, 5.)

Integrasie

Peter ervaar 'n sterk behoefte aan onafhanklike funksionering en emansipasie van die ouerhuis. Die herinneringe wat hy van sy vader het, en die interaksie wat hy tans met sy moeder het, laat hom besef dat hierdie optrede van hom nie die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ouers se goedkeuring wegdra nie. Die seun se behoefte aan onafhanklikheid is egter baie sterk, en aangesien die huisgesin gedeeltelik in sy behoeftes voorsien, ontwikkel Peter genoeg sekuriteit om wel soms teen die ouers se wense sekere dinge te doen en die onbekende aan te durf. Hy vind die onafhanklike funksionering, asook die kontak met sy portuurgroep aangenaam en bevredigend. Sy moeder keur egter nie altyd hierdie kontak goed nie.

Die seun wil egter nie sy moeder wie sy enigste konstante bron van liefde en sekuriteit is affronteer, en openlik teenoor haar in opstand kom nie. Gevolglik probeer hy hierdie behoeftes van hom sonder haar medewete bevredig. Hy ervaar egter aggressie teenoor haar omdat sy behoeftes nie deur haar in aanmerking geneem word nie. Die seun vrees egter dat sy negatiewe gevoelens teenoor sy moeder, werklik 'n negatiewe uitwerking op haar kan hê. Dit maak hom baie angstig, want in die afwesigheid van sy vader en sy broer wie tans diensplig doen, is hy totaal van haar afhanklik vir die bevrediging van sy affeksionele en afhanklikheidsbehoeftes. Peter verkies dan om bedags en snags gedurig in die teenwoordiheid van sy moeder te wees, ten einde te verseker dat sy niks oorkom nie. Hierdie toedrag van sake belemmer sy kontak met sy portuurgroep en sy pogings tot onafhanklike funksionering.

Hy voel skuldig as gevolg van sy aggressie teenoor sy moeder, en voel "vuil" omdat hy negatiewe gedagtes teenoor haar koester. Peter ondervind ook probleme met die hantering van sy ontwakende seksualiteit. Aangesien ontwikkeling tot seksuele volwassenheid gedurende puberteit dikwels masturbasie stimuleer, dra sodanige optrede van hom waarskynlik by tot skuldgevoelens. Natuurlik kan sy negatiewe wense ook omgekeer en op homself gerig word, vandaar sy vrees vir kieme. Die seun probeer om deur middel van die kompulsiewe handeling die uitvoer van die self- en sosiaal afgekeurde impulse te voorkom, en om so die gepaardgaande angs uit te skakel. Ten einde die negatiewe effek van sy gevoelens te vermy, rig Peter sy belangstelling op intellektuele en rasionele aspekte.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2. INTEGRASIE VAN DIE GEVALLESTUDIES

Die seuns oor wie daar in hierdie ondersoek gerapporteer word, ondervind almal aanpassingsprobleme wat waarskynlik presenteer as gevolg van die afwesigheid van hul vader. Elke seun benader egter sy probleme vanuit sy besondere situasie en probeer op sy unieke manier hierdie probleme hanteer en verwerk. Dit bring mee dat hulle waarneembare simptome verskillend mânifesteer. Indien die psigodinamika van elke geval egter intensief bestudeer word, word sekere gemeenskaplike elemente bespeur.

Hierdie ondersoek het aan die lig gebring dat indien die seun se vader afwesig is, die moeder die belangrikste persoon in sy lewe word. Sy is nou sy enigste konstante bron van liefde en sekuriteit. Dit is vir die seun belangrik om nie sy verhouding met haar te vertroebel nie, want dan stel hy die bevrediging van sy affeksionele en afhanklikheidsbehoeftes in gevaar. Hy probeer die moeder se guns wen deur aan haar eise te voldoen en nie verset of aggressie teen haar te toon nie - selfs al plaas sy ernstige beperkinge op die bevrediging van sy persoonlike behoeftes. Tydens puberteit ervaar die seun egter noodwendig die behoefte om onafhanklik van die ouerhuis te funksioneer, die onbekende wêreld te ontdek en intieme verhoudings met die portuurgroep aan te gaan.

Die mate van bevrediging wat die seun put uit sy verhouding met sy moeder, die mate van sekuriteit wat hy ervaar, asook die beskikbaarheid van plaasvervangende modelle wie as bykomende bron van sekuriteit en behoeftebevrediging kan dien, temper die seun se gedienstigheid aan sy moeder se eise, asook die mate waartoe hy kan oorgaan tot onafhanklike funksionering.

Peter het 'n positiewe verhouding met sy afgestorwe vader gehad, en beskou sy moeder tans as bevrediger van sy be-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hoeftes. Indien sy broer as bykomende bron van sekuriteit en behoeftebevrediging aanwesig is, ervaar Peter genoeg sekuriteit om op onafhanklike wyse die wêreld en sy uitdagings aan te durf en in kontak met sy portuurgroep te tree. Toe sy broer egter afwesig is as gevolg van nasionale diensplig, begin Peter aanpassingsprobleme toon en ontwikkel 'n kompulsiewe handelswyse. Hy vernou sy ervaringswêreld tot die huis en sy moeder en vrees dat hy en sy moeder benadeel mag word.

Louis het 'n bevredigende verhouding met sy afgestorwe vader gehad, en aanvaar tans sy moeder as bron van sekuriteit en liefde. Hy voel egter nie baie seker ten opsigte van die sekuriteit wat sy bied nie, en is baie versigtig om hom nie haar afkeur op die hals te haal nie, omdat hy dan sy sekuriteit verder bedreig. Hoewel hy 'n behoefte aan onafhanklike funksionering en kontak met sy portuurgroep ervaar, offer hy dit liewer op as om sy moeder te affronteer. Louis het sy broer mettertyd as bykomende bron van sekuriteit aanvaar, en toe sy broer Louis se afhanklikheidsbehoefte bevredig, ontwikkel die seun genoeg sekuriteit om sy kontak met sy portuurgroep sodanig uit te brei dat hulle ook as bron van sekuriteit kan dien, en hom kan bystaan in sy pogings tot onafhanklikheid.

Hoewel John 'n bevredigende verhouding met sy vader gehad het, het hy nie 'n bevredigende verhouding met sy moeder en sy broers opgebou nie. Hy ervaar nie genoeg sekuriteit om onafhanklik die wêreld en die onbekende te ontdek, of sy ervaringswêreld na die portuurgroep uit te brei nie. Die seun onderdruk die natuurlike drang wat die puber het na onafhanklikheid en kontak met sy portuurgroep.

Paul het nie enige positiewe herinneringe aan sy oorlede vader nie, en ervaar ook nie die verhouding met sy moeder

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as bevredigend nie. Hy het ook geen bevredigende verhouding met sy broer opgebou nie. Paul ervaar intense gevoelens van onveiligheid en toon geen gesonde behoefte om van die huis te distansieer en op onafhanklike wyse die onbekende te ontdek nie. Hy wend wel pogings aan om kontak met sy portuurgroep te maak, maar die is onsuksesvol omdat hy hulle probeer domineer.

Indien die seun nie ernstige ervarings van verwerping deur sy vader beleef het nie, en die moeder en plaasvervangende modelle hom genoegsame sekuriteit bied, kom die seun wie sy vader ontbeer het tot bevrediging van sy behoefte aan onafhanklikheid . Die uitbeweeg na die portuurgroep wat 'n sekere mate van onafhanklikheid vereis, word ook deur genoemde faktore beïnvloed. Peter en Louis gaan wel oor tot die opbou van betekenisvolle kontak met die portuurgroep. John beskik nie oor genoeg sekuriteit om sy ervaringswêreld na die portuurgroep uit te brei nie en Paul se gebrek aan sekuriteit en onsekerheid oor sy eie geslagsidentiteit, bring mee dat hy op so 'n wyse optree, dat sy portuurgroep hom verwerp.

Die belangrike rol wat die moeder en plaasvervangende modelle speel in die onafhanklikheidstrewe van die seun wie se afwesig is, tree sterk na vore. Ten einde hom van die bekende te kan distansieer en tot onafhanklike funksionering oor te gaan, benodig die seun 'n sekere mate van sekuriteit, en die wete dat die belangrike persone in sy lewe, minstens tot 'n sekere mate in sy behoeftes sal voorsien.

Die uitleef van aggressiwiteit wat veral deel uitmaak van die manlike stereotipe en 'n rol speel in de bemeestering van die uitdagings en eise wat die lewe bied, lewer vir hierdie seuns probleme. Slegs John kom soms tot die suksesvolle hantering van frustrasie, terwyl Paul, Louis en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Peter se benadering in die opsig passief van aard is, en hulle liewer sodanige situasies vermy. Dit spreek nie van volwasse en onafhanklike optrede om die wêreld en die eise en uitdagings wat hy bied op verantwoordelike wyse te hanteer nie.

Sekerheid met betrekking tot die geslagsidentiteit en toepaslike geslagsrolgedrag wat bydra tot gevoelens van sekuriteit binne kultuurverband, is nog nie by hierdie seuns gevestig nie. Hierdie onsekerheid bemoeilik die seun se onafhanklike funksionering binne portuurgroepverband, asook binne heteroseksuele verhoudings. Paul se negatiewe ervarings met sy afwesige vader het meegebring dat hy nog nie die moeder as identifikasiefiguur met die manlike beeld vervang het nie. Sy pogings om deur middel van dominering te probeer vergoed vir hierdie leemte en onsekerheid, lei egter tot verwerping deur sy portuurgroep.

Hierdie seuns wend hulle ook tot intellektuele bekwaamheid en prestasie, en hoop dat hulle daardeur meer sekuriteit sal vind, en bevrediging van hulle behoeftes sal verseker. Sukses word vir hulle baie belangrik en hulle raak ontmoedig indien hulle nie goed vaar in die uitvoering van 'n taak nie. John wie faal in sy pogings tot intellektuele prestasie se gevoelens van sekuriteit word hierdeur sodanig benadeel dat hy bang is om enige onbekende situasie te betree.

Die rol wat die seun se moeder, plaasvervangende model, asook bevestiging van sy eie bekwaamheid speel in sy onafhanklikheidstrewe, tree sterk na vore.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



HOOFSTUK 5

Die seun se vader en moeder is die twee belangrikste persone in sy lewe. Dit sal dus verbasend wees indien die afsterwe van die vader nie diepgaande invloed op die seun uitoefen nie. Die afsterwe van die vader bring mee dat die moeder noodwendig die belangrikste persoon in die seun se lewe word, asook sy enigste konstante bron van liefde en sekuriteit. Dit is dus bedreigend vir die bevrediging van die seun se affeksionele en afhanklikheidsbehoeftes om in konflik met sy moeder te verkeer. Tydens puberteit ervaar die seun 'n behoefte aan onafhanklikheid en kontak met sy portuurgroep. Die seuns oor wie daar in hierdie ondersoek gerapporteer word, het egter die bevrediging van hierdie behoeftes prys gegee indien hulle optrede in hierdie verband nie hul moeders se goedkeuring weggedra het nie. Aangesien hierdie seuns twyfel oor hulle sekuriteit ervaar, en die moeders nie sensitief was met betrekking tot hulle behoeftes nie, het hierdie seuns aanpassingsprobleme begin toon. Pikunas (1961) stel tereg dat afwesigheid van die vader, gepaardgaande met onsensitiwiteit ten opsigte van die puber se behoeftes bydra tot emosionele ongemak en spanning in die kind, en sy gesonde funksionering versteur.

Al vier seuns wie in hierdie ondersoek geanaliseer is, het 'n neiging daartoe getoon om aggressie te blokkeer en/of op hulself te rig, eerder as om overt daaraan uitdrukking te gee. Hulle was veral versigtig om nie op overte wyse aggressie teenoor die moeder te toon nie. Dit het daartoe gelei dat die seuns probleme daarmee ondervind het om selfgeldend op te tree en hulle teen die wense van hul moeders te verset Hierdie bevinding ondersteun die standpunt van Henry en King (Rogers, 1969), wie vind dat wanneer die moeder die persoon is wie dissipline handhaaf, die uiting van aggressie te bedreigend vir die kind is. Die moeder is sy hoofbron van liefde en versorging, en indien aggressie teenoor haar getoon word, stel die seun bevrediging van hierdie behoeftes in gevaar. Indien die moeder dissipline handhaaf, reageer die kind met repressie en 'n niegeldende gedragspatroon. Henry en King vind dat wanneer die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



affeksionele en dissiplinêre funksies in dieselfde persoon gesetel is, die kind aggressie na binne keer en nie-geldend optree.

Die onsekerheid wat die seun ervaar met betrekking tot die bevrediging van sy affeksionele en onafhanklikheidsbehoeftes, veroorsaak dat hy baie afhanklik van sy moeder bly. Hy besit te min sekuriteit om die onbekende wêreld te ontdek en betekenisvolle kontak met sy portuurgroep op te bou. Hierdie toedrag van sake bemoeilik egter die seun se ontwikkeling tot 'n onafhanklike en verantwoordelike volwassene wie die lewe en sy uitdagings na die beste van sy vermoë probeer hanteer. Biller (Lamb, 1976) beklemtoon dat 'n te afhanklike verhouding met die moeder die seun gedurende puberteit strem in sy onafhanklikheidstrewe.

Puberteit is die stadium in die lewe waartydens die geslagsidentiteit gevestig word en die samelewing groter druk op die seun begin uitoefen met betrekking tot toepaslike geslagsrolgedrag. Sekerheid met betrekking tot die eie geslagsidentiteit en toepaslike geslagsrolgedrag bied aan die persoon gevoelens van sekuriteit binne sy kultuurverband. (Rogers, 1969; Biller en Meredith, 1974.)

Die seuns wie in hierdie ondersoek psigodiagnosties geëvalueer is, toon nog nie sekerheid met betrekking tot hul geslagsidentiteit nie, en hulle ontvang geen konstruktiewe leiding ten opsigte daarvan uit hulle omgewing nie. Onsekerheid in hierdie verband blyk die sterkste te wees indien die seun onaangename ervarings van sy afwesige vader het, en sy moeder en/of plaasvervangende modelle nie aan hom die nodige leiding en sekuriteit bied nie. Hierdie seuns beleef almal 'n vertraagde sekondêre geslagsrypwording met die gevolg dat hulle nie deur middel van fisiese krag en 'n indrukwekkende voorkoms, bevestiging van hulle eie manlikheid kan vind nie.

In hierdie ondersoek het geblyk dat plaasvervangende modelle 'n

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



groot bydrae kan lewer tot die normale funksionering van die seun wie sy vader ontbeer. Indien 'n ander manlike persoon, byvoorbeeld 'n ouer broer, sekere van die funksies wat vroeër deur die vader behartig is oorneem, en as bykomende bron van sekuriteit vir die seun dien, kom hierdie seun wel tot onafhanklike funksionering. Dit sluit aan by die bevindinge van Santrock (1970a) en Wohlford et al (1971) dat seuns met ouer broers manliker is as seuns wie net ouer susters het. In hierdie ondersoek het egter geblyk dat die seun 'n bevredigende verhouding met sy broer moet hê, en hom as outoriteitsfiguur moet aanvaar.

Die rol wat die portuurgroep inneem in die seun se strewe na onafhanklik en volwassenheid kan nie verontagsaam word nie. Volgens Leiderman (Lamb, 1976) het die seun wie 'n vader ontbeer, minder bevredigende portuurgroepverhoudings as waar die seun se vader aanwesig is. Hy is van mening dat 'n manlike geslagsrolinstelling by hierdie seuns ontbreek. Geslagstoepaslike gedrag is baie belangrik in die vorming van vriendskappe tussen laerskoolkinders. Indien die seun nie aan die norme van die portuurgroep konformeer nie, word hy geïgnoreer en verwerp. Biller en Meredith (1974) vind dat indien die seun onseker voel oor sy eie manlikheid, wat maklik met die seun wie se vader afwesig is gebeur, die seun soms daartoe geneig is om sy portuurgroep te domineer. Dit lei natuurlik tot verwerping deur die portuurgroep. Hierdie ondersoek het aan die lig gebring dat indien die seun oor die nodige sekuriteit beskik om sy ervaringswêreld na sy portuurgroep uit te brei, en hy 'n mate van sekerheid ten opsigte van sy geslagsidentiteit ervaar, hy tog kom tot die opbou van bevredigende portuurgroepverhoudings. Indien die seun egter intense ervarings van onsekerheid oor sy geslagsidentiteit ervaar, is hy daartoe geneig om sy portuurgroep te domineer.

Positiewe kontak met die portuurgroep bring mee dat die seun sy vriende as bykomende bronne van sekuriteit kan benut. Wanneer die puber distansieer van die veilige omgewing van die ouerhuis en begin eksperimenteer met onafhanklikheid, beskik hy nog nie oor die nodige sekuriteit om dit gemaklik te doen nie, en soek

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ondersteuning van sy portuurgroep. (English en Foster, 1962.)

Biller (1971b) is van mening dat indien die seun wie se vader afwesig is, sterk gemotiveer is om manlik te ontwikkel, hy daarin sal slaag indien hy genoegsame geleentheid gebied word om in interaksie met sy portuurgroep te verkeer. Die outonomie en selfgelding wat deur die portuurgroep aangemoedig word stu die seun voort na onafhanklikheid, en voorsien ook manlike rolmodelle. Die seuns in hierdie ondersoek wie bevredigend kontak met die portuurgroep gemaak het, kon sover kom om hulle teen die wense van hul moeders te verset ten einde die onbekende wêreld te ontdek.

Wolff (1969) beweer dat dood en afwesigheid min of meer dieselfde effek op die kind het, omdat 'n kind oor die algemeen 'n tydelike skeiding as 'n permanente verlies ervaar. Hoffman (1971) gaan sover om te beweer dat swak identifikasie met 'n aanwesige vader, dieselfde dog ietwat minder uitgesproke kenmerke toon as waar die vader afwesig is. Die behoeftes en probleme wat die seuns oor wie in hierdie ondersoek gerapporteer is tydens puberteit ervaar, kan dus ook verwag word by die seun wie se vader tydelik afwesig isasook by die seun wie 'n swak identifikasie met sy vader het. Hierdie studie kan dus ook van waarde wees ten einde voorligting te gee aan moeders van sodanige seuns.

Dit is noodsaaklik dat die seun gedurende puberteit begin eksperimenteer met onafhanklikheid van die ouerhuis. Die seun se behoefte aan emansipasie en onafhanklikheid is 'n natuurlike en gesonde krag wat hom voortstu om te ontwikkel tot 'n onafhanklike en verantwoordelike volwassene. Interaksie met die portuurgroep bied aan die seun oefening in hierdie verband en dra by tot gevoelens van sekuriteit. Identifikasie met die portuurgroep bevorder ook die seun se manlike ontwikkeling. Moeders is oor die algemeen meer as vaders daartoe geneig om hul seuns oor te beskerm. Aangesien die vader wie hierdie optrede van die moeder gewoonlik uitbalanseer afwesig is, moet die moeder haarself in hierdie opsig dissiplineer en haar seun die vryheid bied om

© University of Pretoria

kontak met sy portuurgroep op te bou, en onafhanklik die wêreld en sy eise te begin ondersoek.

Ten einde daartoe instaat te wees om sy drang na onafhanklikheid te bevredig, benodig die seun egter 'n genoegsame mate van sekuriteit, en die wete dat die ouerhuis as veilige hawe steeds in sy behoeftes sal voorsien. Hy benodig hierdie versekering ten einde hom teen sy moeder te kan verset en op sy eie die onbekende aan te durf. Die moeder moet sorg dra dat haar seun verseker voel van haar liefde en versorging, sodat hy die gesonde distansiëring van die ouerhuis en die bekende kan uitvoer.

Die seun se vader is die persoon in sy lewe teenoor wie hy sonder verlies van liefde en sekuriteit, op 'n veilige wyse verset en aggressie kan toon. In die afwesigheid van die vader, benodig die seun 'n persoon teenoor wie hy hierdie gevoelens en optrede kan ventileer en kan leer om dit sinvol te hanteer. Dit is die moeder of 'n plaasvervangende model se taak om aan die seun hierdie geleentheid te bied, sonder dat die seun voel dat die bevrediging van sy affeksionele behoeftes bedreig word. Die moeder moet besef dat die onafhanklikheidstrewe van haar seun 'n gesonde en normale verskynsel is, en sy moet hom daarin ondersteun. Die verset wat haar seun toon spreek nie van verwerping teenoor haar nie, maar is 'n voorvereiste tot gesonde selfgelding en onafhanklike funksionering.

Ambivalensie vorm deel van die seun se ontwikkeling tydens puberteit. Hy wil onafhanklik van die ouerhuis wees, maar wil tog verseker wees van die moeder se liefde en beskerming, omdat hy nog nie oor genoegsame sekuriteit in homself beskik nie. Die moeder moet haar seun die vryheid bied om te eksperimenteer met sy onafhanklikheid, terwyl hy nogtans verseker is van die bevrediging van sy affeksionele en afhanklikheidsbehoeftes.

Plaasvervangende modelle wie vir die seun as identifikasiemodel en as bykomende bron van sekuriteit kan dien, is vir die seun wie

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy vader verloor het van onskatbare waarde in sy onafhanklikheid-strewe. Die seun het dan, soos wanneer sy vader aanwesig is, 'n bykomende bron van sekuriteit en kan hom hierteen verset sonder dat hy die moeder wie sy bron van liefde en versorging is, affronteer. Weliswaar is sy dan ook nie die seun se enigste bron van behoeftebevrediging nie, met die gevolg dat onenigheid met haar vir die seun minder bedreigend is. Die moeder kan 'n groot bydrae lewer tot die normale ontwikkeling van haar seun deur hom by te staan met die opbou van 'n bevredigende verhouding met 'n ouer broer of ander manlike model. In hierdie studie is gevind dat 'n ouer broer hierdie taak besonder goed kan verrig.

Die afwesigheid van die vader plaas groot verantwoordelikheid op die moeder ten opsigte van die gesonde en normale ontwikkeling van haar seun. Indien sy egter besef wat die seun tydens puberteit ervaar, en sensitief is ten opsigte van sy behoeftes, kan sy haar seun so bystaan dat hy tot 'n produktiewe en verantwoordelike, onafhanklike volwassene ontwikkel.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ABELIN, E.L. : 1975 : Some further observations and comments on the earliest role of the father. International Journal of Psychoanalysis, Vol. 56, 293-302.

ANTHONY, S. : 1971 : The discovery of death in childhood and after. London: The Penguin Press.

ANTHONY, E.J. and KOUPERNIK, : 1973 : The child in his family. Vol. II New York: John Wiley & Sons.

BACH, G.R. : 1976 : Father-fantasies and father typing in father separated children. Child Development, Vol. 17, 63-80.

BAKWIN, H. and BAKWIN, R.M. : 1972 : Behavior in children. U.S.A.: Saunder's Company.

BALDWIN, A.L. : 1967 : Theories of child development. U.S.A.: John Wiley & Sons.

BEE, H. : 1978 : Social issues in developmental Psychology. New York: Harper & Row.

BILLER, H.B. : 1970 : Father-absence and the Personality development of the male child. Developmental Psychology, Vol. 2 181-201.

BILLER, H.B. : 1971a : The mother-child relationship and the father-absent boy's personality development. Merrill-Palmer Quarterly, Vol. 17, 227-241.

BILLER, H.B. : 1971b : Father, Child and Sex Role. Massachusetts : Heath & Company

BILLER, H.B. and BAHM, R.M. : 1971 : Father absence, perceived maternal behavior and masculinity of self-concept among junior high school boys. Developmental Psychology, Vol. 4, 178-181.

BILLER, H.B. and MEREDITH, D.: 1974 : Father power. New York: David McKay Company

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BLANCHARD, R.W. and BILLER, H.B. : 1971 : Father availability and academic performance among third-grade boys. Developmental Psychology, Vol. 4, 301-305.

BOWLBY, J. : 1960 : Grief and mourning in infancy and early childhood. The psycho-analytic study of the child, Vol. 15, 9-52.

BOWLBY, J. : 1961 : Processes of mourning. International Journal of Psychoanalysis. Vol. 42, no. iv and v, 317-340.

BOWLBY, J. : 1969 : Attachment and Loss. Attachment, Vol. I. London: The Hogarth Press.

COHEN, L.J. and CAMPOS, J.J. : 1977 : Father, Mother and stranger as elicitors of attachment behaviors in infancy. Developmental Psychology, Vol. 10, 146-154.

DONINI, G.P. : 1967 : An evaluation of sex-role identification among father-absent and father-present boys. Psychology, Vol. 4, 13-16.

DU TOIT, S.I. en PIEK, J.P. : 1974 : Die Tematiese Appersepsietoets. Pretoria: Academica.

ENGLISH, O.S. and FOSTER, C.J. : 1962 : Fathers are parents too. New York: Belmont Books.

ERIKSON, E.H. : 1950 : Childhood and Society. New York: W.W. Norton.

FURMAN, E. : 1974 : A child's parent dies. U.S.A.: Yale University Press.

HAWORTH, M.R. : 1964 : Parental loss in children as reflected in projective responses. Journal of Projective Techniques, Vol. 28, 31-35.

HETHERINGTON, E.M. : 1966 : Effects of parental absence on sex-typed behaviors in Negro and White preadolescent males. Journal of Personality and Social Psychology, Vol. 4, 87-91.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HETHERINGTON, E.M. and DEUR, J.L. : 1971 : The effects of father absence on child development. Young Children, Vol. 27, 233-248.

HOFFMAN, M.L. : 1971 : Father-absence and conscience development. Developmental Psychology, Vol. 4, 400-406.

HURLOCK , E.B. : 1959 : Developmental Psychology. U.S.A. McGraw-Hill.

KOPPITZ, E.M. : 1968 : Psychological Evaluation of children's Human Figure Drawings, New York: Grusse & Stratton.

LAMB, M.E. : 1975 : Fathers: Forgotten contributors to child development. Human Development, VOL. 18, 245-266.

LAMB, M.E. : 1976 : The role of th father in child development. U.S.A.: John Wiley & Sons.

LANDOLF, P. : 1968 : Kind ohne Vater. Zwitzerland: Hans Huber.

LANGEVELD, M.J. : 1969 : The Columbus. New York.

LAWTON, M.J. and SECHREST, L. : 1962 : Figure drawings by young boys from father present and father absent homes. Journal of Clinical Psychology, Vol. 18, 304-305.

MAIER, H.W. : 1969 : Three theories of child development. U.S.A.: Harper International.

MARRIS, P. : 1958 : Widows and their families. London: Routledge & Kegan Paul Ltd.

MARSELLA, A.J. and DUBANOSKI, R.A. and MOHS, K. : 1974 : The effects of father presence and absence upon maternal attitudes: Journal of Genetic Psychology, Vol. 125, 275-263.

McCORD, J., McCORD, W. and THURBER, E. : 1962 : Some effects of paternal absence on male children. Journal of Abnormal and Social Psychology, Vol. 64, 361-369.

MISCHEL, W. : 1961 : Father-absence and delay of gratification. Journal of abnormal and social Psychology, Vol. 62, 116-124.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

MITSCHERLICH, A. : 1969 : Society without the father. U.S.A.: Tavistock Publications.

MURRAY, H.A. : 1933 : Thematic Apperception Test. U.S.A.: Harvard University Press.

MUSSEN, P.H. and RUTHERFORD, E.E. : 1963 : Parent-child relationships and parental personality in relation to young children's sex-role preferences. Child Development, Vol. 34, 589-607.

PALMER, J.O. : 1970 : The Psychological assessment of children. U.S.A.: John Wiley & Sons.

PESKIN, H. : 1973 : Influence of the development schedule of puberty on learning and ego functioning. Journal of Youth and Adolescence, Vol. 2, 273-290.

PIKUNAS, J. : 1961 : Human Development: A science of human growth. U.S.A.: Mc Grawhill.

PINCUS, L. : 1974 : Death and the family: New York: Pantheon books.

ROGERS, D. : 1969 : Issues in Child Psychology. California: Wadsworth Publishing Company.

SANTROCK, J.W. : 1970a : Paternal absence, Sex Typing, and Identification. Developmental Psychology, Vol. 2, 264-272.

SANTROCK, J.W. : 1970b : Influence of onset and type of paternal absence on the first four Eriksonian developmental crises. Developmental Psychology, Vl. 3, 273-274.

STOLZ, L.M. : 1966 : Old and new directions in child development. Merrill-Palmer Quarterly, Vol. 12, 221-232.

TASCH, R.J. : 1952 : The role of the father in the family. Journal of experimental education, Vol. 20, 319-361.

VARMA, Ved. P. : 1973 : Stresses in children. London: University Press.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

WOHLFORD, P., SANTROCK, J.W., BERGER, S. and LIBERMAN, D. : 1971 : Older brothers' influence on sex-typed, aggressive, and dependent behavior in father-Absent children. Developmental Psychology, Vol. 4, 124-134.

WOLFENSTEIN, M. : 1966 : How is mourning possible? The psychoanalytic study of the child, Vol. 21, 93-123.

WOLFF, S. : 1969 : Children under stress. London: The Penguin Press.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SAMEVATTING

## DIE INVLOED VAN DIE VADER SE AFSTERWE OP DIE ONAFHANKLIK=HEIDSTREWE VAN DIE SEUN IN PUBERTEIT

deur

JOHANNA ELIZABETH MARGARETHA COETZEE

PROMOTOR: DOKTOR J P PIEK
DEPARTEMENT SIELKUNDE

GRAAD: MAGISTER ARTIUM

Hierdie ondersoek is daarop gerig om die invloed van die vader se afsterwe op die onafhanklikheidstrewe van die seun in puberteit te bepaal. Ten einde 'n beeld te vorm van wat so 'n seun ontbeer, is daar 'n oorsig gegee met betrekking tot die rol wat die vader speel in die ontwikkeling van sy seun.

In die ondersoek is vier seuns wie tans in hul puberteitsfase is, wie se vaders reeds 'n geruime tyd oorlede is, psigodiagnosties geëvalueer. Daar is bevind dat hierdie seuns as gevolg van 'n gebrek aan sekuriteit, probleme daarmee ondervind om van die moeder te distansieer. Hulle offer die bevrediging van hul eie behoeftes aan onafhanklikheid en kontak met die portuurgroep op, indien dit nie hul moeders se goedkeuring wegdra nie. Indien 'n plaasvervangende model as bykomende bron van sekuriteit dien, funksioneer hierdie seuns mak=liker op onafhanklike wyse.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SUMMARY


## THE INFLUENCE OF THE DEATH OF THE FATHER ON THE PUBERTY BOY'S STRIVING TOWARDS INDEPENDENCE



by

JOHANNA ELIZABETH MARGARETHA COETZEE

PROMOTER: DOCTOR J P PIEK
DEPARTMENT PSYCHOLOGY

DEGREE: MAGISTER ARTIUM



This research project is aimed at determining the influence which the death of the father has on the puberty boy's striving towards independence. In order to form a picture of what such a boy has to forego, a survey is given of the role of the father in the development of his son.

In this survey four boys whose fathers were deceased, and who were in the puberty phase, were psychodiagnostically evaluated. It has been found that these boys, due to a lack of security, experience problems in distantiating themselves from their mothers. They sacrifice the satisfaction of their needs for independence and contact with the peer group, if their mothers do not approve. Where a surrogate model serves as an additional source of security, the boy finds it easier to function independently.


© University of Pretoria